**DIE BEATLES BLY BY ONS**

# vrye weekblad

28 OKTOBER - 10 NOVEMBER
R5,00


**ONAFHANKLIK ● ONVERBONDE ● ONVERSKROKKE**



## 'N VREDESPRYS HIERVOOR?

Oorsake, aard en oplossings vir geweld

ISSN 1015-9649


Die TV is op die koffie. Die alarmstelsel slaap rustig. Die swembad het g'n saak met skoonmaak. Skoenrieme breek. Jeans krimp. Knope spring op die onmoontlikste tye van jou hemp af. En as sy net wou bel sou jy nie jou antwoordmasjien hoef gaar te luister nie. Ja-nee, jy kan maar sê ek waardeer die dinge in die lewe wat werk.

# Die lewe kan net lekkerder wees met die nuwe Corolla.

Jy kan enige van die nuwe Corollas op enige stuk pad vat en self voel hoe lekker die lewe regtig kan wees.

Skop af met die ratse 130. Hy't 'n enjin wat daarvan hou as jy voet in die hoek sit, en hy sal vir jou 'n lewendige vertoning gee wat gekoppel is aan merkwaardige brandstofdoeltreffendheid.

Volgende aan die beurt is die multi-klep 160i met elektroniese brandstofinspuiting. Hy's net so tuis in spitsverkeer as op die lang pad en hy sal sorg dat jy nooit in enige situasie onkant betrap word nie.

En dan is daar die nuwe Corolla 180i. Sy dubbelbonokas-enjin is 'n regte grootmeneer met versnelling wat jou na jou asem sal laat snak en sorg dat stadsverkeer, steiltes en sleep lag-lag kafgedraf kan word. Maar selfs met al die krag is 'n rit in die 180i verrassend glad en stil.

Maar ons het nie al die aantrekkingskrag van die nuwe Corolla onder die enjinkap weggesteek nie. Die kajuit is propvol van die weelde en gerief wat jy verwag, terwyl die bakwerk nou spog met strelende, aërodinamiese lyne.

Maak jouself tuis in iets waarop jy regtig kan vertrou en vind uit hoe lekker die lewe regtig kan wees.

**Alles loop reg, altyd reg**

**TOYOTA**
C O R O L L A




COROLLA REEKS: 130, 160i GL, 160i GL OUTO, 160i GLE, 180i GL, 180i GLE, 180i GSE, 180i GSE OUTO, 180i GSX. TOLVRY INFOLYN: 0800 139111

# GEE U BESTUURSGELEENTHEDE 'n HUPSTOOT MET UNISA SE FUNDAMENTELE BESTUURSPROGRAM (FBP)

REGISTREER VOOR 27 NOVEMBER.

Unisa se Nagraadse Skool vir Bedryfsleiding (SBL) se Fundamentele Bestuursprogram oorbrug die gaping in bestaande bestuurontwikkelingsprogramme. Dit verbreed die kennisgrondslag van junior bestuurders en kleinsakeondernemers regoor die spektrum van handel en nywerheid deur die klem te plaas op vereiste vaardighede.

**Die nuutgefokusde FBP rus deelnemers toe met bestuursgerigte insig wat hulle help om alle funksies van bestuur op toetreevlak doeltreffend te hanteer.** Dit bied ook meer omvattende begrip van bestuursbeginsels en -praktyk en lê sodoende 'n grondslag vir toekomstige vordering op die korporatiewe leer. Die FBP verskil van tradisionele benaderings deurdat dit bestuursontwikkeling in 'n pragmatiese, resultaatgedrewe lig beskou. Klem word op die ontwikkeling van vaardighede en persoonlike ontwikkeling geplaas - die gevolg van intensiewe navorsing wat by 22 vooraanstaande Suid-Afrikaanse ondernemings gedoen is. Programteorie word aangevul deur 'n praktiese benadering tot bestuur.

Ingesluit by die program is 'n gespesialiseerde Personeelbestuurskeuserigting vir deelnemers wat belangstel in 'n loopbaan in menslike hulpbronbestuur.

Die FBP begin op 1 Februarie en duur 9 maande.


Vir u FBP programbrosjure met volledige besonderhede, skryf asseblief aan:

Die Mededirekteur: FBP
SBL Unisa
Posbus 392
Pretoria 0001
Of skakel Deanna Vogét
by 012-322-6777
(Faks 012-320-0421)



SBL
NAGRAADSE SKOOL VIR BEDRYFSLEIDING
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

LEIERSKAP IN DIE PRAKTYK




**11** Toe kol Ivor Human virClive Derby-Lewis arresteer vir moord het die vurige politikus net daar flou geval.

vrye weekblad

28 OKTOBER 1993

TWEEDE REEKS Nº 10




**13** Opsies vir 'n einde aan die geweld raak vinnig minder. Is die enigste uitweg 'n buitelandse taakmag?



**28** Afrikaanse kabaret floreer nou soos die Berlynse kabaret in die Weimar-republiek - in dieselfde atmosfeer van nood, angs, onsekerheid en ontevredenheid.



**34** Die Beatle-revolusie van die sestigerjare het nog nooit gaan lê nie. 'n Derde geslag koop en luister nog net so gretig na die musiek van vier ventjies uit die onderdorp van

**BRIEWE VAN ONS LESERS** 52

**KORTBEGRIP** 6

**POLITIEK**

POPCRU BAAN DIE PAD 9

**AKTUEEL**

DIE JACKPOT-SINDROOM 18
DEMOKRASIE IN AFRIKA 20
GESLAG EN AGGRESSIE 24
BLOED WAT SUIWER 25

**OMGEWING**

DIE OERKNAL DUUR VOORT 22

**BOEKE**

PRINSLOO: MEESTERLIKE KOMPLEKSITEIT 43
VAN SEKS GEPRAAT 44
ODE AAN ONDAATJE 45
BEHR OOR 'APPELS' 46

**KUNS EN VRMAAK**

BRECHT WORD KOSJER 29
MALKOVICH BETREE HOOFSTROOM 33
SODERBERGH SE JONGSTE FILM 39
TEATER- EN MUSIEKRESENSIES 38
FILMRESENSIES 40

**RUBRIEKE**

MYNS INSIENS 8
KLASSIEKE OPNAMES 42
FYNPROE 47
WYNPROE 48
ONTDEK 'N EETPLEK 48
KLIPOOG 50
BROLLOKS EN BITTERGAL 51

**SPORT**

AMERIKAANSE VOETBAL 49

**LAASTE SÊ**

GENL JOHAN BURGER OOR POLITIEK EN DIE POLISIE 54

# kortbegrip

## mense en dinge

**Ruilhandel:** In haar outobiografie vertel Helen Suzman van die eienaardige gemene grond wat sy en FW de Klerk tydens haar afskeidsbesoek aan hom gevind het. Toe sy hom herinner dat wigte en teenwigte nodig is om die misbruik van mag deur die meerderheid te stuit, sê FW: "Ah, I see you have become a Nat." Nee, antwoord Suzman: "You have become a Prog."

**Hoor stemme:** Tony Yengeni, ANC se Wes-Kaapse organiseerder, het gesê hy hoor stemme dat Derby-Lewis en Waluz nie moet hang nie, maar hy en nog ander top-funksionarisse van die ANC gaan baie hard betoog dat die twee moordenaars van Chris Hani onder die ANC se post-27 April-regering ná 'n Neuremberg-tipe verhoor gehang word. Die "stemme" wat Yengeni hoor, is o.a. dié van Carl Niehaus wat amptelike ANC-beleid verkondig.

**Moere sonder raad:** Die Aartappelraad gaan op 1 Januarie ontbind wanneer die aartappelskema beëindig word. Beteken dit nou elke boer vir sy eie moer?

**Lywige getaway:** Twintig groot vroue het laasweek 'n rokwinkel in Braamfontein binnegestorm, die assistente in 'n aanpaskamer gevange gehou en met R9 200 se klere in een taxi weggejaag. Die operasie het 'n anderhalf minuut geduur.

**Cherchez la femme:** In 'n ondersoek na die "sukses" van vroulike afgevaardigdes in die Onderhandelingsraad sê afgevaardigdes hulle voel "meer positief oor vroulike teenwoordigheid" omdat hulle (vroue) nuwe insigte en bydraes begin lewer het met gebalanseerde standpunte en algemene konsensus; dat hulle meer geduld en groter deursettingsvermoë (as mans) het; dat hulle sekere regte onderskep het wat andersins verlore sou gaan; dat hulle gender-sake aangepak het, dat hulle 'n lewende voorbeeld van gelykheid was en dat hulle manlike antagonismes verminder het deur bloot net daar te wees.

**Is, issie:** Ontwikkelingsbank se voorsitter Wiseman Nkuhlu kondig 'n makro-ekonomiese beleidmodel vir mense-ontwikkeling in SA aan en Jay Naidoo met sy kenmerkende kneejerk-reaksie sê die dokument het geen status nie, want niemand het vir niemand hieroor geraadpleeg nie. Nkuhlu sê die dokument is oor nege maande met politieke partye en georganiseerde arbeid (Jay s'n inkluis) onderhandel.

**Lynch 'n Bell-tyd:** Swaargewigte kom die verkiesing se twee swaargewigte onderrig. In die een hoek vir die ANC die New Yorkse whizz-kid Bill Lynch, wat David Dinkins tot burgemeester van New York gepromoveer het. In die ander hoek vir die NP sir Tim Bell, wat Maggie Thatcher nie minder nie as drie keer tot premierskap gepromoveer het. Altwee sweer hul manne gaan die kampioenskap vat.

**Afrika roep:** Swaargewig-verkragter en bokser Mike Tyson wil in Afrika kom woon waar die witmensreg nie sal geld nie. Al so vuisvoos dat hy nie eens weet nie verkragting is in Afrika onder swartmensreg óók 'n misdaad?

**Wapenvredé:** Yacoob Abba Omar, nuwe hoof van Krygkor se openbare betrekkinge, en liefhebber van Picasso en Matisse, sê: "It's because of my commitment to peace that I've joined Armscor, which is beginning to play a critical role in regulating and setting standards for the arms industry within the goals of a new government." Wag tot die duif van *Guernica* in Krygkor se voorportaal hang.

**Maak 't ernst:** Met die groot toedoe oor 'n nuwe vlag vir Suid-Afrika het die simbole-kommissie een ding reggekry met hul ses voorstelle: 'n nagmerrie vir enige naaister. Nou hoekom nie vir ontwerper en kenner Ernst de Jongh eenvoudig sê nie: dé, doen die ding en los die amateurs uit die hele spul.




Sowetan

## koerante sê

**BEELD, 19 OKTOBER:** Die SA Weermag is 'n aktiewe uitvoerder van soms omstrede regeringsbeleid. Dit maak van die Weermag 'n instelling wat in die politieke vaarwater kan beland. As die twee portefeuljes (Verdediging en Justisie) onder verskillende Ministers resorteer, sal die nodige wigte en teenwigte ingebou word. Optredes wat 'n potensiële onversoenbaarheid tussen veiligheidsoptrede en Justisie inhou, sal daardeur met veel groter omsigtigheid benader kan word.

**SUNDAY TIMES, 24 OKTOBER:** When a co-winner of the Nobel Peace Prize agrees to unleash his security forces for one last, kragdadige kill-fest, the best explanation is to be found in the need to answer taunts from his rightwing enemies that he is limpwristed; when his co-winner of the Peace Prize calls him a terrorist, it is vain to try to reconcile terror and limp wrists. Electoral politics steers all. Electoral politics steers Cosatu to proclaim a general strike, and the taxi-drivers and their sudden allies to make a show of opposing a rise in the petrol price.

**SUNDAY NATION, 24 OKTOBER:** There is an urgent need for the government to declare the actual state of the country's finances, because we fear that many NP members who have been resigning, retiring or changing parties may be doing so in preparation to tread the chicken run - to some comfortable farm in South America.

**SUNDAY STAR, 24 OKTOBER:** In the struggle against apartheid, the myth grew that the rest of the world would shower us with largesse once the struggle was won.... Governments will no doubt hand out what little aid they can afford. But the big money will stay away until we earn it by rooting out violence as well as the sick mentality that we are somehow entitled to handouts without working for them.

**SOWETAN, 22 OKTOBER:** The commission (Commission on National Symbols) is the kind of body that if asked to design a horse, comes up with a camel. The resulting endeavours are six designs for a flag and a hybrid of Nkosi Sikelel' iAfrika and Die Stem as national anthem.

**THE STAR, 18 OKTOBER:** Repeal of the land laws of 1913 and 1936 which reserved more than 87 persent of the land for whites, is not enough. ...The preponderant economic power of the white minority is a major impediment to landless and, for the most part, moneyless blacks. One way of responding to the challenge is through the establishment of a land claims court to hear pleas for restoration or reparation from the dispossessed. The land court option has one clear commendation: it will be able to balance the rights of the landless against those of existing landowners.

vrye weekblad

**REDAKTEUR**
MAX DU PREEZ

**MEDE-REDAKTEURS**
INA VAN DER LINDE
MARTIE MEIRING

**POLITIEKE REDAKTEUR**
HENNIE SERFONTEIN

**KOPIEREDAKTEUR**
JOHANNES BRUWER

**ONTWERP**
ANTON SASSENBERG

**BOEKEREDAKTEUR**
WILLIAM PRETORIUS

**FOTOREDAKTEUR**
SALLY SHORKEND

**VERSLAGGEWERS**
LOUIS KIRSTEIN
ESMA ANDERSON
CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN
VIRGINIA KEPPLER
BEVERLEY MITCHELL

**ADVERTENSIEBESTUURDER**
ELIZE VILJOEN

**FINANSIËLE BESTUURDER**
MARK BEARE

**ADMINISTRATIEWE BESTUURDER**
JOEY FLEETWOOD

**REDAKSIE-ASSISTENT**
NARIKE LINTVELT

**KANTOOR-ASSISTENTE**
JOSEPH MOETAESI
VERNON ZULU

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/40168/06) van Carolinestraat 91, Brixton. Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113, die telefoonnommer is **(011) 837-7017** en die faksnommer **837-3567.** Die Pretoria-kantoor se nommer is **(012) 83-4879** en die faksnommer is **83-2181**

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR PROMEDIA-PUBLIKASIES, MARKSTRAAT 324, WALTLOO, PRETORIA



# so sê hulle

*"Dit laat my terugdink aan die jaar toe Albert Luthuli die Nobelprys vir vrede ontvang en die SAUK geweier het om die nuus uit te saai... Het ons nie sedertdien 'n lang pad gekom nie?"*
**NADINE GORDIMER** oor die nuus dat Nelson Mandela en FW de Klerk saam dié prys gewen het

*"Ek dra die prys op aan al die dapper mense van my land, swart en wit, wat só baie gely en verduur het."*
**NELSON MANDELA,** president van die ANC


*"My hande is nie met bloed bedruip nie. Ek gebruik my hande, my verstand en elke greintjie krag om te werk vir vrede."*
Staatspresident **FW DE KLERK**

*"Twee mense is vandag ter dood veroordeel. Hul vonnis bring nie my man en ons pa terug nie. Daarom sal dit aan my geen verskil maak nie of die vonnis voltrek gaan word of nie."*
**LIMPHO HANI,** weduwee van Chris Hani, ná die hofsaak

*"Dit is onregverdig om die AWB en ander 'crackpots' as deel van die KP te beskou. Die KP is teen geweld as politieke instrument."*
**CLIVE DERBY-LEWIS** in 'n onderhoud met Radio 702 in 1990

*"Many of them are pygmies. They have no policy, domestic or foreign. They cannot govern the country. They are steeped in lies."*
**MIKHAIL GORBACHEV** oor die politici in Boris Yeltsin se regering


*"Die Voortrekkermonument is 'n simbool van die Afrikaner se stryd teen die Britse imperialisme en ons swart nasionaliste het nogal heelwat simpatie daarvoor omdat ons ook onder die Britte gely het. Die Voortrekkers kan tog nie die skuld kry dat die monument later 'n simbool van apartheid geword het nie."*
**PETER MOKABA,** ANC-jeugleier, oor nasionale simbole




**Andy in *The Star*.**

# het jy geweet?

**Die wêreld se ontginbare reserwevoorraad ru-olie is volgens die Amerikaanse Oil and Gas Journal sowat 999,2 miljard vate. Dit is so versprei - Noord-Amerika: 84 miljard vate, Sentraal- en Suid-Amerika: 69,1 miljard vate, Wes-Europa: 14,7 miljard vate, Oos-Europa en voormalige Sowjet-Unie: 58,6 miljard vate, Midde-Ooste: 662,6 miljard vate, Afrika: 59,9 miljard vate, Verre Ooste en Oseanië 50,2 miljard vate.**




**Margulies in die Amerikaanse blad *Record***

*"We want a policeman to be someone you can ask directions from, not someone to throw petrol bombs at."*
**WINNIE MANDELA** by 'n saamtrek van Popcru (Police and Prisons Civil Rights Union) in Soweto

*"If I die, I die. I told everybody to bring a mop and shovel just in case."*
**SL POTTER,** 'n 100-jarige Kaliforniër voor sy eerste bungee-sprong - wat hom die wêreld se oudste bungee-springer gemaak het

## MYNS INSIENS



MAX DU PREEZ

# DAAR'S ALTYD GELUK BY DIE ONGELUK

DIE rooi ligte flits nou wragtig oral, sê 'n neerslagtige nyweraar met 'n frons en ernstige stres om sy mondhoeke dié week aan my.

Cosatu is nou die stert wat die ANC-hond swaai; en die Vryheidsalliansie het die regses se posisie só verstewig dat ons hulle nou hul sin sal moet gee, sê hy erg bedruk en hy kyk so skuins na die reisagent op die hoek.

Suid-Afrikaners, veral die wit variëteit, het darem 'n neiging om die negatiewe in alles te sien.

Dis 'n ou karaktertrek. Uit my kinderjare op die Vrystaatse platteland kan ek nog onthou dat daar nooit 'n goeie reënseisoen was nie: dit was altyd te min of te veel of te hard of te sag of te vroeg of te laat.

En nou dat ons begin demokratiseer, rol Suid-Afrikaners nog meer as tevore rond in die modder van vrees, selfbejammering en slegte nuus. Soos 'n hond in 'n verotte karkas.

Dit is so dat die Vryheidsalliansie ('n naam wat Connie Mulder se tone sou laat krul van lekkerkry) die verskillende regse groepe - die Afrikaner Volksfront, Inkatha, Ciskei en Bop - se posisie strategies versterk het.

Dit is ook so dat die Nasionale Party met die April-verkiesing derde kan kom ná die Vryheidsalliansie, dis nou as hulle deelneem.

Maar dis nie noodwendig net slegte nuus nie.

Kyk wat het ook gebeur met die stigting van die alliansie: die regse wit partye, wat ons oor die laaste paar jaar leer ken het as opperste rassiste, staan nou in alliansie met swart groepe - iets wat nie eens van die Nasionale Party of die DP gesê kan word nie. As dit nie rassisme gaan ondermyn nie, gaan niks dit regkry nie.

Al klaar het die Volksfront sy handtekening gesit agter 'n verklaring dat hulle teen rassisme en rassediskriminasie is. Daardie handtekening bind ook wildewragtigs soos Ferdi Hartzenberg, Schalk Pienaar en Tienie Groenewald - selfs tot 'n mate die AWB, want die Volksfront is nou regtig die enigste regse show in die dorp.

Die alliansie van regse Zoeloes, Afrikaners, Tswanas en Xhosas kan net die xenofobie onder dié groepe ondermyn.

Desperate mense is gevaarlike mense. Dit is waar van Inkatha en die Volksfront, om nie eens van Oupa Gqozo te praat nie. Nou staan al dié groepe in hul alliansie veel sterker en voel hulle hulle het 'n stem. Dit kan hulle net meer selfversekerd maak, en selfversekerde mense is beter onderhandelaars.

Toe die nuus uitlek dat die Volksfront en die ANC gesels, het Constand Viljoen en Hartzenberg baie gou 'n einde daaraan gemaak. Maar skaars drie weke later is dié bilaterale gesprekke sonder enige fanfare hervat - onder die vaandel van die Vryheidsalliansie.

Dit is ook nie negatief nie dat die eise van regse groepe soos veral Inkatha en die Volksfront sterker en met meer gesag gestel word, want om dié eise sommerso oor die hoof te sien, is gevaarlik. Toe die alliansiepartye los onderhandel het, het die ANC hulle nie juis ernstig opgeneem nie, en ná die stigting van die Vryheidsalliansie is daar klaar aanduidinge van groter toegemoetkomendheid.

Daar is natuurlik nadele ook verbonde aan 'n regse groepering wat te sterk staan, maar kom ons kyk vandag net na die positiewe.

Die ander geval wat die nyweraar genoem het, Cosatu se skielike nuwe onafhanklikheid van die ANC, is ewe tersaaklik.

Dit was 'n betekenisvolle oomblik toe Cosatu laasweek aankondig dat hy 'n nasionale staking gaan hou as die ANC en die regering voortgaan met die waarborg dat staatsamptenare hul werk in die oorgangsperiode gaan behou en met 'n klousule oor arbeidsreg. Dit is die eerste tasbare teken dat die werkers, tot nou die ruggraat van die ANC-alliansie, hulle nie ná 'n verkiesing as die diensknegte van die nuwe regering gaan gedra nie.

Cosatu is die grootste enkele constituency in die land wat met sy 1,2 miljoen lede verreweg die meeste werkers verteenwoordig. Skeep dié mense af, en onstabiliteit is Suid-Afrika se voorland. Hul stem moet dus helder en duidelik gehoor word, veral nadat Suid-Afrika sy eerste verkiesing gehou het.

Cosatu se nuwe onafhanklikheid verseker ook die basiese diversiteit wat Suid-Afrika in sy politiek nodig het. Homogene, reusagtige magsblokke was nog nooit goed vir die demokrasie nie.

Die vakbonde se stemdikmaak kan ook tot gevolg hê dat die ANC se onderhandelaars voortaan meer sensitief vir die swart grassroots gaan wees wanneer hulle so oorhaastig saam met die regering deals maak.

Nog 'n voorbeeld van slegte nuus wat eintlik nie slegte nuus is nie, is die groeiende gewildheid van die polisie- en tronkbewaardersunie, Popcru. Hoewel dit die SA Polisie op die oomblik in 'n krisis gedompel het met meer en meer swart polisiemanne wat geskors word en manne in uniform wat Viva! skreeu vir Winnie Mandela, kan dit ook die manier wees waarop die polisiemag weer geloofwaardigheid in die townships gaan kry. Swart polisiemanne, wat meer as die helfte van die mag uitmaak, se primêre taak lê in die townships, en dis dáár waar die mense hulle as handhawers van wet en orde moet aanvaar. Dié aanvaarding is die sleutel tot die bekamping van geweld.

En so is dáár altyd geluk by die ongeluk.




**Dis wat nou van die blou mag teen die rooi gevaar geword het. 'n MK-SAKP-soldaat en 'n Popcru-lid omhels mekaar. (Foto: Clinton Asary)**

# Die polisie maak hul EIE REVOLUSIE

**Die verhouding tussen Popcru (Police and Prison Civil Rights Union) en die ANC het laas Saterdag 'n nuwe wending gekry toe Winnie Mandela en Gregory Rockman van Popcru saam 'n byeenkoms in Soweto toegespreek het. INA VAN DER LINDE en LOUIS KIRSTEIN ontleed die SAP se groeiende krisis**

WAT vir die swart, bruin en Indiër-polisiemanne van Popcru 'n jolige tango is wat oornag hul aansien in die swart gemeenskap verhoog het, is besig om die polisiemag - waarvan meer as 60 persent nie wit is nie - behoorlik lam te lê.

Die Popcru-muitery het in die Oos-Kaap begin na die skorsing van 88 lede van die Motherwell-polisiekantoor. Dié week het dit verder uitgebrei en is nog 375 Popcru-lede wat in Port Elizabeth gestaak het, geskors.

Rocklyn Williams, direkteur van die Military Research Group, sê: "Hierdie is 'n afsplinteringsproses wat, noudat dit eers begin het, nie gaan ophou nie."

Popcru het nie net 'n noue verhouding met die ANC en MK nie. Die PAC-sterkman en nasionale organiseerder, Maxwell Nemadzivhanani, het op Saterdag se byeenkoms gesê die dag is vinnig op pad dat Apla-koeëls nooit weer teen swart polisiemanne gebruik sal word nie.

Aan die ander kant is Inkatha bitter ongelukkig oor die nuwe toenadering tussen swart polisiemanne en Inkatha se politieke vyande.

Kenmerkend van Popcru se jongste optog, waar lede van die beweging saam met MK-soldate opgetree het, is dat hulle hul magsbasis in die polisie besef en ook weet dit is net 'n kwessie van tyd voor die beweging gewettig word.

WANT DAT HULLE gewettig gaan word, word nou selfs deur senior polisie-offisiere erken. Presies hoe die polisie Popcru se toenemende gewildheid gaan benader, sal binne die volgende paar weke op die spits gedryf word wanneer die Wet op Arbeidsverhoudinge in die staatsdiens deur die parlement goedgekeur gaan word. Na verwagting kan die polisie binne die volgende weke die vakbond nie-amptelik erken, sodra die polisieregulasies verander word.

Volgens kapt Piet Brand van die polisie se afdeling Gemeenskapsverhoudinge is die polisie se regsafdeling reeds besig om na die regulasies te kyk. Die wet sal voorsiening maak vir die bestaan en erkenning van werknemerorganisasies soos Popcru, 'n feit wat die "ou manne" in die polisie kwaai teenstaan. Brand sê die stigting van nog 'n polisievakbond word reeds beplan.

Die doel is nie dat die nuwe vakbond as teenvoeter vir Popcru moet dien nie, sê Brand. So 'n nuwe vakbond sal aan sekere professionele voorwaardes moet voldoen, soos dat dit geen stakingsregte sal hê nie, spesifiek op die polisie gemik sal wees, en a-polities sal wees.

"Die gevaar is dat wanneer politieke partye betrokke raak by 'n polisie-vakbond, kan dit in 'n soetlief-vereniging verander. Wanneer die party in 'n nuwe bedeling die werkgewer word, kan jy nie teen hom optree nie, omdat hy so betrokke by die vakbond is."

Volgens die voorgestelde wet sal die hoogste rang in die vakbond 'n kolonel mag wees. Range van brigadier af boontoe word as deel van die bestuur van die polisie beskou en nie langer as werknemers nie. Hy voorsien ook 'n vakbond vir die werkgewer soortgelyk aan die Amerikaanse polisiehoofde s'n. Enige lid wat nie besef dat vakbonde 'n integrerende deel van 'n toekomstige polisiemag gaan wees nie, leef met sy kop in die sand. "Vakbonde sal help met die verbetering van die polisie se salarisse en ander interne probleme."

Senior polisie-offisiere sê aan *VWB* deur Popcru te erken en met hulle te onderhandel, kan die legitimiteitsprobleem in die townships opgelos word. Popcru-lede het reeds op verskeie byeenkomste hul solidariteit met die gemeenskap uitgespreek en gesê hulle wil die gemeenskap dien: wat ook die grondslag vir die nuwe polisiestrategie van gemeenskapspolisiëring is.

Die "hardliners" in die polisie sê egter Popcru ▶

is besig om net soos die Nasionale Party gedoen het, die polisie by politiek in te sleep. "Popcru is besig om die polisie se geloofwaardigheid te vernietig, en dit is die laaste ding wat ons nou kan bekostig."

MAAR HOE GAAN dit die posisie van Popcru en die bestaande tweespalt in die polisie beïnvloed? Popcru se krag word reeds in die omgewing van Port Elizabeth deur die polisie gevoel nadat daar vroeër vanjaar met grootskeepse stakings in die omgewing gedreig is indien van Popcru se lede na Johannesburg verplaas word.

Uiteindelik is niemand verplaas nie. Daarna het die beweging by twee geleenthede sy krag in die Johannesburg-omgewing gewys, en hoewel woordvoerders van die polisie sê dit is meestal net "kitskonstabels", het die jongste byeenkoms die teendeel bewys.

Williams sien die "opstand" van swart polisiemanne teen die stelsel as positief, omdat dit uiteindelik kan bydra tot die aanvaarding van die polisie in die townships. Dit kan die begin wees van gemeenskappolisie, wat betrokke is by die gemeenskap en omgee vir wat daar gebeur.

Maar vir die vreedsame oorgang na 'n nuwe bedeling is hierdie 'n "kommerwekkende situasie", sê Williams. Dit is belangrik dat die polisie lojaal is aan die oorgangsregering. Daar is in elk geval 'n lae samehorigheidsvlak in die polisie. Terwyl al hoe meer swart polisiemanne vir die ANC kies, skaar wit polisiemanne op die platteland hulle aan die kant van die regtervleuel.

"Deel van die probleem," sê Williams, "is dat die polisie nie sentraal beheer word nie. Die oorgangsproses kan egter bestuur word en kragdadige optrede soos skorsings gaan nie help nie. Die probleem van swart polisiemanne wat tot dusver die spit van die wantroue in die polisie in die townships moes afbyt en wat nou opstaan en sê hulle het genoeg gehad, sal nie weggaan deur hardhandige optrede nie."

WILLIAMS IS TEN gunste van vakbonde in die polisie, soos wat dit orals in Europa die geval is. Dis belangrik dat sulke vakbonde 'n breë basis het en nie net tot een politieke groepering behoort nie. Hy voorsien dat dit met Popcru gaan gebeur sodra die verkiesing verby is.

Ook prof Deon Fourie van Strategiese Studies, Unisa, is ten gunste van vakbonde vir die polisie. In Engeland byvoorbeeld was die polisievakbond, die Trade Union Congress, nog tot onlangs by die Arbeidersparty geaffilieer.

"Vakbonde bied 'n kanaal vir mense om hul griewe te lug, anders grommel almal in die kombuis en die baas weet nie wat aangaan nie totdat die ketel ontplof. Dit is wat nou hier gebeur."

Die erkenning van vakbonde en behoorlike professionele regulering hiervan, is al wat die probleem gaan oplos. Die groot vrees is dat die polisie nou eensydig wil herstruktureer sonder om Popcru hierin te erken.



**Twee uniforms, een hart: MK- en SAP-lede saam op 'n Popcru-vergadering in Soweto. (Foto: Veli Nhlapo)**

# NOU LAAT POPCRU DIE POPPE DANS

**DIE dae toe Popcru net uit die rebel-polisieman van die Kaapse Vlakte, luitenant Gregory Rockman, en 'n paar aanhangers bestaan het, is lankal vergete. Popcru het die laaste paar jaar gegroei van 'n handjievol tot 'n krag waarmee rekening gehou moet word. Dié krag het die beweging die laaste paar weke duidelik gewys.**

**Die eerste rebelse optrede van Popcru teen die einde van Augustus vanjaar in Johannesburg het min indien enige respek by die polisie se topstruktuur afgedwing. In plaas van die probleme aan te spreek is die lede geskors en is dit afgemaak as 'n "klein groepie kitskonstabels" wat hulle met Popcru vereenselwig.**



**Gregory Rockman**

**Enkele weke later het Popcru in Port Elizabeth standpunt ingeneem teen die moontlike verplasing van sy lede na Johannesburg. Popcru het met 'n staking begin wat die streekkommissaris van die polisie in die Oos-Kaap, genl-maj Daan Hugget, genoop het om die verplasing terug te trek. Polisiewoordvoerders het agterna ontken dat hulle toegegee het aan Popcru se eise.**

**Die krisis is net opgelos toe 88 Popcru-lede van die Motherwell-polisiekantoor geskors is. Uit simpatie met dié lede het nog lede begin staak, wat tot die skorsing van nog 375 lede gelei het. Die 88 polisiemanne van Motherwell het reeds in die hof verskyn. Hulle saak is tot 17 November uitgestel. Teen die tyd wat hulle voorkom, is die wetgewing op Arbeidsverhoudinge in die staatsdiens dalk al reeds deur die parlement goedgekeur en werknemerorganisasies vir die staatsdiens erken.**

**Hoe die polisie die tameletjie sal hanteer van polisiemanne wat in hof moet verskyn op wetgewing wat reeds verval het, is 'n probleem wat vorentoe hoofbrekings kan veroorsaak.**

**In 'n verrassende wending het Hugget 'n memorandum waarin hy Popcru se eis om met die Minister van Wet en Orde, Hernus Kriel, in gesprek te tree, onderteken.**

**Die skorsing van die 375 polisiemanne het tot landwye optogte deur Popcru gelei. Vroeëre dreigemente deur polisie-bevelvoerders dat streng teen die lede opgetree gaan word, is in die wind geslaan toe talle polisiemanne verlede naweek landwyd aan stakings deelgeneem het.**



Kolonel Ivor Human en speurder adjudant-offisier Mike Holmes voor die Randse Hooggeregshof. (Foto: Sally Shorkend)

# 'TOE VAL CLIVE FLOU'

**Aan die spits van die ondersoek na die moord op Chris Hani was kolonel Ivor Human, distriksbevelvoerder van die Oos-Randse Moord en Roof-afdeling, en sy kollega, speurder adjudant-offisier Mike Holmes. Hulle vertel aan ESMA ANDERSON hoe hulle die moordenaars vasgetrek het, dat hulle steeds glo die lys adresse was 'n teikenlys, en reageer op ANC-aanklagte dat die sameswering om Hani te vermoor, nie behoorlik ondersoek is nie**

**Dié groot en belangrike saak is baie vinnig opgelos. Die internasionale waarnemers is glo baie beïndruk met julle.**

*Human:* Ja, dis reg. Hulle het gesê die ondersoek is baie professioneel gedoen en die ondersoekspan was uitstekend, van die beste in die wêreld.

**Was die politieke oortuigings van die getuies (meestal regses) in geen stadium 'n struikelblok nie? Hulle moes tog mede-regses inkrimineer.**

*Human:* Nee, die getuienis in die saak was van so 'n aard dat die een ding basies na die ander gelei het. Dié mense het bykans in 'n oogwink met die hele sak patats uitgekom.

*Holmes:* Party van hulle het regsadvies gaan inwin voor hulle verklarings gedoen het en toe sommer met verklarings gekom wat hulle advokate opgestel het. Hulle was almal bang hulle gaan betrek word by iets waarby hulle in werklikheid nie betrokke was nie en net gebruik is, onwetend van wat sou gebeur. Soos die Durants [die egpaar wat getuig het dat die wapen by hul huis afgelewer is vir Clive Derby-Lewis, versteek in 'n trui]. Daai mense het nog nooit eens 'n parkeerkaartjie gekry nie. Hulle het nie geweet wat hulle tref nie.

**Ek hoor Waluz het maklik gepraat.**

*Human:* Nee, ons was nogal taai met hom.

*Holmes:* Hy het geen verklaring vir ons afgelê nie. Kyk, stel dit so, beskuldigde twee (Clive Derby-Lewis) is deur sy eie toedoen gearresteer. Ons het geweet wie is nommer twee. Jy sien, Maria Ras (Waluz se verloofde) het ons vertel hy het die dag van die moord twee keer gebel - net die volgende verdagte sou dít gedoen het.

**Hoe het julle mense soos die Durants opgespoor?**

*Holmes:* Clive - hy het hulle name, alles vir ons gegee. Hy het selfs Keity Darryll genoem (Derby-Lewis se vriend wat die pistool na 'n wapensmid geneem het om 'n knaldemper aan te sit).

**Het julle toe al geweet die wapen het van Clive Derby-Lewis gekom?**

*Holmes:* Kyk, die saadjie is gesaai toe ons by Maria Ras hoor dat Clive Derby-Lewis twee keer gebel het die dag van die moord.

**Maar julle het dit toe nie verseker geweet nie?**

*Holmes:* Nee, dit het later uitgekom.

**Hoe? By Waluz?**

*Holmes:* Jong, ek kan nie eintlik daaroor praat nie. Dit is niks onwettigs nie, sê maar deur die loop van Waluz se ondervraging het die vermoede ontstaan.

**Wat het gebeur die aand toe Clive Derby-Lewis gevang is?**

*Holmes:* Kolonel Human het homself voorgestel en Derby-Lewis in kennis gestel van die klagtes teen hom. Hy kon nie veel verder kom as om te sê ons het hom kom arresteer en die klag is moord nie, toe val Clive flou. Dit het 'n hele rukkie

geneem om hom by te kry, waarna ons die huis deursoek het.

**Het hy toe alles uitgelap?**

*Holmes:* Nee, ons het hom nie toe ondervra nie. Ons het die huis deursoek tot omtrent tienuur die aand.

**Maar hy het nie toe die klagte teen hom ontken of gestry oor hoekom julle hom kom arresteer het nie?**

*Holmes:* Nee, hy het dit nie ontken nie.

**Toe sê Clive Derby-Lewis vir julle waar die wapen vandaan kom?**

*Human:* Hy het groot geskrik. Met ondervraging, jy weet, dis 'n kwessie van dié man is nie 'n geharde krimineel wat weet hoe om te lieg nie. Nee wat, hy't met die hele sak patats uitgekom.

**Maar hy het nie toe 'n verklaring afgelê nie?**

*Holmes:* Nee, nie 'n formele verklaring nie. Daar is nooit in die hof 'n verklaring ingedien as getuienis nie. Sê maar dit was 'n soort van mondelinge verklaring.

**Hoe voel julle oor die ANC se kritiek dat die sameswering-deel nie goed genoeg ondersoek is nie?**

*Human:* Die prokureur-generaal, die buitelandse waarnemers en die ANC het insae gehad in al die getuienis wat ingekom het, hulle was ook inderwaarheid teenwoordig. So ook alle getuienis ten opsigte van mev Derby-Lewis. Jy weet, ons kan die saak maar net só ver vat. Die hof het bevind dat sy die voordeel van die twyfel moet kry.

**Hoe voel julle daaroor dat sy vrygespreek is?**

*Human:* Die gereg het sy gang gegaan. Dit is nou maar so, sy is onskuldig bevind en as die regter sy uitspraak gemaak het, moet ons ons maar daarby berus en kan daaroor geen kritiek lewer nie.

**Maar daar moes tog genoeg bewyse gewees het om dié klag in die eerste plek aanhangig te maak.**

*Human:* Dis vir die prokureur-generaal om te besluit en voordat hy 'n beslissing kan neem om haar aan te kla, moet daar darem wraggies genoeg getuienis wees.

*Holmes:* Daar was 'n *prima facie*-saak teen haar.

*Human:* Daar was darem al baie sake in die verlede waar persone wat in der waarheid skuldig was, onskuldig bevind is, maar ek kan nou nie in dié geval sê nie.

*Holmes:* Wat my betref, het die reg sy gang gegaan. Dis nou maar tot daarnatoe. Dit kon enige kant toe gegaan het. Jy weet, met die huidige regstelsel, as 'n persoon onskuldig bevind is, kan jy hom nie weer verhoor nie.

**Wat dink julle daarvan dat Gaye Derby-Lewis nou in regse kringe as 'n groot held behandel word?**

*Human:* Dis vir my moeilik.

*Holmes:* Ek dink dis bleddie swak smaak in any case. Dis amper asof hulle haar gelukgewens het. As dit alles waar is wat die koerante sê, dan moet 'n ou maar dinge daaruit lees en jou afleidings maak

**Om weer terug te kom na die sameswering. Dink julle dié saak is 'n uitsondering of maar die puntjie van die ysberg? Is daar nie miskien meer mense betrokke nie?**

*Human:* In dié saak, nee.

*Holmes:* Kyk daar was 'n groot ondersoekspan verbonde aan dié ondersoek en ek glo nie dat enige saak al meer intensief ondersoek is nie. As dit groter was, sou dit definitief aan die lig gekom het. Geen saak kan só 'n intensiewe ondersoek deurstaan nie.

*Human:* Ons het 23 persone in die veld gestoot. Ons is self apolities, maar het 'n span van manne wat die politieke sy ken, Misdaad Inligtingsdiens, betrek. Ons het so ver gegaan om te kyk na bewerings in die media oor buitelandse konneksies. Alles is ondersoek via Londen en Duitsland, ens. Al daai fasette is ondersoek. Ons het besef almal gaan sê hierdie ding gaan dieper as wat hy is.

*Holmes:* Van die eerste dag af, die Saterdag die tiende, het ons dwarsdeur gewerk tot die Maandagoggend om al die goed dadelik bymekaar te kry voor daar 'n skaap uit die kraal kan kom.

*Human:* Dit was dié hardloopwerk wat adjudant Holmes-hulle gedoen het, die opvolg, die onmiddellike forensiese ontledings, al hierdie getuienis was van kardinale belang. Mense wat gewoonlik nie oor naweke werk nie is opgeklop en onmiddellik beskikbaar gestel.

> **'Clive Derby-Lewis het met die hele sak patats uitgekom'**

**Dit was tog interessant dat daar wel indirek 'n verband gevind is tussen Clive Derby-Lewis - 'n sogenaamde gematigde regse - en Piet Skiet se mense wat die wapens by die Lugmagbasis gesteel het via Gene Taylor en Faan Venter. Dink julle nie daar steek meer daarin nie?**

*Human:* Ag jy weet, dis 'n regse groep. Hy het nou maar gedink hy gaan hierdie man nader vir 'n gun.

*Holmes:* Hulle, beweeg maar net in dieselfde kringe en hulle vertrou mekaar. Die beskuldigdes het maar net meer gematig voorgekom.

*Human:* Nee Mike, maar ons kan ons nou nie regtig daaroor uitlaat nie.

*Holmes:* Kyk, as jy geluister het in die hof, die regter het 'n goeie punt gemaak. Hy het gesê al die deel dieselfde sentimente, maar in die openbare lewe het jy dit nie gesien nie. Jy weet nooit hoe 'n mens is voor hy 'n daad pleeg nie.

**Hoe ernstig dink julle moet die regses opgeneem word?**

*Human:* Dis moeilik om te sê. Dit wissel van persoon tot persoon.

*Holmes:* As jy dit meet aan hierdie saak, dan moet jy hulle ernstig opneem.

**Wat sou gebeur het as Retha Harmse nie daai dag haar motor in trurat gesit het om die registrasienommer te lees en die polisie in kennis te stel nie?**

*Human:* As ons die inligting nie so vinnig gekry het nie, sou dit die taak tien keer meer bemoeilik het. Maar ek glo ons sou die saak gekraak het. Hoekom? Kyk, die meeste van die regses is nie werklik misdadigers nie. 'n Ou wat 'n absolute misdadige brein het of 'n psigopaat is, weet hoe om sy spore te verdoesel.

Maar dié land sou baie probleme gehad het as daai arrestasie nie so vinnig gemaak is nie.

*Holmes:* 'n Saak begin eers eintlik na die verdagte gearresteer is. In baie gevalle is die arrestasie nie die moeilikste deel van die saak nie.

**Is julle nog steeds oortuig daarvan die lys was 'n hitlist?**

*Human:* Ja, absoluut.

**Net omdat Holmes getuig het dat Waluz aan hom gesê het: "Mike, I think you found something that made you very happy"?**

*Holmes:* Laat ek dit eerder so stel, dit het Waluz in staat gestel om die huis te kry. Hy het die roete slegs geken soos dit op die kaart en die lys was. Die opsteller daarvan (Arthur Kemp, oud-joernalis van *The Citizen*) het dalk nie geweet waarvoor dit gebruik sou word nie, maar in my opinie was dit 'n hitlist, klaar.

**Is dit nie soms moeilik om regse sake te ondersoek omdat party van die ondersoekbeamptes dalk simpatiek staan jeens hulle nie?**

*Human:* Onder my bevel en tussen my mense bestaan daar beslis nie so iets nie. Almal word oor dieselfde kam geskeer - of hulle nou na links is en of hulle nou na regs is.

*Holmes:* Kyk ek het nou die dag vir 'n polisieman gesê my houding is as jy nie jou werk kan doen omdat dit in jou pad staan nie, moet jy nie 'n polisieman word nie. As dit teen jou grein is, moet jy dit nie eens oorweeg nie.

*Human:* Nee, dis mooi gestel, ek glo so. As jou politieke oortuigings inmeng met jou werk, los hom liewer. Dan moet jy weg.

*Holmes:* Jy kan nie altwee dien nie. In die nuwe Suid-Afrika is daar nie plek vir so 'n man in die polisiemag nie.

**Die ANC sê hulle sal die saak heropen as hulle aan bewind kom.**

*Human:* Ek dink ons het die saak na die beste van ons vermoë ondersoek en alle, alle beskikbare getuienis is voorgelê. ■



# EN WIE KRY DIE PRYS VIR BLOEDVERGIETING?

FOTO: GUY TILLIM/SOUTHLIGHT

Die Moeder van alle Ironieë: met die hoogste geweldsyfer ter wêreld wen Suid-Afrika se twee senior leiers die wêreld se mees gesogte vredesprys.

Is dit opperste sinisme? Het die wêreld só vals geword? Is dit dalk omdat die sowat 10 000 dooies die laaste drie jaar swartmense was? Of is dit 'n onsubtiele poging om Suid-Afrikaners aan te moedig om op te hou om mekaar uit te moor? Dalk erkenning vir die blote feit dat die twee manne 'n volskaalse revolusie in die land gekeer het?

Wat ook al die motivering, as Nelson Mandela en FW de Klerk nie gou 'n verbeeldingryke, daadwerklike meesterplan van stapel stuur om vrede in Suid-Afrika te bring nie, gaan volgende jaar se Nobelprys vir Vrede 'n belediging wees vir enige verdienstelike ontvanger daarvan.

As die toekenning van die prys as aanmoediging moes dien, sou Mangosuthu Buthelezi ook 'n mede-ontvanger moes wees - wat dit net meer absurd sou maak.

Buthelezi het pas sy rug gekeer op die mees ambisieuse poging om die geweld te stuit - 'n gesamentlike vredesmag. Sonder Inkatha-deelname kan dit nie veel sukses hê nie.

En nou staan Inkatha in alliansie met regse witmense - mense wat die vrou van Chris Hani se moordenaar lank en staande toejuig net ná die openingsgebed.

Daar is net ses maande oor voor Suid-Afrika sy eerste nasionale verkiesing moet hou.

Wye maatskaplike rekonstruksie is noodsaaklik, maar dit is 'n projek wat dekades neem. Op die kort termyn is 'n gesamentlike vredesmag, sterker dissipline by politieke leiers en volgelinge en die stuur van 'n internasionale vrede- of moniteringsmag die enigste voorstelle wat 'n verskil kan maak.

Geweld, veral dié tussen ondersteuners van die ANC en Inkatha en dié wat deur die gesigloses op niksvermoedende swart landsburgers gepleeg word, kan dié verkiesing onmoontlik maak, of laat uitloop op 'n fiasko soos wat ná Angola se eerste verkiesing gebeur het. ▶

# DIE BOOM VAN HAAT HET OU WORTELS



**MARTIE MEIRING volg die spoor wat tot die skoksyfers van moord en bloedvergieting lei**

'N MAGSTWIS met etniese ondertone tussen die ANC en Inkatha? Gewoon maar mense met 'n kultuur van geweld? 'n Derde Mag? Min sake is al so probeer uitpluis soos die oorsake van die huidige geweld.

Om die aard van die geweld te verstaan, moet die wortels daarvan in die strukturele foute in die gemeenskap as gevolg van kolonialisering en apartheid gesoek word, sê 'n kenner van geweld en sosiologiese patrone van die RGN, dr Chris de Kock.

Apartheid het die skeefheid in die magstrukture aangehelp, wat politieke ongelykheid, ongeregtigheid, minderheidsvrese, bitterheid, vooroordele en stereotipering vererger het.

Maar as 'n vlampunt gesoek moet word vir die huidige toestand, dan word dit teruggevoer tot die Totale Aanslag-beleid van die vroeë tagtigerjare.

Die apartheidstaat was onder beleg van binne en buite, en die bewind van PW Botha se antwoord was om aan die een kant die harte en gemoedere van die swart meerderheid te probeer wen met beter lewensomstandighede; en aan die ander kant om met noodtoestande, ingrypende wetgewing, massa-aanhoudings, dirty tricks en moordbendes van die polisie en weermag die lewe vir dié swartmense wat hulle by die weerstand van die UDF/ANC geskaar het, hel te maak.

Nie één van die strategieë van die Totale Aanslag het uiteindelik gewerk nie. Die UDF/ANC se antwoord op die onderdrukking was sterker weerstand, terwyl die harte-stelery doodgewoon misluk het omdat onwillige amptenare en ewe onwillige ministers nie so ver soos die militariste kon dink nie, en die planne vir ingrypende verbetering in behuising, skole en gesondheid het meestal op papier gebly.

Teen die tyd dat FW de Klerk die bewind oorgeneem het, had hy geen ander keuse nie as om te liberaliseer eerder as verder te onderdruk, en 2 Februarie 1990 en die momentum wat dié aankondiginge gebring het, was onafwendbaar.

Maar die skade was aangerig en die dekade tagtig kon nie so maklik ongedaan gemaak word nie. Die wonderlike belofte van selfregering in townships (as troosprys omdat die swartes nie in die driekamerparlement ingesluit was nie) het op 'n fiasko van korrupsie, haat en brutaliteit uitgeloop.

Twee meedoënlose noodtoestande waartydens selfs kinders onder veertien saam met geharde misdadigers aangehou is, het die saad gesaai vir vandag se sogenaamde lost generation. Die teenreaksie is dat geweld geromantiseer is, en slagkrete soos "ungovernability" en "liberation before education" is gebore.

Net laasweek het 'n Kaapse jeugleier met innerlike sekerheid aan die nasionale televisie verklaar: "We know this government understands only violence, nothing else."

Die politieke misbruik van die polisiemag en die gebrek aan dissipline wat tot rassistiese misbruik, marteling en selfs sluipmoord gelei het, het 'n erfenis nagelaat wat hom vandag nog manifesteer in die haat en agterdog teenoor die polisie in die townships.

MAAR EWE BELANGRIK is die ernstige versuim van die owerhede om met die demografie van die land tred te hou.

Instromingsbeheer is onder druk afgeskaf, en dit het tot die verstedeliking van miljoene mense uit tuislande en die platteland gelei.

Maar die staat het nooit 'n plan gehad om dit te hanteer nie, selfs nie na die waarskuwings wat verstedelikingsprobleme vóór die afskaffing van die paswette gerig het nie.

Die geweldige kultuurskok van plattelandse en stamgebonde swartmense wat hul skielik in stedelike townships en plakkerskampe bevind het, het dié gemeenskappe se stabiliteit ondermyn. Uitbuiting, kommunikasieprobleme, werkloosheid en die slumtoestande het dié kultuurskok vererger.

Die staat het eenvoudig nie voorsiening gemaak vir behuising, dorpsbeplanning, skole en klinieke vir dié groot toestroming van mense nie.

Die geweldgeteisterde townships aan die Oos-Rand, soos Tokoza, is 'n goeie voorbeeld van hoe dié omstandighede die geweld aanwakker. Die meeste mense is basies ongelukkig weens die slumtoestande en onvoldoende dienste. Daar is boonop groot werkloosheid, wat dié townships onveilig maak.

In dié atmosfeer broei kriminaliteit en konflik maklik uit, en die skeiding tussen misdaad en politieke geweld vervaag.

Dit het onmoontlik geword om polisiewerk behoorlik te doen. Deels weens die wantroue in die polisie. Die SAP se kru, hardhandige optrede die laaste weke teenoor polisiemanne wat tot Popcru behoort, versterk dié wantroue verder.

Anders as in 'n wit woonbuurt waar 'n inwoner bloot die telefoon kan optel as hy aangeval word of daar geweld in sy buurt is, is daar nie telefone in dié townships nie - en selfs al is daar, wil inwoners nie die polisie ontbied nie.

Daar is 'n tekort van minstens anderhalf miljoen huise. Oor sewe jaar, al begin hulle nou bou, gaan daar twee miljoen nodig wees. Desondanks, en verskeie behuisingsrade ten spyt, is oor die afgelope ses jaar geen noemenswaardige behuising voorsien nie.

As hostelle, oorblyfsels van die ou trekarbeidstelsel, nou nog by dié townshipsituasie gevoeg word, is dit 'n resep vir konflik en onstabiliteit.

Faktore soos wrywing tussen hostel- en townshipinwoner oor seggenskap oor die aard en karakter van die gebied wat hulle deel en die feit dat baie van die hostelle net Zoeloesprekendes huisves, het hostelle 'n maklike teiken vir Inkathakrygshere gemaak wat dit as vestings van Inkathamag gebruik.

Al dié omstandighede en faktore en agtergrond is op sigself 'n resep vir geweld en konflik. Gooi nou daarby die stryd om mag tussen die twee grootste swart politieke groepe, die ANC en Inkatha, in die aanloop na die eerste verkiesing volgende jaar, en jy het min of meer 'n verklaring van hoekom die geweldpleging week ná week voortduur.



# Koue syfers

NAAS Angola het Suid-Afrika nou die bloedigste oorlog ter wêreld: van Julie 1990 tot op 28 September 1993 het 9 325 mense in geweld gesterf en is 16 973 mense beseer in 9 878 geweldvoorvalle in die land.

Huidig kom die helfte van die gewelddadige sterftes in die land in die Oos-Rand voor, blyk uit 'n ontleding van die statistiek wat die Menseregte Kommissie al sedert 1990 hou.

Sedert Augustus 1990, toe 702 mense in daardie maand (ná die Pretoria Minuut onderteken is) gesterf het, het nóg vier maande hoë sterftesyfers gelewer - almal net nadat belangrike politieke verwikkelinge plaasgevind het: Maart 1992 ná die referendum is 437 mense dood; Julie 1993 ('n verkiesingsdatum vir volgende jaar word aangekondig) is 604 mense dood; in Augustus vanjaar (daar word op 'n oorgangsraad besluit) is 554 mense dood en in September (die parlement bekragtig die wet vir die oorgangsraad) is 479 mense dood.

In die Menseregte Kommissie se navorsing was 26 persent van al die voorvalle van geweldpleging dié waarby die veiligheidsmagte betrokke was. Die monitering toon dat dié magte 5,6 persent van die sterftes veroorsaak het en 31,5 persent van die beserings. 'n Gemiddelde van 724 mense is oor die laaste drie jaar deur die veiligheidsmagte gevang weens geweld.

Die Menseregte Kommissie het bevind dat professionele moordenaars 173 mense vermoor het, maar dat dié verskynsel baie afgeneem het teen die einde van die driejaar-tydperk.

Die regse elemente sou vir 0,6 persent van die moorde verantwoordelik wees, maar 3,2 persent van die beserings.

Sowat tien persent van al dié sterfgevalle was vroue en kinders, meen die Menseregte Kommissie. Altesaam 34 wit burgerlikes is sedert einde verlede jaar in geweld gedood.

Volgens die polisie is 804 mense tussen Mei en 19 Oktober aan die Oos-Rand dood en 329 beseer.


Elke dag sterf 9 mense aan die Oos-Rand, elke week sterf vier polisiemanne. Binne twee dae verlede week is vier polisiemanne in die Oos-Kaap en aan die Oos-Rand alleen dood.

Suid-Afrika het binne drie jaar vier en half keer méér mense in geweld verloor as wat in Noord-Ierland dood is. Maar kenners van revolusie glo Suid-Afrika bied 'n beter toekoms-scenario as Noord-Ierland omdat volgehoue onderhandelinge in Suid-Afrika plaasvind, selfs die bilaterale gesprekke met die groepe wat hulle nou aan die Wêreldhandelsentrum onttrek het.

# Die mag van die riemtelegram

**UIT die aard van die townshiplewe, waar geloofbare inligting nie redelik bekom kan word deur nuusuitsendings, telefone of koerante nie, het die riemtelegram, natuurlikerwys die vinnigste - en gevaarlikste - kommunikasiemiddel geword.**

**Ondanks die polisie se gemeenskapsfasiliteerders gedy die agterdog in townships teen die polisie. Die interne stabiliteitseenhede het geensins die geweldstoestande in die townships ontlont nie en is self gedurig die teiken van beskuldigings dat hulle geweld aanstig. Om geen verklaarbare rede nie het die SAP nog geen manier gevind om óf die gerugte oor sulke optredes, óf die waarheid daarvan te bewys nie.**



# DIE SLAGVELDE

DIE "slagvelde" van die voortdurende geweld is die PWV-gebied en Natal waar sedert die middeltagtigerjare 'n laegraadse oorlog gevoer word.

Die ANC en die IVP is hoofsaaklik die strydende partye, maar in Natal word stamgevegte nog steeds gevoer en dié verskynsel beduiwel die monitering van direkte IVP-ANC konfrontasie. Hierdie konfrontasie, wat aan die kern lê van die geweldsprentjie in die land, skiet sy eie raaisels op. Deur en deur politieke motivering, of blote intimidasie teen politieke affiliasies, is dit klaarblyklik nie, hoewel die politiek ten grondslag lê van die verskille. Stamverskille, gebiedsdispute, groepsdruk en sterk kulturele verskille speel ongetwyfeld ook 'n rol.

'n Beskuldigingskultuur het hom al diep ingegrawe in die ANC-IVP-konflik.Die een eis méér verliese, groter onreg en ook groter onskuld as die ander.

Maar op 20 September is 'n IVP-man, Goodman Msawake Ngcobo, byvoorbeeld in Natal ses keer die doodstraf opgelê omdat hy tien mense vermoor het, waaronder verskeie ANC-ondersteuners.

In Transvaal weer is 'n ANC-man, Michael Phama van Pholapark, twee weke gelede 21 keer lewenslange gevangenisstraf opgelê vir 21 moorde, waaronder 16 IVP-lede.

Die ANC tel op die oomblik net onder die 400 leiers wat deur die IVP vermoor is, en die IVP sê hulle het 300 leiers deur ANC-aanvalle verloor.

Die Oos-Rand, en veral Tokoza, ly in Transvaal die swaarste onder geweld. In die eerste drie weke van Oktober is 123 mense in Tokoza-Katlehong dood en "net" 20 in die res van die PWV. In dieselfde twee weke is 76 mense in Natal dood. (In die res van die land het 15 mense in geweld gesterf - onder meer in die aanval op die Apla-huis in Umtata.)

In Natal word gehuggies feitlik oornag uitgevee en dan stroom talle mense die heuwels in om skuiling waar ookal te vind.

In Tokoza en Katlehong staan sommige strate dolleeg met huise wat verbrand of verniel is. Mense word in gemeenskapsale gehuisves, of in die Natalspruit-hospitaal. Skole bly deurgaans leeg, of word baie swak bygewoon.

## Misdaad

Ander vorms van misdaad word onder die dekmantel van politieke geweld gepleeg. Kinderbendes sal motors stop om petrol te kry vir bomme vir die " vyand", maar maatskaplike werkers waarsku teen die dwelmgebruik onder dié bendes en sê petrol het 'n kommoditeit geword om geld in die hande te kry vir gom of ander middels.

## Treingeweld

Treingeweld het twee jaar gelede gelei tot die geloof dat 'n Derde Mag bestaan. In die townships was daar amper konsensus dat die regering se veiligheidsmagte agter dié mag skuil en dat die IVP deur die mag begunstig word. Dié vermoede is in die berugte Trustfeed-saak versterk.

Vanjaar het dit weer opgevlam, hoofsaaklik aan die Oos-Rand, waar vanjaar ook 19 voorvalle van sabotering van spoorlyne was. Naas AK-47-aanvalle, of mense wat bloot afgegooi word, word "Molotov cocktails" gegooi wat verspreide beserings veroorsaak. Die SAP beweer hulle het uit die ondervraging van twee SDU-lede ontdek dat die treinmoord van 6 Augustus, toe vyf ANC-ondersteuners vermoor is, gebeur het toe die aanvallers die verkeerde trein op Orlando gehaal en sodoende van hul eie politieke simpatiseerders vermoor het. Die twee SDU-lede word aangekla van moord op 5 mense en poging tot moord op 15.

## Taxigeweld

Taxigeweld is hoofsaaklik 'n interne wedywering om roetes en passasiers en taxi-squads is verantwoordelik vir die misdaad en sterftes onder hulle. Maar onlangs het die sogenaamde drive-by aanvalle uit motors en self taxis begin dui op politieke geweld.

# DERDE MAG BLY 'N RAAISEL

DIE Suid-Afrikaanse Polisie haal nou "bewyse" uit dat die geheimsinnige "Derde Mag" nie uit hul geledere kom nie. Maar self kan hulle nie verklaar wie dié gesiglose aanstigters van geweld is nie.

Die Goldstone-kommissie kon geen bewyse van 'n "Derde Mag" as 'n gestruktureerde destabiliseringspoging in die geweldstoestand vind nie. Maar townshipinwoners hou vol daar ís so 'n mag, erken die polisie.

In hul poging om beter, en in hul eie woorde oper, verhoudings met die gemeenskap te kweek om sodoende 'n veiliger klimaat te skep in die aanloop na die verkiesing, het die polisie vir die eerste keer 'n breedvoerige uiteensetting geskets van byvoorbeeld die geweld aan die Oos-Rand wat sedert Mei 1993 ononderbroke voortduur.

Spesiale spanne is ingespan om polisiewerk in dié gebied te doen. Sedert Mei vanjaar, toe die onrus in dié gebied opgevlam het, is 229 mense onder Noodregulasies aangehou. Onder hulle tel 165 ANC/SDU-lede (self defence units wat ANC-bande het), 24 IVP-lede, 4 PAC-lede, 4 onwettige immigrante, 7 spesiale konstabels,'n permanente lid van die SAP en 24 mense wat geen spesifieke politieke affiliasie getoon het nie. Sedertdien is 109 mense vrygelaat. Die meeste van dié wat nog aangehou word, is SDU-lede.

DIE STRYD BLYK hoofsaaklik tussen die SDU's en die IVP te wees, wat veroorsaak dat daar byvoorbeeld in Tokoza en Katlehong no-go areas is, en dis bekend dat Schoemanstraat in Katlehong 'n ANC-gebied is, en dat Kumalostraat in Tokoza voor die IVP se Madala-hostel IVP-gebied is. Dié afbakening van eie terreine veroorsaak klein oorlogsones, soos die spoorlyn wat by die Zoeloe-hostel in Katlehong gesaboteer is. 44 000 hostelinwoners kon nie treine gebruik om te gaan werk of om kos te koop nie, omdat die IVP-inwoners van die hostel deur SDU-blokkades verhinder is om alternatiewe roetes te gebruik.




Foto: Sowetan

**Verlede jaar het Transvaalse hospitale R19 miljoen bestee aan slagoffers van politieke geweld. Die hospitalisering van 'n slagoffer van AK 47-skietery kan tot R50 000 kos (daar is gevalle wat al tot nege maande in die hospitaal moes bly, ook vir rehabilitasie). Verlede jaar het Baragwanath, die grootste hospitaal in Afrika, 2 500 geweldslagoffers behandel. Dit het R8 miljoen gekos.**

Polisieondervraging dui ook daarop dat die massamoord wat op 21 September naby die Tokoza-hostel in Alrode plaasgevind het, teen 'n ANC-taxi gemik was. Dit blyk wraak te kon gewees het nadat SDU-lede 3 Zoeloes doodgemaak het en 'n taxi van Zoeloes aan die brand gesteek het. Dít weer was weerwraak vir aanvalle deur Zoeloes op die taxi-staanplek voor die Natalspruithospitaal waarin twee mense dood is.

Die polisie beskou die vonnis op 13 Oktober teen die ANC-lid Michael Phama (21 keer lewenslange straf vir 21 moorde) op onder meer 16 IVP-lede as genoeg bewys dat die polisie nie 'n "Derde Mag"-strategie volg nie. Maar uit persoonlike onderhoude met inwoners in sowel ANC/SDU-areas as IVP-areas het inwoners keer op keer beweer dat polisie vir nagtelike aanvalle op huise verantwoordelik was.

Baie beskuldigings is ook onderling teenoor die verskillende faksies gerig, soos ANC-lede wat beweer IVP-mense steel hul lidmaatskapskaarte om sodoende as ANC-gesindes uitgeken te word as die polisie hulle vang.

# KAN VREDE GEORGANISEER WORD?

VREDE, soos die heilige graal, moet gesoek word - en in Suid-Afrika sóék miljoene mense vrede op allerlei maniere. Vredesinisiatiewe het amper 'n kultus geword. Vredesport, vredesgimnastiek, vredestuine, vredesbesighede, vredeslopies, vredeshandvashouery, vredesklokke - soos masels oral. Soveel so dat dit al amper ongemerk kan verbygaan, soos 'n tandesorg- of artritisweek.

Maar daar waar dit werklik saakmaak, in die hart van die Oos-Randse township-slums en in die Natalse platteland, dáár vlieg die wit en blou vredesduiwe nie.

Vrede is nie 'n suksesstorie in Suid-Afrika nie. Ondanks die omvattende Vredesakkoord en sy indrukwekkende strukture en tentakels is dit 'n pragtige droom wat net nie die werklike nagmerrie kan vervang nie.

Selfs die Goldstonekommissie wat regdeur die land blitsverhore kan uitvoer, breek nie deur die oppervlak nie. Regter Goldstone en sy kommissie se geloofwaardigheid is ook deesdae aansienlik laer as tevore, met wye kritiek dat hy politiek dienstig geword het in sy strewe om tot elke prys die vrede te bevorder om sodoende nie die onderhandelingsproses te versteur nie.

# DIE JACKPOT-SINDROOM



**Iets vir niets... dís nou die Groot Suid-Afrikaanse TV-droom, skryf MARTIE MEIRING**

'N TWAALFJARIGE dogter van 'n masjinis koop 'n kaartjie vir R2 - en wen R1 020 000. 'n Man van Vredendal ken sy musiek op die punte van sy vingers - en wen R14 000 binne 16 sekondes. 'n Man vat 'n kans met 'n antwoord - en wen R20 000. Twee mense het mekaar al "gewen" in 'n kupido-program.

Is TV-speletjies Suid-Afrika se antwoord op die versugting na 'n nasionale lotery?

Om iets vir niets te kry, om 'n kans te vat, om te kompeteer - dit alles speel met jou begeertes. En dis waarom TV-speletjies - game shows - 'n opium vir die massa geword het.

In Italië kry jy op 'n gewone dag tot sestien TV-speletjies op die senders, in Engeland, Holland en Swede het TV-speletjies wegholsuksesse. In Israel word groot kreatiwiteit in sulke TV-programme gesteek. In die VSA praat hulle al van die Groot Droom - om die jackpot in 'n TV-speletjie te wen.

In Suid-Afrika gaan dit van flink na flinker, maar dit wil nie sê dat daar veel kultuur of selfs groot intelligensie aan sulke speletjies verbonde is nie. Die dobbel-element is sterker as wat 'n gewone Calvinis sal wil erken, maar daar is darem die troos dat 'n mens met iets getoets word - al is dit 'n vraag soos wie is die leier van die AWB en die leidraad: hy val soms van 'n perd af.

Trouens, TV-speletjies is per definisie vir Jan Alleman en daarom hoe platter hoe gewilder. Die pryse is besonder aanloklik op sommige programme: motors, luukse artikels soos stowe en yskaste en rekenaars, juwele en, veral in Suid-Afrika, doen-dit-selfgereedskap. Maar dan kry jy ook 'n klomp vakansiekanse, gewoonlik buite seisoen en dikwels op obskure plekke en om een of ander rede is skuifdeure baie gewild...

Aan die ander kant het elke mens glo 'n diepe verlange om self op TV te verskyn en daarom sukkel geen TV-program voor 'n gehoor - soos alle speletjies wel is - om mense te kry om te kom sit nie. Trouens CCV se twee gewildste programme, *Ngomgqibelo* en *It's your Choice* op Dinsdagaande, het 'n spesiale probleem - hele gesinne kom aan om op een ou se toegangskaartjie te wil kom sit.

DIS DIE AANBIEDERS van die TV-speletjis wat die ding maak of breek.

Vat vir Les Franken. Soos een TV-regisseur sê, you either hate him or you love him (iets wat sekerlik elke speletjie-aanbieder geld). Maar Franken het die common touch wat hom vir alle taalsoorte aanvaarbaar maak. Hy is professioneel, maar die poppies op sy *Legkaart Bonanza* (nou genadig af van die kassie) verskyn in fantasietabberds waarvoor iemand erkenning kry, maar wat lyk of hulle haastig tuisgemaak is; die poppies praat in poppiestemme en die pryse vir dié platvloerse speletjie is dikwels ook speelgoed om te pas by die onbeskaamd kinderagtige vrae.


Franken het met baie energie 'n ruk terug 'n kupido-spel, gebaseer op die gewilde *Dating Game*, aangebied en baie publisiteit gekry oor "suksesvolle" afparings.

Vergeet maar van "goeie" programme soos *Flinkdink* wat Edwill van Aarde jare gelede aangebied het. Dis te intellektueel. Die resep word deesdae vir gesinne beplan en die TV-speletjiekultuur glo dat gesinne net bokant 'n idiote-vlak funksioneer. Die idee is dat die gesin onder mekaar aparte weddenskappe sal aangaan oor wie die vinnigste 'n antwoord kan gee, ensovoorts.

DIE GEWILDSTE GAME shows is *Win 'n Spin* en *Tellyfun Quiz*, elk met 'n Amps-notering ('n aanduiding van kykergetalle) van 21 oor die afgelope 27 uitsendings. Dis hoog.

Mike Mills, 'n 702-gespreksleier, is die jeugdig energieke aanbieder op *Win 'n Spin*. Sy maniërismes, huppelend, vrolik en met 'n wye repertoire van gesigsuitdrukkings, lok sowel goedkeuring as kritiek uit. Baie mense haat die giggelende Mills-laggie, baie mense is versot daarop. Sy gesellig-heid en goeie maniere wen baie punte en dan word hy ook verantwoordelik gehou vir die keuring van die name wat wel vir die groot pryse getrek word.

Uit die 800 000 tot 1,4 miljoen inskrywings per week kan net 5 000 name uiteindelik "getrek" word - en dit maak baie kykers hoogs ontevrede. Richard Biesheuwel, grootbaas van die program wat vir Ithuba aangebied word deur Games Africa, het al 'n kort film laat maak om te wys hoe die keuring verloop. Elke week word in 'n groot skuur gekeur: verseëlde possakke word oopgemaak en die ouditeure van die spel met 'n paar ander gekeurde funksionarisse word dan geblinddoek





Les Franken




Lauren Kruger

om uit die berge insendings 50 000 name te trek. Die eliminasie word onder streng beheer gedoen, sê Biesheuwel, en dan word die finale name in 'n drom geplaas waaruit die deelnemers in 'n uitsending trek om in aanmerking vir die pryse te kom.

Games Africa is in hul noppies met die meer as 'n miljoen-trekking van die jonge Lauren Kruger, 'n treindrywer van Queenstown se dogter. Haar ma het namens haar deelgeneem aan die program omdat Lauren nog net twaalf is. So, jy sien, enigiemand kan deelneem en enigiemand kan wen, sê Biesheuwel.

Lauren se prysgeld is nou in trust geplaas en *Win 'n Spin* begin van voor af om sy jackpot op te bou.

Elke drie maande word 'n miljoen rand ook getrek en die wenner hiervan word net voor die agtuurnuus aangekondig. Games Africa glo dié "lotery" is eintlik die heel beste manier om geld te genereer vir liefdadigheid. Maar die grootste gedeelte van die fondse (50 persent) gaan tog aan pryse vir "gelukkige nommers".

MARTIN BAILEY HET saam met sy *Tellyfun Quiz* program van 'n little Irish Devil tot 'n besadigder, galante, professionele aanbieder oud geword. Die program is nou in sy vyfde jaar. Die formaat werk. Pare word regdeur die land gekeur en die vrae word min of meer altyd op dieselfde basis gehou. Verlede jaar het 12 000 mense aansoek gedoen om deel te neem aan programme waarin net 56 mense gebruik kon word. Van kykers by die huis het twee miljoen inskrywings oor vier weke ingekom. 'n Motor is die eerste prys. *Tellyfun* het 'n lang lys borge wat geduldig wag op 'n kans om pryse te gee.

Stemmet se *Noot vir Noot* in die gesogte tydgleuf vroeg-Saterdagaand geniet ook groot aanhang én groot minagting. Maar Stemmet en Johann van Rensburg wat die formaat beheer, glo dit werk goed - veral noudat hulle dit verbreed het van net Afrikaans deuntjies tot 'n internasionale musiekkeuse, wil al hoe meer mense deelneem. Die deelname van plaaslike kunstenaars is demokraties - van Bles Bridges tot André Schwarz. Ongetwyfeld is die blootstelling op *Noot vir Noot* 'n baie goeie platform vir kunstenaars.

Stemmet se maniertjies lok eweveel kritiek as bewondering. Sy gemaklik vriendelike (en hulpvaardige) manier vind groot byval - maar die einste vriendelikheid vir almal maak sommige kykers die josie in. Stemmet is verbaas, soos baie kykers, oor hoeveel musiekkennis daar is - en op watter plekke sulke kennis geopenbaar word.

Dié toets is nie maklik nie. Die mense word eers telefonies uitgedun en dan gaan sien Stemmet en Van Rensburg hulle.

Twee duisend oudisies word van die verre Noord-Kaap tot dorpies in die Oos-Kaap gehou. Volkskas as borg glo dit het dividende vir sy Maxispaarplan afgewerp in terme van bekendheid onder kykers.

*Noot vir Noot* se AR is 18 - maar die verwagting is dat dit dié seisoen opgestoot gaan word.

Die sug na speletjie-kompetisies maak ongelukkig nie vir 'n sug na moeiliker speletjies nie, en daarom sal *Troef 15*, die komende speletjie op Afrikaanse TV, weer "vir almal" wees. Dié program, wat saam met *Rapport* gemaak word, kan hopelik die gewildheid van *It's Your Choice* en *Tellyfun Quiz* ewenaar.

Dis in die Bingo-formaat van die Britse *Go Bingo Go* en die Sweedse *Fulpot*.

Drie spelers sal in elke program op algemene kennis getoets word. Baie lawaai, baie opwinding - en jy hoef nie elke dag se koerant vir die antwoorde te lees nie. ■

# DEMOKRASIE SE SLAKKEGANG IN AFRIKA

# STADIG MAAR SEKER

**So drie jaar gelede was daar skielik 'n sterk wind wat die saadjies van demokrasie oor die vasteland Afrika gewaai het. MAX DU PREEZ kyk waar dié saadjies wortel geskiet het en waar nie - en hoekom**

SEDERT die jare van *Uhuru* was Afrika verenig oor net een saak: apartheid is 'n vergryp teen die mensdom. Die wit minderheidsregime van Suid-Afrika moet omvergewerp word.

Toe dié wit regime homself drie jaar gelede uit 'n magsposisie uit begin onderhandel, het die kollig al sterker op die state noord van Suid-Afrika begin val. En ná 27 April volgende jaar, as Suid-Afrika wel sy demokratiese verkiesing gaan hê, gaan daar vir Afrika niks meer wees om agter te skuil nie.

Die vrye wêreld begin klaar kyk na Afrika en sê: as Suid-Afrika met sy diepsnydende rasse- en klasseprobleme en bittere geskiedenis 'n demokrasie kan bewerkstellig, het nie een Afrika-land meer 'n verskoning nie.

Daar is darem al 'n paar suksesstories in Afrika. Botswana en Namibia in Suidelike Afrika is van die oopste demokrasieë op die vasteland, terwyl Egipte, Gambië, Morokko, Tunisië en Mauritius almal al minstens tien jaar lank verkose partye in 'n veelparty-stelsel het. Senegal is al van 1977 af 'n demokrasie, maar opposisiepartye in dié invloedryke Wes-Afrikaanse staat kla oor hardhandige optrede teen hulle en verbrekings van menseregte.

Zambië het ook 'n goeie tree na volle demokratisering gegee toe sy ou diktator gedweë padgegee het na hy uitgestem is, maar die land is nog ver van 'n oop, verdraagsame demokrasie. Zimbabwe het ook 'n verkose regering, maar dié regering en sy president het sterk outoritêre neigings en laat nie eens 'n vrye pers toe nie.

Maar die groot vlaag van demokrasie het sedert 1990 gekom. In dié drie jaar het 24 lande veelparty-verkiesings gehou. Twee van dié lande het nie lank op die pad van demokrasie gebly nie: Angola, waar die bloedigste oorlog ooit net ná die verkiesing uitgebreek het toe Jonas Savimbi nie sy nederlaag wou aanvaar nie; en Nigerië, waar die uitgestemde diktator, Ibrahim Babangida, die verkiesing ongeldig verklaar het.

Dit is ironies dat Babangida een van die grootste voorspraakmakers vir demokrasie in Afrika was en baie graag daaroor gepraat het, veral by die Organisasie vir Eenheid in Afrika. Ná sy nietigverklaring van die verkiesing het Babangida verklaar: "Die meeste nasies wat nou gevestigde demokrasieë is, het lang en klipperige paaie geloop en swaarkry vir burgers gebring. Baie van dié lande het hul konings en konginne tereggestel. Baie het eeue geneem om by algemene stemreg uit te kom, wat nou onmiddellik van ons verwag word."

Die ander lande wat die laaste drie jaar veelparty-verkiesings gehou het, is Gabon, Ghana, Cote d'Ivoire, Madagaskar, Kaap Verde, Djibouti, Sao Tome, Kenia, Benin, Niger, Lesotho, Burkina Faso, Burundi, Mauritanië, Seychelle, Kameroen, Togo, Mali, die Sentraal-Afrikaanse Republiek en die Kongo.

Daar is maar min sportiewe verloorders in Afrika, maar onlangs het ons darem vir Zambië se Kenneth Kaunda, Burundi se Pierre Buyoya, Niger se Ali Saibou en Madagaskar se Didier Ratsiraka gehad wat ná 'n verkiesing vreedsaam uitgetree het.

Daarteenoor is daar eenparty-diktators wat baie seker gemaak het dat hulle nie die verkiesings verloor nie: Ghana se Jerry Rawlings, Kenia se Daniel arap Moi, Togo se Gnassingbé Eyedéma en Cote d'Ivoire se sterwende Felix Houphouet-Boigny.

Eritrea, die jongste onafhanklike staat op die vasteland wat ná 'n oorlog met Ethiopië afgestig het, belowe om 'n suksesstorie te word, al is daar nog nie veelparty-verkiesings gehou nie.

En dan is daar natuurlik die keiharde diktators wat nie eens die moontlikheid van demokratisering noem nie: Zaïre se Mobuto sese Seko, Soedan se genl Omar Bashir en Libië se Moeammar Ghadaffi. Swaziland word eiehandig deur 'n koning regeer, maar hy word nie breedweg as 'n bose diktator gesien nie.

Selfs erger as die diktature is die drie lande waar grootskeepse burgeroorlog eintlik 'n klassifisering van staatsvorm irrelevant maak: Angola, Somalië en Liberië.

Mosambiek is vir al dié lande 'n les. Ná dekades van burgeroorlog, Suid-Afrikaanse destabilisering en 'n ineenstorting van alle burgerlike strukture, is dié land nou goed op pad na versoening, heropbou en veelparty-verkiesings.

Een van die redes vir die slakkegang van die demokrasie in Afrika is die halfhartige manier waarop die Weste druk op Afrika-despote toegepas het - meestal weens eie strategiese en ekonomiese redes, maar waarskynlik ook met 'n effens rassistiese houding daaragter dat demokrasie nie werklik in Afrika tuishoort nie. Zaïre is 'n goeie voorbeeld.

Verskeie diktators oor die jare het juis dit as 'n verskoning gebruik, maar daar is dalk tog 'n klein bietjie waarheid daarin dat Westerse styl-demokrasie soms bots met kulture in Afrika. Nigerië se Olusegun Obasanjo, wat self as militêre regeerder plek gemaak het vir verkose burgerlikes, sê byvoorbeeld dat politiek in afgeleë stamgebiede meestal om groepregte eerder as individuele regte sentreer. Hoofmanne en stamkapteins daag byvoorbeeld by die stembus op en verklaar hoe die hele kraal wil stem. Obasanjo sê dié soort tradisionele leiers word in elk geval aanspreeklik gehou deur hul mense, wat in sigself 'n basiese vorm van demokrasie is.

Soos 'n onlangse artikel in *The Economist* verklaar: "Rosy talk of village assemblies and wise chiefs tells only half the story; African history tells a story all of its own. But a tradition of concensus politics does seem to collide with a western winner-takes-all election, especially when political control means control of the all-important patronage machine."

Maar 'n ander rede vir die stadige vordering van die demokrasie is die gebrek aan politieke ervaring by politieke leiers, veral dié in opposisie tot die outokratiese regering. 'n Klassieke voorbeeld hiervan is hoe Daniel arap Moi se opposisie, FORD, in die aanloop tot die verkiesing geskeur het oor persoonlikheidsverskille. Saam het die twee faksies meer stemme as Moi gekry, maar Moi is vir 'n verdere termyn verkies.

Armoede, ongeletterdheid, 'n ongelukkige koloniale erfenis en etniese verdeeldheid word telkens deur Afrika-leiers as redes aangevoer waarom die demokrasie nie op die vasteland kan wortelskiet nie.

Maar al dié faktore was aanwesig in Namibia, wat vandag 'n relatief gesonde demokrasie is. Zambië en Mali is ander demokrasieë wat dié redes grootliks ongeldig bewys het.

En dan is daar die Suid-Afrika-faktor. Armoede, ongeletterdheid, 'n verskriklike geskiedenis, 'n gewelddadige kultuur, diepgaande polarisasie en bitterheid, etniese en stamverskille, 'n kloof tussen have's en have nots - Suid-Afrika het dit alles. En tog is die vordering op die pad na demokrasie positief en is die ideaal van 'n oop, welvarende demokrasie in dié stadium 'n waarskynlikheid.

Maar Suid-Afrika het 'n paar faktore wat ander Afrika-lande nie het nie: 'n sterk, ontwikkelde infrastruktuur; 'n relatief gesonde en gesofistikeerde ekonomie; ervare, geslypte politieke leiers in die huidige en toekomstige opposisie; 'n meer lewenskragtige media as meeste lande in Afrika; en 'n beter ontwikkelde civil society as elders op die vasteland.

'n Mislukking in Suid-Afrika kan 'n groot terugslag vir die demokratisering van Afrika wees. ■




BRONNE: AFRICA DEMOS, AFRIKA-INSTITUUT, THE ECONOMIST

# HET DIE HEELAL GEKNAL?



Die Groot Magellaanse Wolk, met die Tarantula-newel links onder. Die wit kol bo die wolk is 'n supernova - Supernova 1987A. (Foto's: Unisa)

## Nee, dit het nie, sê prof Jayant Narlikar, wat by Suid-Afrika se sterrekykers kom kuier het

DEUR INA VAN DER LINDE

DIE Oorsprong der oorspronge, die oerknal (big bang), was nie net een knal en daarmee basta nie. Mini-oerknalle kom steeds op 'n gereelde grondslag in die ruimte voor om sterre wat uitbrand te vervang.

Dís die mening van 'n Wyse Man uit die Ooste, die sagsprekende prof Jayant Narlikar, direkteur van die Inter-Universiteitsentrum vir Astronomie en Astrofisika in Pune, Indië. Hy het onlangs by 'n konferensie van die Astronomiese Vereniging van SA (AVSA) in Pretoria sy teorieë oor die ontstaan van die heelal hier kom bepeins.

Narlikar en twee kollegas, die bekende Fred Hoyle van Cambridge, stigter van die Instituut vir Teoretiese Astronomie in Brittanje, en Geoffrey Burbidge, ook van Cambridge, beweer die jongste inligting afkomstig van die COBE-satelliet belig sekere tekortkominge in die algemeen aanvaarde teorie dat die heelal geskep is tydens 'n allemintige warm ontploffing, die oerknal.

Die COBE is 'n aantal jaar gelede deur die Amerikaners die ruimte ingestuur om inligting oor ons sterrestelsel in te samel.

Volgens die oerknal-teorie het die heelal binne 'n biljoen-biljoen-biljoen-biljoenste breuk van 'n sekonde ($10^{-36}$ sekondes) tot stand gekom. Dit was die gevolg van 'n kataklismiese ontploffing van 'n superdigte wolk van materie duisende miljoene jare gelede. Ná verloop van sowat 100 000 jaar het fragmente materie uit die oerknal begin om sterrestelsels en groter strukture te vorm.

'n Nagevolg van die oerknal is dat sterrestelsels soos brokstukke van 'n ontploffende bom steeds besig is om van mekaar af weg te spat. Die heelal sit dus uit soos 'n ballon. Die hipotese veronderstel 'n begin - die oerknal - en 'n einde - die uiteindelike ineenkrimping van die heelal aan die einde van die geskiedenis.

Dié teorie het in 1965 aansienlike steun gekry



toe Arno Penzias en Robert Wilson in die VSA kosmiese agtergrondstraling op hulle radioteleskoop opgetel het - oorblyfsels van die hittestraling van die groot knal. Dit vertel 'n storie van 'n heelal wat miljarde eeue gelede 'n temperatuur van miljoene grade gehad het. Die hittestraling, wat bekend staan as mikrogolf agtergrondstraling, het deur die eeue aansienlik afgekoel, maar kan steeds gemeet word. Dit is nou sowat 2.7 kelvin, oftewel -270.35 grade C.

Die rede waarom die oerknal-teorie so gewild is, skryf die fisikus David Schramm van die Universiteit van Chicago onlangs in 'n artikel in *New Scientist*, is dat geen model nog so netjies en eenvoudig soos die oerknal werk nie. Daar is natuurlik nog sekere onopgeloste probleme en nuwe metings moet voortdurend gedoen word, maar nog nie een van die oerknal-teorie se voorspellings het misluk nie.

Direk teenoor die oerknal-teorie, staan die sogenaamde bestendige toestand-teorie (steady-state theory). Hiervolgens word nuwe materie voortdurend geskep om die lugleegtes in die ruimte te vul wat ontstaan soos wat sterrestelsels van mekaar af wegspat. Die prentjie van die heelal bly deur miljoene eeue heen altyd dieselfde, want die ekwilibrium tussen die uitsetting en die skepping van nuwe sterrestelsels word altyd gehandhaaf. In so 'n model is daar nie 'n begin nie en geen einde nie. Dit is dus nie nodig om te soek na verklarings van die omstandighede waaronder die heelal ontstaan het nie.

Fred Hoyle het die bestendige toestand-teorie in 1948 saam met Hermann Bondi en Thomas Gold ontwikkel.

Die teorie het in 'n stadium heeltemal in onguns verval. Maar nou het Narlikar, Hoyle en Burbidge dié teorie geneem en verder ontwikkel.

Hulle noem hulle model die kwasi-bestendige toestand-kosmologie (quasi-steady state cosmology).

NARLIKAR BEWEER met die kwasi-bestendige toestand-kosmologie (KBTK) kan hulle verklaar hoe materie en energie voortdurend geskep word; hulle kan verklaar waarom sterrestelsels nie eweredig versprei is nie; hulle kan die "ouderdomsverskille" tussen sterrestelsels verklaar; en hulle kan terselfdertyd die huidige temperatuur van die mikrogolf-agtergrond met wiskundige formulerings korrek bereken.

Om die KBTK-model te verduidelik, begin Narlikar by swart gate. Wanneer sterre uitbrand vorm party wit dwerge - stabiele, klein sterre met 'n radius van 'n paar duisend kilometer en 'n digtheid van honderde ton per kubieke sentimeter. Ander kleiner sterre skep supernova-ontploffings wanneer hulle doodgaan en vorm neutronsterre, nog kleiner as wit dwerge, met 'n radius van net sowat 16 kilometer en 'n digtheid van honderde miljoene ton per kubieke sentimeter. Groot sterre, word geglo, stort ineen wanneer hulle uitbrand om sogenaamde swart gate te vorm. Dit is gebiede met 'n swaarteveld wat oneindig sterk is. So sterk dat dit omringende materie insluk, maar geen materie of straling kan daaruit ontsnap nie, en ook nie lig nie en daarom kan swart gate nie gesien word nie.

Maar dié siening is nie korrek nie, sê Narlikar. Swart gate is glad nie so swart as wat eers vermoed is nie. Die jongste inligting toon dat wat die meeste astro-fisici as swart gate bestempel, kompakte streke in die ruimte is waaruit strome materie en straling vloei.

"Ons model voorsien 'n reeks 'mini-knalle' wat die enkele oerknal vervang. Hierdie 'mini-knalle' begin met 'n fisiese proses wat ooreenstem met die manier waarop materie deur 'n klassieke swart gat opgeslurp word. Maar pleks daarvan dat materie voortdurend net verorber word, word 'n sekere kritieke punt bereik waar materie weer met 'n geweldige krag, soos in 'n ontploffing, deur die swart gat uitgespoeg word.



**Die Arendnewel en Oop Galaktiese Sterswerm NGC6611. Dié newel - sowat 6 000 ligjare van die aarde - is 'n gebied van voortgesette stervorming.**

"Anders as die oerknal-teorie, wat sy ontstaan te danke het aan 'n spontane, ongegronde proses, is hierdie kleiner skeppingsgebeure deel van 'n voortgaande proses. Op dié manier word materie voortdurend geskep om die leemtes wat gelaat word deur die uitsetting van die heelal, te vul - die sogenaamde bestendige-staat model."

Die heelal gaan deur alternatiewe fases van sulke "groter" en "kleiner" skeppingsprosesse, sê Narlikar. Gedurende die groter ontploffings word meer materie geskep as met die kleiner ontploffings.

" 'n Groot skeppingsproses versnel die uitsetting van die heelal soos wat materie van mekaar wegvlieg. Die uitsettingsproses word geleidelik stadiger, tot op 'n sekere punt, wanneer daar weer onploffings plaasvind en die hele proses van voor af begin. Die algemene prentjie is een van 'n stadige en gelykmatige eksponensiële uitsetting oor 'n duisend miljard jaar (die groter onploffings), gekombineer met kort-termyn 'skommelinge' (die kleiner ontploffings) van tussen 20 en 40 miljard jaar."

Narlikar sê met hulle model kan die huidige temperatuur van die mikrogolf agtergrondstraling korrek bereken word; dit kan die vorming van subatomiese partikels in die regte hoeveelhede bereken, en dit kan die ouderdom van die heelal en sterrestelsel korrek bereken.

"Die raamwerk vir die KBTK dien net as vertrekpunt. Anders as die oerknal-model, word dit nie aangebied as die finale teorie vir die kosmologie nie, maar as een teorie.

"Ons hoop dit sal ten minste debat tot gevolg hê."

En in 'n veld waar onsekerhede die bepalende begrip is, is dit één ding waarvan Narlikar seker kan wees.

# HORMONE EN JOU PLEK IN DIE RANGORDE



**Maak testosteroon mans meer aggressief as vroue? As dit waar was, sou vroue vir ewig die onderspit moes delf, skryf BETH MASCHINOT, dosent aan die Universiteit van Chicago se Skool vir Sosiale Administrasie**

DIE ouers sit en gesels op die stoep. In die agterplaas jaag hul seuntjies en dogtertjies mekaar woes met waterpistole. Later gaan speel die dogtertjies binne. Die seuntjies begin stoei (geen vuishoue toegelaat nie). Die ouers kyk belangstellend toe.

'n Vriend gee haar seun stoeilesse, sê een ma trots. Snaaks, sê 'n pa, sy seun stel glad nie in stoei belang nie.

"Dink julle nie seuns is meer aggressief as meisies nie?" vra 'n ongetroude man. Gewoonlik sou ek begin stry. Maar ek is effens vreemd in dié groep en voel lomerig ná 'n paar drankies. Miskien is my estrogeen-vlak hoër en my testosteroon-vlak laer as op my aggressiewe dae.

In sy boek *The Inevitability of Patriarchy*, in 1973 geskryf, beweer die sosioloog Stephen Goldberg dat in elke samelewing in die antropologiese verslae op rekord (al 1 200 van hulle), mans 'n sterker drang na oorheersing het in sowel hiërargieë as in man/vrou-verhoudings. Dis so universeel, sê hy, dit móét te wyte wees aan biologiese verskille. Hy kies testosteroon as die verskilmaker.

In *In These Times* van 31 Mei vanjaar, skryf Helen Fisher dié teorie moet ernstig opgeneem word. Sy beweer onomwonde daar is 'n "duidelike skakel tussen testosteroon en aggressie" en "hoë rang word in mans en ape met hoë vlakke manlike hormone verbind".

Sulke biologiese argumente is verleidelik want hulle lyk so, wel, netjies, essensieel en werklik. Die probleem is: wanneer testosteroon as die eenvoudige antwoord op verskille in aggressie en oorheersing tussen geslagte gebruik word, word faktore soos historiese rolverdeling, die huidige sosialisering van geslagte en die werklikhede van seksuele diskriminasie, agterweë gelaat.

Goldberg se titel sê dit alles. As oorheersing gereduseer kan word tot aggressie, wat gereduseer kan word tot testosteroon, dan sal mans as 'n groep altyd die oorhand hê. Hy wat die testosteroon het, regeer die wêreld. Maar uit talle oorde is foute in Goldstone se werk al die laaste 20 jaar uitgewys.

DIE MEESTE WETENSKAPLIKES stem saam dat die fetus-brein al by geboorte 'n "geslag" kry - seuns kry meer testosteroon en meisies meer estrogeen. Maar om die verband te trek tussen die hormone van fetus-breins en gedragsverskille tussen die geslagte is 'n baie meer komplekse saak as wat Goldberg toegee. Oor dié onderwerp is uitstekende boeke al geskryf deur bioloë - veral *Myths of Gender* deur Ann Fausto-Sterling en *Science and Gender* deur Ruth Bleier.

Vir eers, soos altyd, is daar die netelige probleem van definisie: wat bedoel ons met aggressie? Hoewel Goldberg nie sy hoofkonsep omskryf nie, sê hy aggressie of oorheersing "manifesteer sigself in die bevrediging van talle behoeftes: oorheersing, gedrag, wedywering...: 'n begeerte na beheer en mag, en baie ander onderwerpings van die omgewing aan die wil". Volgens Goldberg is dit alles aan testosteroon te danke.

In biologiese en maatskaplike navorsing is dit ook moeilik om vas te pen presies wat aggressie is. Soms word dit beskou as gedagtes of handelinge wat beoog om ander skade aan te doen; soms is dit sinoniem met selfhandhawing, ambisie of wedywering. Sommige "harde" biologiese navorsing wat testosteroonvlakke in die bloed in verband bring met "aggressie", omskryf aggressie as "kwade gevoelens" en beskou soms selfs "depressie" as 'n vorm van woede. Dis nie akademiese haarklowery nie. Dit wys hoe moeilik dit is om sogenaamde "harde wetenskaplike" navorsing te doen sonder die samesmelting van maatskaplike en biologiese kategorieë.

ANDERS AS WAT baie leke glo, kan die vraag nie maklik beantwoord word deur een of ander "testosteroonmeter" in te span en gedragspatrone aan te teken nie. Om die waarheid te sê, Fausto-Sterling redeneer dit het min sin om 'n enkele hormoon buite konteks te meet en dié meting te gebruik om 'n oorsakende verband met 'n bepaalde gedragspatroon uit te wys. Die verhouding tussen hormone en tussen hormone en gedrag is te kompleks daarvoor, met moontlike uitsondering van die meer regstreekse verhouding tussen

testosteroon en die seksdrang.

In een treffende "eksperiment" in die werklike lewe, wys Fausto-Sterling uit, is 18 gevangenes in die jare vyftig en sestig chemies gekastreer weens gewelddadige misdade. Nege van dié mans is ná hul vrylating dood in gewelddadige konfontasies. Hoewel die kastrasie hul seksdrang uitgewis het, het dit blykbaar nie veel uitwerking op hul aggressie gehad nie.

En hoewel daar in ander studies 'n mate van positiewe korrelasie was, waarsku Fausto-Sterling dat korrelasie nie noodwendig kousaliteit impliseer nie. Met ander woorde, aggressiewe dade kan dalk die testosteroonvlak in die bloed help verhoog, en nie andersom nie.

Nog 'n kraak in die mite van die testosteroon-opgepompte kryger, is 'n studie uit die jare sewentig wat wys dat die stres van voorbereiding vir oorlog die testosteroonvlakke van Amerikaanse soldate skerp laat daal het.

Sielkundiges beskou aggressie meestal as die bewuste begeerte om ander skade aan te doen. Die navorsing oor geslagsverskille in aggressie bevind, ja, dat 'n minderheid mans neig om hul aggressie meer dikwels as vroue op fisieke maniere uit te druk, veral as hulle getart word. Maar studies wys ook dat vroue as 'n groep neig om meer sielkundige vorms van aggressie te gebruik, soos skeltaal; of ingewikkelde skemas om wraak te neem. Vra jy hulle daaroor uit, sê vroue hulle vermy fisieke dade omdat hulle bang is vir die fisieke én die maatskaplike gevolge daarvan - en nie omdat hulle nie nou en dan graag iemand wil moker nie. En vroue raak in werklikheid fisiek aggressief as hul kinders se veiligheid bedreig word.

OOK ANTROPOLOË, VERAL Eleanor Burke Leacock in haar boek *Myths of Male Dominance*, het al gate geskiet in Goldberg se stelling dat mans hul "oorheersing" in elke kultuur bevestig. Leacock wys na samelewings soos die Palijane, woudjagters van Indië, waar 'n streng gelykheid tussen die geslagte volgehou word in sake wat vir albei belangrik is.

In sommige samelewings, wat vir ons moeilik begryplik is, is die "strewe na status" nie identies aan "oorheersing" oor ander mense nie. In baie jagter/versamelaar-samelewings kry die man wat vinniger, sterker, dapperder of meer intelligent is as ander mans - en dus meer wild inbring - net prestige as hy sy buit verdeel en nederig is oor sy sukses.

In dié samelewings, meen antropoloë, het vroue 'n ewe sterk seggenskap in die stam se besluite. As testosteroonvlakke die oorsaak van oorheersing is, het die mans in sommige samelewings besonder min van dié hormoon? Of is daar ander maatskaplike en ekonomiese oorwegings wat méér invloed het op die verdeling van status en mag in 'n groep?

DIT LAAT MY dink aan my oom Matt, 'n stil ou wat sy gestremde dogter met baie deernis versorg het. In ons brutale kinderjare het ons hòm soms bespot omdat hy so skaam en stil was. Was hy 'n vrou, sou ons sy gedrag - die aandag aan ons behoeftes, die deernis jeens sy dogter - as "sagmoedigheid" beskou het. Omdat hy 'n man was, het ons bloot gedink hy is simpel.

Ná sy dood het ons 'n ander prentjie van hom gekry. Ons tantes het ons vertel hoe kaatjie van die baan hy as seun was, 'n selfversekerde leier, altyd vooraan 'n bende kinders.

Wat het hom laat verander? Ons tantes het vertel hoe hy as 20-jarige oorlog toe is, gevul met bravade en patriotisme. Hy het 'n seiner geword, en die bomwerpers van hul skepe na die teiken gelei.

Toe hy ná die oorlog huis toe kom, het hy ure lank gekyk na foto's van die verwoeste stede en dorpe in Europa, en die burgerlikes wat vermink of gedood is. Hy het maande op die solder gesit en staar. Uiteindelik het my ouma hom oorreed om af te kom. Hy was anders: die aggressie en selfversekerdheid van sy jeug is vervang deur ingetoënheid en empatie.

Die verandering was nie tydelik nie. As dit was, of as Matt 'n aap was en nie 'n man nie, sou ons miskien kon praat van stres wat testosteroonvlakke verlaag, en hom "swak" laat - nes 'n vrou.

Ek verkies om te dink daar was iets menslikers betrokke, miskien die pynlike begrip van waartoe ongebrydelde aggressie en oorheersing kan lei. Dié begrip, wat tans meer dikwels deur vroue ervaar word, kan ook 'n manlike kenmerk wees. Maar vir dié besef laat Goldberg se standpunt, gesteun deur Fisher, geen ruimte nie. © *In These Times*

# WAT SIT IN DIÉ BLOED?

DEUR
ESMA
ANDERSON



## Die nuwe twis oor menstruasie: Evolusie se ontsmettingsmiddel - of slegte eetgewoontes?

*"So you found a girl who thinks really deep thoughts*
*What's so amazing 'bout really deep thoughts?*
*Boy, you best pray that I bleed real soon*
*How's that thought for you?"*

TORI AMOS kan in haar liedjie nog ligweg spot met menstruasie, swangerskap en "diep gedagtes" - maar dié bietjie bloed sorg elke nou en dan vir 'n hewige twis onder teoretici, waar die een dieper wil dink as die ander. Die jongste omstrede teorie is dat menstruasie die baarmoeder beskerm teen besmette sperm. ►

Dié diep gedagte oor menstruasie kom van Margie Profet, 'n "evolusionêre bioloog" van Amerika. Sy neem haar van blykbaar ernstig op - sy het 'n ruk gelede 'n "profetiese" droom gehad: 'n visioen wat skielik helder insig gebring het oor dié einste bietjie bloed.

In haar droom het dit eensklaps vir haar duidelik geword dat menstruasie méér behels as die liggaam se manier om die opgeboude voering van die baarmoeder (waarin 'n embrio vasheg ná bevrugting) uit te stort as 'n baba nie verwek is nie. Menstruasie, vertel sy aan *Newsweek*, het ook deur evolusie ontwikkel as die baarmoeder se beskermende meganisme om ontslae te raak van besmettende organismes wat hoofsaaklik deur sperm oorgedra word.

Dié teorie het nou 'n nuwe storm oor menstruasie ontketen. Maar droom Profet net evolusionêre drome - of steek daar dalk iets in haar teorie?

GEORGE C WILLIAMS, mederedakteur van *The Quarterly Review of Biology* waarin Profet se artikel oor menstruasie verskyn het, sê in 'n onderhoud met *Newsweek* sy het beslis 'n punt beet, hoewel hy meen menstruasie kan ook aanvullende funksies hê - soos om te wys dat 'n vrou vrugbaar is.

Profet sê haar teorie is die enigste wat verklaar hoekom menstruasie deur evolusie in stand gehou is, veral as 'n mens in ag neem hoe duur dié proses is in terme van verlore vrugbaarheidstyd en yster-uitputting. As menstruasie nie ook 'n aanpassingsfunksie vervul het nie, sou dit as 'n evolusionêre eienskap faal.

Dié funksie, sê Profet, is om te voorkom dat spermoorgedraagde mikrobe soos streptococcus vashouplek in die baarmoeder kry. Boonop, sê sy, is menstruasiebloed spesiaal daarvoor ontwerp, want dit is ryk aan siekte-bevegtende immuniteitselle.

Profet se teorie het heelwat kritiek uitgelok. Prof Gerhard Lindeque, die hoof van Verloskunde en Ginekologie aan die Universiteit van Pretoria, sê Profet raak 'n klomp dinge kwyt wat net half waar is en 'n paar wat waar is.

"Dit is byvoorbeeld in 'n mate waar dat menstruasie 'n vrou teen infeksie beskerm, maar as 'n mens net op menstruasie sou staatmaak vir beskerming teen besmettende organismes, sou infeksies baie meer voorgekom het.

"Daar is konstante waterige uitskeidings uit die buise en die baarmoeder wat 'n groot rol speel in immuniteit teen besmettende organismes. Menstruasie speel nie die volledige beskermingsrol nie," sê Lindeque.

"As inflammasie al klaar plaasgevind het en die weefsels aangetas is, kan menstruasie nie veel daaraan doen nie. Profet vergeet heeltemal van die werking van besmettende meganismes self."

Dr John Moran, 'n epidemioloog van die Amerikaanse Centers for Disease Control and Prevention, sê in *Newsweek* sperm is nie noodwendig die grootste sondebok in die oordraag en verspreiding van siektes nie. 'n Seerplek aan 'n man se penis, of besmette afskeidings van sy urinebuis, sê Moran, kan maklik infeksies versprei, selfs sonder ejakulasie.

Maar 'n meer diepgaande stukkie kritiek kom van diegene wat daarop wys dat seksueel oordraagbare siektes algemeen voorkom onder menstruerende vroue en dat sommmige van dié siektes, soos gonorree, meer komplikasies veroorsaak tydens menstruasie.

Maar ook hierop het Profet 'n antwoord. Sy sê ons as mense is voortdurend gewikkel in 'n evolusionêre stryd met baie ander organismes. "Soms wen hulle," sê sy, "maar sonder menstruasie sou daar baie meer infeksies gewees het."

Die teoretiese see raak egter meer onstuimig - daar is geruime tyd al 'n konflikterende teorie: Leslie en Susannah Kenton skryf in hulle boek *Raw Energy* dat vroue oormatig menstrueer weens verkeerde eetgewoontes.



In teenstelling met Profet se teorie dat vroue oormatig menstrueer bloot om ontslae te raak van besmettende mikrobes, impliseer die Kentons dat vroue nooit las met oormatige menstruasie hoef te hê as hulle gesond eet nie (mits die baarmoeder normaal is).

Hulle skryf dat 'n Britse ginekoloog, Alan Clementson, navorsing gedoen het oor die verband tussen oormatige menstruasie en bioflavinoïde ('n plantpigment) en vitamien C. Clementson het bevind dat kosse ryk aan dié stowwe (soos lemoene) vroue se probleme met oormatige bloeding ná drie tot vier maande verlig het omdat dit estrogeen - wat die haarvatwande versterk en beskerm - vervang wanneer dié hormoon se vlakke net voor en tydens menstruasie daal. Gevolglik word minder selle van die baarmoederwand uitgestort.

Clementson het hierna sy pasiënte aangeraai om ook die volgende kosse te eet: lemoene (drie per dag), amandels, kasjoeneute, grondboontjies, hawermout, mielies, koring en appels - almal kosse wat die vermoë het om 'n deel van die invloed van estrogeen in die liggaam na te boots.

Lindeque sê daar moet waarheid in dié teorie steek. "Die voorkomende geneesheer in my sê as vroue normale baarmoeders het wat abnormaal funksioneer deur byvoorbeeld oormatig te menstrueer, moet 'n mens ander weë - hetsy manipulasie deur hormoontoedienings óf verandering van dieet - beproef om dit reg te stel eerder as om eenvoudig 'n histerektomie te doen soos wat vroeër jare wel gebeur het.

"Al hoe meer siektes word verbind met dieet. Kyk byvoorbeeld na inligting oor kankerbestryding: die eerste ding wat hulle noem, is 'n gesonde dieet. Dán eers kom die wenke oor vroegtydige diagnose, ens."

LINDEQUE SÊ dit is ook algemene kennis dat byvoorbeeld premenstruele spanning verlig kan word deur kafeïne en sjokolade te vermy. "Dit klink vir my glad nie onmoontlik dat dieet kan help om oormatige bloeding te verlig as 'n vrou se baarmoeder andersins normaal is nie."

Die Kentons skryf voorts dat as estrogeenvlakke altyd konstant gebly het, menstruasie nooit sou plaasvind nie. Dit is bloot die dalende vlakke van estrogeen en progesteroon net voor en tydens menstruasie wat die afbreking van die voering van die baarmoederwand en bloeding veroorsaak.

En dit is juis dié punt wat Lindeque laat sê Profet het die grootste beskermende rol van menstruasie heeltemal misgekyk.


"Vroue het daagliks estrogeen nodig, maar as menstruasie nie plaasvind nie en as estrogeen nie soms teengewerk word deur ander hormone soos progesteroon nie, kan die langdurige stimulasie van die voering deur estrogeen tot kanker ly.

"Omdat die voering met menstruasie uitgewerp word, is dit dus moontlik dat hulle maksimale blootstelling aan estrogeen kry met die minimum gevaar wat langdurige blootstelling kan inhou. Vroue wat nie ovuleer en menstrueer nie, ontwikkel dikwels 'n verdikte voering van die baarmoederwand en selfs kanker omdat dié veiligheidsklep ontbreek." ■

# vrye weekblad

**DIE ENIGSTE NUUSTYDSKRIF IN SUID-AFRIKA WAT DIE NAAM WERD IS**

# 'n Jaar se stimulerende leesstof - én 'n splinternuwe bundel kortverhale deur voorste kortverhaalskrywer Koos Prinsloo.




**As jy vir 'n jaar lank op *Vrye Weekblad* inteken teen die reeds verminderde bedrag van R100, ontvang jy 'n getekende kopie van WEIFELING (HOND, 1993). In die handel kos die boek R39,95.**

## Kort op die hakke van SLAGPLAAS volg WEIFELING. 'n Nuwe bundel kortverhale waarin Koos Prinsloo voortgaan om die grense van die Afrikaanse letterkunde te versit.

Intekenare kry *Vrye Weekblad* vóór die naweek in hul posbusse, of, in die geval van Groter Johannesburg of Pretoria, by hul voordeure afgelewer. BTW en afleweringskoste is by die R100 ingesluit. Jy kan ook vir ses maande inteken teen R60, maar dan kry jy nie Koos Prinsloo se boek nie.

*** Dié spesiale aanbod geld net 'n beperkte tyd en net die eerste 25 intekenare kry elk 'n kopie van Koos Prinsloo se WEIFELING - stuur dus dadelik dié vorm aan VWB-intekenare, Posbus 177, Newtown 2113. Jy kan per tjek, posorder of kredietkaart betaal.**

**Ja, ek wil graag op *Vrye Weekblad* inskryf en WEIFELING hê.**

Naam: ..............................................

Adres en poskode: ..............................................

..............................................

..............................................

Telefoonnommer: ..............................................

Kredietkaartnr: ..............................................

Vervaldatum: Maand .................... Jaar ..........

Handtekening: ..............................................

❑ tuisaflewering

❑ per pos

vrye weekblad

# GUTEN ABEND, MEINE DAMEN UND HERREN...



**Toe die Afrikaners 'n heersersklas geword het, het hulle ironies genoeg, al hoe meer begin belang stel in die Europese kabaret - 'n kunsvorm wat juis op die bespotting van die heersersklas gemik is. Veral die Berlynse kabaret van die aartskommunis Bertolt Brecht het in die era van die 'Rooi Gevaar' gewild geword. BEVERLEY MITCHELL kyk waar kom die tradisie van die kabaret vandaan**

KABARET het deur die jare al verskillende gedaantes aangeneem. In Suid-Afrika word dikwels na allerlei vorms van ligte vermaak verwys as "kabaret" en het baie mense grootgeword met die idee dat kabaret iets te doen het met Sun City-tipe extravaganzas - Sam Marais of Alvon Collison wat *Life is a Cabaret* sing; mans in ballet-agtige kostuums wat hul bene opskop terwyl Judy Page, in blinkertjies getooi, suikersoet ballades oor die wel en wee van vergange se dae sing.

Maar ware kabaret het 'n heel ander aard. Dié kunsvorm word veral onderskei deur die gebruik van die seremoniemeester (die Franse *compère*, die Duitse *Ansager*). Dié karakter stem ooreen met die ou sirkusmeester (ringmaster) - 'n karakter wat weer onstaan het by die mens wat in die teater van ouds die proloog gelees het. Hy het die gehoor welkom geheet, die inhoud van die opvoering aangekondig, en snedige aanmerkings tersyde gemaak. (Soos Joel Grey se seremoniemeester in Bob Fosse se rolprent *Cabaret*.)

Die kabaret het eienskappe van 'n konsert. Die seremoniemeester tree gereeld na vore om afsonderlike dele te verbind. Die sang en dansery word aangevul deur dramatiese sketse met 'n tipies kleurryke, dekadente en lighoofdige aanslag.

Sommige kenners sê die kabaret het in 1881 ontstaan in *Le Chat Noir*, Rodolphe Salis se kroeg in Montmarte, Parys. Ryk Parysenaars het deur die modderige strate na *Le Chat Noir* gewandel, welwetende dat juis hulle deur die artieste beledig gaan word. Iets van dié byna masochistiese ontvanklikheid vir spot heers vandag nog in die kabaret.

"IN *LE CHAT NOIR*," sê die kabaret-skepper Stephan Bouwer, "is besoekers vermaak met politieke spotliedjies, sosiale satire, straatliedere, liefdesliedjies, monoloë en sketse. Maar dis dalk 'n bietjie voorbarig om te sê kabaret het in dié kroeg ontstaan. Wat 'n mens te lese kry oor die Middeleeuse moraliteitspele, sotternye, sketse, voordragte en sangnommers uitgevoer deur straattroebadoers, minstrele en harlekyne, laat jou vermoed húlle kon die weg vir die kabaret berei het."

Hoe dit ook al sy, sê Bouwer, in die *Le Chat Noir* se gehore was dikwels beroemdes soos Victor Hugo, Alphonse Daudet en Toulouse-Lautrec - meester plakkaat-skilder van die *can-can*. Die *can-can* is aan die einde van die kabaret opgevoer en was gewoonlik die hoogtepunt. Heelparty mans het waarskynlik gekom nét om na die opskoppende danseresse se bloomers te loer. Sommige mense noem dit die "glans-attraksie" van kabaret. Die dans was vulgêr - 'n essensiële element van kabaret. Aristide Bruant (deur Lautrec verewig op 'n plakkaat) en die legendariese Yvette Guilbert was maar twee kunstenaars wat die ondeugde en skynheilighede van hul tydgenote deur sang en sketse in *Le Chat Noir* bespot het.



**Elzabé Zietsman in een van haar kabarette, *Cover Girl*.**

Drie Hollandse here - Eduard Jacobs, Koos Speenhoff en Jean-Louis Pissuise - het *Le Chat Noir* gereeld besoek en die tradisie spoedig in Nederland gaan voortsit. In die begin van dié eeu het die kabaret gou versprei na Skandinawië, Berlyn, Wenen, Moskou, Boedapest en Praag.

Die Britte het ook 'n vorm van kabaret gehad, maar het dit meer as Vaudeville aangebied - 'n sirkusagtige soort mengelteater, meer konformisties as die anargistiese Berlynse kabaret, meer romanties, meer kitsch, maar ook met standaardkarakters wat deurgaans verskyn. Maar die kabaret het nooit werklik ontwikkel in Brittanje nie.


In Amerika het dit 'n ander rigting ingeslaan, met meer stand-up werk. Kabaret se uitdrukkingsvorms is ook opgeneem in ander teater-produksies - soos die San Francisco Mime Troupe en El Teatro Campesino. El Teatro Campesino was 'n gemeenskapsteater-groep wat op die populêre kultuur van hul tyd gefokus het. Hulle het byvoorbeeld verskynsels soos die Zoot-suits - die Chicano-styl van die jare veertig en vyftig - op die verhoog weerspieël.

HENNIE AUCAMP noem kabaret "beskaafde protes" en onderstreep die belangrikheid van die Berlynse kabaret in die Weimar-republiek, waar dié kunsvorm veral gedy en beslag gekry het. Juis dié "Berlynse konneksie" het die geloof laat onstaan dat die kabaret floreer waar nood, angs, onsekerheid en ontevredenheid heers.

Satire, erotiek en sentiment is vername kenmerke van die kabaret, sê Aucamp. "Seks in diens van 'n politieke ideologie het byvoorbeeld voorgekom in talle kabarette van die Weimar-republiek, met al die gekontroleerde geweld van Ekspressionisme," sê hy in 'n aanhaling in 'n artikel deur Bouwer in *Communicare* Vol 9 (2) (Tydskrif vir Kommunikasiewetenskappe). "Want seksuele buitensporighede, hetsy in woord, dans of gebaar, is dikwels protes: nie noodwendig teen orde in die algemeen nie, maar teen 'n bepaalde orde, soos verteenwoordig deur 'n bepaalde politieke bestel."

Transvestisme was gewild by baie burgers van die "verlore" Berlyn. Seksrol-verwisseling is deur die kabaret-kunstenaars gebruik as vervreemdingstegniek om die "boodskap" tuis te bring. "*Verfremdung* kan 'n sanerende en bruikbare skokappèl word wat maak dat die 'boodskap' as sodanig (dus: as boodskap) ontvang sal word," sê Bouwer.

# BRECHT, DIE KOSJER KOMMUNIS


Bertolt Brecht

WANNEER kabaret in Afrikaans opgevoer word, val die keuse opvallend sterk op werke van die Duitser Bertolt Brecht en die Belg Jacques Brel. Veral Brecht trek Afrikaner-gehore - soos nou weer na Stephan Bouwer en Marié du Toit se kabaret *Brecht/Eisler*, wat pas in Pretoria aangebied is en op 3 November in die Johannesburgse Stadskouburg begin.

Waarom is Afrikaners so lief vir Brecht? Deels, sê Bouwer, omdat hy essensieel Duits is en deels omdat hy die gemoedere van die werkersklas aanspreek. Afrikaner-intellektuele is behep met Europese intellektualisme. Die Europese kultuur het hul opvoeding oorheers en hulle klou vas aan 'n soort formalisme, waarvan Brecht 'n voorstander was - in teenstelling met sosiale realisme, wat ook in dieselfde tydperk bepleit is.

Afrikaners word geboei deur die pure Duitsheid van Brecht, sê Bouwer, wat aanklank vind by hul Germaanse wortels in Nederlands. Die Nederlandse kabaret is ook sterk gewortel in die Duitse kabaret.

Afrikaanse kabaret was sedert die sestigerjare grootliks 'n poging om die Europese kabaret na Suid-Afrika oor te plaas. In Europa is die kabaret sterk verbonde aan die café-teater. Omdat hier geen tradisie van café-kultuur was nie, het Afrikaners dié "Europese" kabaret-milieu kunsmatig probeer herskep in klein teaters - soos Truk se Théâtre Rendezvous in Pretoria en Kruik se Blakes in die Nico Malan - waar mense kan sit en rook en drink tydens die kabaret. In die ware Europese café het mense veral vir sosiale omgang bymekaargekom en moes die kabaret met die gesprekke meeding om aandag - 'n essensiële kenmerk van kabaret.

Dis nogal ironies dat die Afrikaner-bourgeoisie in die era van die "Rooi Gevaar" so versot geraak het op Brecht - wat in sy eie land in werklikheid 'n voorstander van die kommunisme was.

Brecht is in 1898 in die dorpie Augsburg gebore en word gehuldig as 'n genie wat 'n omwenteling in die Duitse digkuns gebring het. Al het Brecht in 'n middelklas-huis grootgeword, het hy hom sterk vereenselwig met die proletariese revolusie van Marx en Lenin en hul ideologie in sy toneelstukke en kabarette verkondig. Hy het geglo teater moet eerder vir onderrig gebruik word as vir blote plesier. Brecht se geloof in die eenheid van kuns en politiek het hom baie ongewild by die Duitse nasionaliste gemaak.

In sy kabarette het Brecht veral die *sprechtgesang* as uitdrukkingsvorm en skoktaktiek gebruik. *Sprechtgesang* is 'n tipe ondermyning van poësie wat teen die ritme en rym van klassieke poësie ingaan. Dit is altyd hardop voorgedra, begelei deur kru musiek. Dit klink wreed en ru op die oor, met 'n ondertoon van geweld.

Brecht is sterk beïnvloed deur die Franse kabaret. Hy, meer as enigiemand anders - met moontlike uitsondering van Frank Wedekind, Karel Valentin en Valeska Gert - het beslag gegee aan wat vandag bekend staan as die Berlynse kabaret.

Hy het "rook-teater" voorgestaan, teater waar mense kon rook en na toneelstukke kyk. Die rokery was as 't ware 'n manier om jou op 'n afstand te plaas. Die meeste van die kabarette is uitgevoer in die Berlynse café The Eleven Executioners.

IN DIE BEGIN van die eeu was die Duitse kabaret sterk onder die invloed van die Romantiek. Latere invloede het gekom van kunsbewegings soos die Bauhaus en die Dadaïste. Die Dadaïste het gereeld *soirées* gehou. Mense het poësie voorgelees, en dié voorlesings gemeng met teater, soos wat ook die Futuriste in Italië gedoen het. Dergelike byeenkomste is in 1912 en 1913 gehou in die Cabaret Voltaire in Zürich, regoor Lenin se destydse woning. Brecht het ook daar opgetree.

In die twintigerjare was Brecht die hooffiguur in Berlynse kabaret. Dié kabaret het daarvan gehou om die werklikheid te ondermyn. Brecht het self op die verhoog verskyn en sy *sprechtgesang* voorgedra, begelei deur swak banjo-spel. Karel Valentin, aangetrek soos 'n fietsryer, het op 'n fiets op die verhoog sy poësie voorgedra.

Die Berlynse kabaret het in sterk teenstelling gestaan met die Duitse establishment-teater van destyds, wat 'n weerspieëling was van bourgeois kultuur en waar gehore monokels en pelsjasse gedra het. Maar die minder gegoede mense en die meer intellektuele middelklas het verkies om dronk te word en kabaret te gaan kyk. Soos na die makabere danse van Valeska Gert.

Vir dié mense het Brecht sy kabarette geskryf. Vir die arm mense, wat nie in beheer was van die bourgeois-teater nie, was die kabaret 'n uitlaatklep vir hul kuns. Daar kon hulle hul poëtiese en visuele idees in teater vertaal.


Die Berlynse kabaret is ook sterk beïnvloed deur die swart Amerikaanse jazz-kultuur, waarin Brecht baie belang gestel het. Heelwat van die Berlynse kabaretmusiek was 'n kombinasie van Duitse ballades en dixieland-jazz.

ONDER DIE NAZI-regime het die Gestapo die kabaret - wat uiteraard anti-fascisties was - onderdruk en die meeste kabaretkunstenaars moes vlug. Brecht is eers na Switserland en toe vir 'n ruk na Amerika, waar hy met onder andere Charles Laughton aan toneelopvoerings saamgewerk het.

In die vyftigerjare keer Brecht terug na Oos-Duitsland op versoek van die nuwe regering. Hy en sy vrou, Helene Weigel, een van Duitsland se briljantste aktrises, gaan woon in 'n woonstel in Oos-Berlyn.

Ironies word Oos-Duitsland in sekere sin vir Brecht, die kampvegter vir die sosialisme, 'n artistieke tronk. Hy het die Berliner Ensemble bestuur, maar het sy revolusionêre kunsteorieë en style - soos die vervreemdings-effek wat Weigel vervolmaak het - nooit werklik verder ontwikkel nie.

Hy is in 1956 in Oos-Berlyn dood.




**Stephan Bouwer**

**Marié du Toit in *Brecht/Eisler***



# DIS ASOF DIE SLUISE OOPGEGAAN HET

## Sy is nou uitgeskree - maar nie uitgebrand nie, sê die sanger en aktrise Amanda Strydom

**DEUR CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN**

"MENSE soos ek - en daar is baie van ons - loop met 'n Kainsmerk, 'n passie, 'n pyn in ons," sê Amanda Strydom.

Sy lyk ontspanne, hier in haar knus huis in Johannesburg met die plante wat blompotte vol staan. "Die samelewing is perfek, dink jy, en jy's die enigste een wat met 'n vrot oor rondloop."

Strydom, sanger en aktrise van formaat, het van die laat sewentigerjare gehore aan haar voete gehad. Haar deurbraak het gekom as hoofsanger in Nick Taylor se musiekblyspel *Christian*. "Toe is ek as 't ware gebore," sê sy met 'n grinnik. Rolle het gevolg in *1922* en *Westgate III*, die film *Wolbaarstories*, die musiekblyspel *Die Hemelbed* met Tobie Cronjé en musiekstukke soos *Jerry's Girls*. Sy het landwyd beroemd en bemind geword - tot die "sewe maer jare" aangebreek het.

Haar gesig is sereen wanneer sy daaroor praat: die tydperk toe die pers, wat eers gaande was oor haar, 'n bohaai opgeskop het oor haar "Amandla!"-uitroep - nogal met 'n "Swart Mag"-teken daarby, het joernaliste destyds verontwaardig geskryf.

Dit was 1986 en die PW Botha-era het donker gebloei. Strydom het in Stellenbosch, die hartland van Afrikaner-patriargie, gedurf om haar liedjie "Die Pas", oor 'n swart vrou in apartheid-Suid-Afrika, af te sluit met die gewraakte "amandla". Dit het haar die toorn van volksvaders en -moeders op die hals gehaal.

Van daar af was dit afdraande: "Ek is deur 'n egskeiding en 'n miskraam. En elke keer het ek net weer gaan werk. So het ek aangekarring. I was running with the pack en het myself oor die grense gepush. Toe't ek net gecrack." En weer teruggekom: Strydom se hoeveelheid comebacks is fenomenaal. Elke tweede jaar berig koerante met fanfare: "Amanda is terug!"

"Ja," sê sy, "en elke keer as ek dink ek is terug, dan gaan daar wéér iets verkeerd met my. Dan val ek uitmekaar. Ek kon dit nie hanteer nie.

"Ek het begin wonder: wie is ek? Tien van die dertien jaar wat ek in die bedryf was, was ek net 'n image van wat mense gedink het ek is. Ek dink dis omdat ek hierdie geweldige veelsydige talent gehad het en alles gedoen het wat na my kant toe gekom het. Ek het begin besef almal het 'n stempel op my afgedruk. Mense moenie my label nie. Ek het 'n verskriklike behoefte aan vryheid, aan 'n eie identiteit. Al hoe ek myself kon suiwer, was om die waansin te laat uitwerk."

Strydom het troebel herinneringe aan dié tyd: "Dis verskriklik as jy bedwelm wakker word in 'n psigiatriese saal en 'n groep verpleegsters staan om jou en sê [met 'n skril stem]: 'Ek het jou mos gesê dis Amanda Strydom'."

FOTO: SALLY SHORKEND

Die laaste drie jaar was Strydom stil: sy het net een maal per jaar in After Dark in Pretoria opgetree, "sodat ek darem weet ek kan die ding nog doen".

"Ek het myself in selfopgelegde ballingskap uit die bedryf verwyder. As mens jouself wil vind, moet jy jouself isoleer. To get in touch with yourself is a very painful and wonderful experience. En ek het dit gedoen deur 'n toetentaal anonieme bestaan te voer. Ek het in 'n kantoor gaan werk waar niemand eintlik belang stel in wat ek doen en wie ek was of is nie.

"Johannes Kerkorrel en Didi Kriel het by my aangekom en gesê ek moet in hulle nuwe show kom sing. Dit was 'n midnight-show in After Dark. En so is ek geleidelik teruggelaat in die bedryf. Ek het altyd my depressie uitgeskree. Ek is nou uitgeskree - maar nie uitgebrand nie. Ek doen nou wat ek wil doen, ek gaan waarheen ek wil gaan."

Verlede jaar het *Arende* en *The Big Time* haar besig gehou. En sy werk nou as aanbieder by TSS: "Dis standvastig, dis rustig, iets wat 'n mens soos ek nodig het."

AS SY TE lank toneelspeel, sê sy, brand sy om weer te sing. En haar nuwe vertoning, *State of the Heart*, omvat albei talente. "Dis die eerste keer dat ek sit en 'n teks skryf. En dis asof die sluise oopgegaan het. *State of the Heart* speel voor 1948 af: in 'n goeie tyd, 'n blink tyd, toe Afrika nog jolly was - voor die witmense hier kom karring het."

Moenie iets akademies intellektueel of polities verwag nie, waarsku sy. "Dis net 'n storie met liedjies. Dit loop soos 'n Springbokradio-storie. Mense moet uit my show stap en sê dit was nice en lekker - dit moenie mense laat dink en wonder nie.

"Ek het 'n nuwe visie van wat ek wil doen op die verhoog. Ek het altyd te veel gewroeg. Dit was altyd 'Amanda gee my hoendervleis', 'Amanda roer'. Nou wil ek vermaak. Gehore wil soos kinders vermaak word, dink ek.

"*State of the Heart* is the state of my heart. Dit gaan oor 'n hart wat nooit ophou hoop, nooit ophou glo, nooit ophou liefhê nie. Abdullah Ibrahim het gesê om op te tree is 'like praying, like praising. It's a religious experience, like giving part of your soul'. Ek wil alles uit my sing. Ek wil sing sonder dat dit my laat bewe. As dit my nie meer laat bewe nie, weet ek dis uit my uit."

Volgende jaar gaan Amanda Strydom Europa toe saam met Johannes Kerkorrel en Didi Kriel. "Ek wil sien hoe 'n ander land met hul kunstenaars werk. Maar ek sal nooit die land verlaat nie - ek is 'n Afrikaan.

"Nou gaan ek my ding doen en nie ander mense s'n nie."

• *State of the Heart* is tot 30 Oktober in After Dark te sien.






# Denel. 'n Nywerheidsreus verrys uit Suidelike Afrika.

Daar is 'n maatskappygroep in Suidelike Afrika met 'n brandende begeerte om almal se lewenskwaliteit te verhoog en om 'n beter toekoms vir huidige en toekomstige geslagte te skep. 'n Groep genaamd DENEL.

DENEL is kapitaalkragtig en beskik oor 'n breë batebasis, ervare bestuur en gevestigde geskiedenis as 'n betroubare en stabiele verskaffer van 'n wye reeks militêre-, kommersiële- en nywerheidsprodukte.

DENEL bestaan uit 25 aparte operasionele en nywerheidsdivisies wat as individuele besigheidseenhede in die volgende hoofkategorieë sake doen naamlik lugvaart, stelsels, vervaardiging en ingenieursdienste, informatika en eiendomme, sowel as internasionale bemarking.

As u vennoot in Suidelike Afrika, maak DENEL deure oop na die res van Afrika en die Suidelike Halfrond.

DENEL sluit suksesvolle alliansies met gevestigde internasionale maatskappye. As vennoot kan u deel in die rykdom van tegnologiese vaardigheid, bemarkingskundigheid en verspreidingsnetwerke wat die DENEL groep bied. Saam kan ons werk aan 'n beter toekoms.

Vir meer inligting kontak:
**Ferdi Stark, Direkteur: Bemarking, Tel: (27-12) 428-0609 of Faks (27-12) 45-2009. Denel (Edms) Bpk, Posbus 8322, Hennopsmeer, 0046, Republiek van Suid-Afrika.**

DENEL


**Vir 'n beter toekoms**

## Divisies van Denel (Edms) Bpk

**Lugvaart:**
**Houwteq**
(Grabouw) Tel: (024) 50 5911.
Faks: (024) 59 3400
**OTR**
(Bredasdorp) Tel: (02847) 59 010.
Faks: (02847) 59 067
**Simera (insluitende Atlas Aviation)**
(Kemptonpark) Tel: (011) 927 9111.
Faks: (011) 395 1103
**Besigheidsontwikkeling:**
**Dendex**
(Erasmuskloof) Tel: (012) 428 0666.
Faks: (012) 453 914
**DMS (Korporatief)**
(Erasmuskloof) Tel: (012) 428 0911.
Faks: (012) 428 0799
**Informatika en Eiendomme:**
**Infoplan**
(Erasmuskloof) Tel: (012) 450 9111.
Faks: (012) 450 2879
**Excelsa**
(Pretoria-Oos) Tel: (012) 47 1106.
Faks: (012) 450 2879
**Bonaero Park (Edms) Bpk**
(Kemptonpark) Tel: (011) 918 1000.
Faks: (011) 918 1400
**Denprop**
(Kemptonpark) Tel: (011) 918 1000.
Faks: (011) 918 1400
**MediaMakers**
(Erasmuskloof) Tel: (012) 428 0970.
Faks: (012) 428 0975
**Denelpen**
(Pretoria) Tel: (012) 341 4330.
Faks: (012) 44 2435
**Umed**
(Pretoria) Tel: (012) 44 3275.
Faks: (012) 44 5444
**Vervaardiging:**
**Naschem**
(Potchefstroom) Tel: (0148) 27 151.
Faks: (0148) 98 1241
**PMP**
(Pretoria-Wes) Tel: (012) 318 1911.
Faks: (012) 318 1000
**Somchem**
(Somerset-Wes en Wellington)
Tel: (024) 429 2911. Faks: (024) 429 2111
**Swartklip**
(Kaapstad) Tel: (021) 376 1500.
Faks: (021) 376 1108
**La Forge**
(Boksburg) Tel: (011) 894 1321.
Faks: (011) 894 5413
**Stelsels (meganies en elektronies):**
**Eloptro**
(Kemptonpark) Tel: (011) 921 4000.
Faks: (011) 973 1627
**Kentron**
(Irene) Tel: (012) 671 1911.
Faks: (012) 671 1127
**LIW**
(Verwoerdburg) Tel: (012) 620 9111.
Faks: (012) 620 2283
**Mechem Konsultante**
(Silverton) Tel: (012) 803 7290.
Faks: (012) 803 7189
**Musgrave**
(Bloemfontein) Tel: (051) 21 2921.
Faks: (051) 21 2903
**Bemarking**
**Dinmar**
(Erasmuskloof) Tel: (012) 428 0910.
Faks: (012) 452 2843

DENEL

PRONAM TVL 1588

**John Malkovich ... 'n 'donker' humorsin.**

# 'SOORT VAN JEFFREY DAHMERIG OP 'N MANIER'

**John Malkovich in 'n Clint Eastwood-film? Dis omdat sluipmoordenaars hom boei, sê dié onkonvensionele speler van sy rol in *In the Line of Fire***

**DEUR CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN**

JOHN MALKOVICH is nie Hollywood se liefling nie. Hy trek sy neus op vir gewilde films. En hy jaag mense boonop die harnas in met uitsprake soos: "Huislose mense bereik niks nie want hulle probeer niks nie." Of oor die doodstraf: "Hoekom iemand 'n tweede kans gee as ons soveel mense nie eens 'n eerste kans kan gee nie?"

Polities korrek is hy nie. Wel een van die veelsydigste akteurs vandag op die silwerdoek. Van *Eleni* se inkennige, obsessiewe joernalis wat sy ma se moordenaars in Griekeland jag, tot die kille, gesofistikeerde aristokraat in *Dangerous Liaisons*; van die sluwe FBI-agent met die senutergende ondervragingmetodes in *Jennifer 8* tot die sensitiewe, maar dommerige reus in *Of Mice and Men*.

Nou is hy in *In the Line of Fire* te sien as Mitch Leary, 'n maniese sluipmoordenaar wat Clint Eastwood (as 'n geheime diens-agent) op hol het.

Dis vreemd om Malkovich, wat al gesê het "die stank van kuns" kleef aan alles wat hy doen, in 'n Amerikaanse hoofstroomfilm te sien - wat nog te sê 'n Eastwood-film! Toe hy die draaiboek lees, sê Malkovich, het hy nie gedink hy sal dit kan doen nie. "Dit het so *populêr* gelyk."

Hy vertel verder: "In populêre vermaak het jy baie keer te doen met ikone en argetipes en prototipes. Ek weet nie regtig hoe om sulke rolle *per se* te vertolk nie, want ek kan net 'n normale mens speel. So vir my was dit vreemd om 'n geweer te hê en, jy weet, te hardloop." Omdat sluipmoordenaars hom fassineer, het Malkovich die rol van Leary aanvaar.

Malkovich het drama gestudeer aan die Universiteit van Illinois-Oos. "As kind het ek altyd te veel aandag en te veel verbeelding gehad. Altyd. Om 'n akteur te word was vir my 'n soort logiese uitbreiding daarvan." Sy kinderdae was nie moeilik nie, sê hy, maar hy het ru deurgeloop onder sy ouer broer, Danny.

In 1976 skop Malkovich sy studie op en stig saam met Gary Sinise (later die regisseur van *Of Mice and Men*) die Steppenwolf Theatre Company. Hy debuteer op die planke in New York as 'n mallerige skobbejak in Sam Shepard se Kain en Abel-toneelstuk, *True West*. Sy vertolking van dié karakter, sê hy, is "geskoei op sy broer".

In 1984 speel hy in sy eerste filmrol: 'n fotojoernalis in *The Killing Fields*. Daarna volg *Places in the Heart*, *Making Mr Right*, *Eleni*, *Empire of the Sun*, *Dangerous Liaisons*, *Alive* en *Jennifer 8*. Malkovich sê hy het 'n afkeer van gewelddadige films: "Geweld in films lei tot 'n spul breindood, afgestompte, nihilistiese morone."

Soos 'n mens kan verwag, is Malkovich se Leary in *The Line of Fire* nie jou gewone skurk nie. Soos gewoonlik vat hy die persoonlikheid van die karakter fyn raak. Regisseur Wolfgang Petersen het Malkovich aangemoedig om in *In the Line of Fire* te improviseer - en Malkovich het nie op hom laat wag nie: in een van die spannendste tonele kom Eastwood en Malkovich van aangesig tot aangesig voor mekaar te staan. Ongelukkig hang Eastwood op daardie oomblik sewe verdiepings bo die grond aan Malkovich se hand. Eastwood haal sy rewolwer oor en druk dit in Malkovich se gesig. En, tot Eastwood en Petersen se verbasing, leun Malkovich oor en druk die loop in sy mond.

"Dit was so siek, so weird. Net John kan met so iets vorendag kom," sê Petersen. Malkovich sê: "Ek wou dit doen want dit was soort van uitdagend en seksueel - soort van Jeffrey Dahmerig op 'n manier."

Petersen sê hy het verwag Malkovich gaan 'n "broeiende, intellektuele" soort mens wees - "Hy is eintlik die snaaksste ou op aarde, met 'n baie donker sin vir humor." Dié "donker" humorsin word weerspieël in sy opmerking nadat hy as Leary twee vroue vermoor het: "Ek dink Steven Wright het gesê 'Women: you can't live with 'em you can't shoot 'em.' Ek dink dié toneel bewys Wright verkeerd." ■



# VIER VAAL VENTJIES...

**So drie dekades gelede het vier slordige Britse seuns bymekaargekom om 'n bietjie musiek te maak. Kort voor lank was die wêreld aan hul voete. Geen ander groep sedertdien het so 'n revolusie in die musiekwêreld ontketen soos die Beatles nie. Wat was hul geheim? CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN kyk terug na die Liverpool-fenomeen**

SOU enigiemand destyds kon dink dié groep seuns in eenderse pakke en sopkom-haarstyle wat glimlaggend "She loves you, yeah yeah yeah" sing, die grootste musiekgroep in menseheugenis gaan word? Of die parameters van populêre musiek radikaal verskuif met 'n enkele album? Miskien sou die histeriese meisies in die gehoor jou 'n voorgevoel kon gee van die skudding wat hulle deur die wêreld sou stuur.

Wat het die Beatles hul verstommende trefkrag gegee - 'n trefkrag wat nou nog voortleef? Dié vraag kan jou laat kopkrap. Mens weet dit het iets te doen met die skryfspan Lennon-McCartney - maar wat presies het die vier seuns van Liverpool laat uitstyg bo elke ander groep van toe tot nou?

Die Beatles het nie sleg afgeskop nie: in 1962 haal hul eerste single, "Love Me Do", die nommer 17-posisie in Brittanje, en die opvolgplaat "Please Please Me" bereik die nommer twee-posisie. Hul Amerikaanse deurbraak met "I Want to Hold Your Hand" het hulle die hoogtes laat inskiet.

Maar die Beatles se impak strek verder as musiek. Hulle het 'n tydsgees vasgevang. Dit was die bloeityd ná die Tweede Wêreldoorlog en die Britse publiek het in 'n gemaklike post-oorlog-selfvoldaanheid teruggesit. Die tyd was ryp vir vernuwing, vir 'n nuwe bewussyn. Die Beatles het die klem op die jeug geplaas - hulle was jonk en onverskrokke en optimisties. Hulle het die jong generasie bekend gestel aan 'n hele nuwe stel waardes en houdings wat strek van die oppervlakkige tot die diepere. Lewenstyle, lewensbeskouings en aspirasies is ingrypend beïnvloed deur die Beatles. Hulle het 'n weg geskep wat almal gevoel het hulle kon volg. Enigiets kon bevraagteken word - en alles was skielik moontlik.

Hul tydige deurbraak in Amerika het die Beatles nog meer onoorwinbaar laat lyk. Voor die Beatles het Britse musikante aan 'n soort minderwaardigheidskompleks gely: rock 'n roll het in Amerika ontstaan en die Britte het nie geglo hulle kon daarop verbeter nie. Cliff Richard, die grootste Britse sanger van daardie tyd, kon nie hond haaraf maak in Amerika nie. Amerikaanse musiek is dus slegs nageboots. Die Amerikaners se euforiese reaksie op die Beatles se aankoms in 1964 en die daaropvolgende sukses (posisies een tot vyf op die trefferslyste is deur Beatles-liedjies beset met sewe ander singles in die Top 100) het die Beatles finaal die grootste groep in die Weste gemaak.

Veral hul individualisme het aanhangers bekoor. Ontmoetings met koninklikes en die Britse premier Harold Wilson, aanbidding deur aanhangers, bekronings - niks kon hulle skud nie. Hulle het altyd getrou gebly aan hulself, hul eie aspirasies en idees.

Hoewel deel van 'n groep, het elke Beatle sy eie persoonlikheid behou en aanhangers kon om verskillende redes by elkeen aanklank vind: Ringo was gemoedelik, Paul mooi, John diepsinnig en George mistiek. En dit was maklik om jou met die Beatles te vereenselwig: hulle was gewoon, die seuns-van-langsaan wat in straat-sleng praat en

**CHRIS PRYOR, PLATEJOGGIE BY 702 EN ROCKKENNER:**

Ek is nie regtig 'n Beatles-aanhanger nie. Ek hou van donker rock: terwyl die Beatles aan die gang was, het ek na die Stones geluister. Vir my is hulle bietjie te poppy. Hulle het hul naam gemaak met drie-minuut popliedjies en regtig die tendens van kwaliteit-pop gevestig. Vir elke een Beatles-liedjie sal ek eerder twintig Rolling Stones-liedjies speel. John Lennon was die guts in die Beatles - vir my is Paul sonder John swak.




**PETER PEARLSON, PLAASLIKE PLATEVERVAARDIGER:**

Hulle is die grootste popgroep ooit. Hulle is toeganklik, opwindend en het met elke nuwe plaat gegroei. Al hul komposisies is tydloos. *Sgt Pepper's* is die belangrikste LP wat ooit uitgereik is. Ek was in Brittanje toe die Beatles groot was en het hul "Get Back"-optrede op die BBC se dak, wat lewend op TV gewys is, gesien. Hulle het mylpale gestel met hul produksie en die ingenieurswese op hul plate. En speur jy vandag se groepe na, lei die invloed op hul klank reguit na die Beatles toe.

eenvoudige liedjies met universele temas skryf.

Tog was hul intelligensie en humorsin skerper as enige idole vóór hulle. Hulle het bewys 'n gewone werkersklasseun kán uitstyg bo alles en op grootse wyse suksesvol wees.

Dit het die verbeelding van die jong generasie aangegryp - maar ook dié se ouers het nie onaangeraak gebly nie. Al het hulle nie van die "wilde" haarstyle gehou nie, het sentimentele ballades soos "Yesterday", "Michelle", en "She's Leaving Home" ouer hartsnare geroer terwyl die jeug "I am the Walrus" en "Helter Skelter" geniet het.

JOHN LENNON was van die begin af die middelpunt van die Beatles - en in later jare was hy die simbool van die anti-establishment-tydsgees. Hy was 'n soort siniese anti-held met 'n verwronge humorsin. Gevra oor sy gunsteling soort motor, antwoord hy: 'n bus. Lennon was 'n renegaat, 'n avontuurlustige, talentvolle musikant wat vroeg al geïrriteerd was met die Beatles se aanvaarding deur die establishment.

Bob Dylan se komposisies het Lennon so beïndruk dat hy besluit het om uit die "yeah yeah"-formule te breek. Surrealistiese woordspeling het sy forté geword; sy liedjies het meestal uit outobiografiese fragmente bestaan. (Sy ongewone "Norwegian Wood" op *Rubber Soul* [1965], die album waarmee hulle in 'n meer oorspronklike rigting beweeg het, handel oor ontrouheid aan sy vrou, Cynthia.)

Lennon se omstrede uitspraak, "Christianity will go. It will vanish and shrink. We're more popular than Jesus now", was die eerste openbare teken dat hy lank nie meer tevrede is met die Beatles se ordentlikheid nie. Hiermee het hy die grootste heilige koei van die establishment sonder ontsag aangetas. En tipies van hom, het hy nooit *reguit* apologie aangeteken nie. Wel verduidelik, maar sonder verskoning.

Lennon en McCartney se strydige temperamente is die sleutel tot die Beatles se trefkrag. Terwyl McCartney ywerig met die establishment geflankeer het, het Lennon die establishment tot in sy fondamente geskok. McCartney het 'n goeie neus vir besigheid gehad - hy het besef wat nodig was om die top te bereik. Lennon het eers daarmee saamgegaan, maar al hoe meer daarteen geskop. Die wisselwerking tussen die twee het gesorg vir uitstekende musiek aan die een kant, en 'n uitdagende bevraagtekening van die *status quo* aan die ander kant. En nie 'n sekonde te vroeg of te laat nie: die tydsgees het albei verlang.

Die botsing tussen Lennon en McCartney is musikaal tot uiting gebring in sterk wedywering van vroeg af. McCartney se gedurige neiging om oulike, lighartige melodieë te skryf, is aanhoudend deur Lennon se sarkasme en sinisme kortgeknip.

McCartney het, met sy besigheidsneus, die psigedelie van hippiedom aangegryp en met die konsep van *Sgt Pepper's Lonely Hearts Club Band*

**LOCHNER DE KOCK, SANGER EN AKTEUR:**

Ek is 'n kind van die Beatles-tyd. Veral John Lennon het 'n geweldige invloed op my gehad. Sy boek *In His Own Write* het my geïnspireer - ek het self in jibberish begin skryf wat later lirieke van liedjies geword het. Hul lirieke is deurdag en poëties, hul nootprogressies ingewikkeld maar bedrieglik eenvoudig. Daar is nie een musikant wat onaangeraak is deur die Beatles nie. Toe ek hul *A Hard Day's Night*-film gesien het en Ringo laat sy koerant so sak, het ek harder as die meisies geskree. Ek het soos 'n vark gegil. •

## 'N NEDERIGE BEGIN

TOE die 16-jarige John Lennon in 1956 Elvis Presley se "Heartbreak Hotel" die eerste keer hoor, kon hy sy ore nie glo nie. Met 'n Spaanse kitaar, vir 12 pond gekoop, op sy naam stig Lennon summier die Quarry Men.

In 1957 nooi 'n lid van die groep 'n klasmaat oor om te kom saamspeel. Sy naam was Paul McCartney. Die dag toe Lennon oor McCartney se skouer loer om sy vingers op die snare te volg, is die mees skeppende skryfvennootskap in die geskiedenis gebore. Hul liefde vir Buddy Holly, Elvis Presley en Amerikaanse rhythm & blues snoer hulle saam. 'n Jong seun genaamd George Harrison, wat eers deur Lennon verpes is omdat hulle hom moes "saamsleep", sluit hom ook aan.

Stuart Sutcliffe, wat Lennon by die Liverpoolse Kunskollege ontmoet het, skaar hom ook by die groep. Hulle moes 'n naam kies: beïnvloed deur Holly se Crickets, stel Sutcliffe "beetles" voor. Lennon verander dit na Beatles - 'n woordspeling op "beat-les".

In 1960 reël Allan Williams, hul destydse bestuurder, konserte in 'n klub in die rooiliggebied in Hamburg, Duitsland. Pete Best sluit hom aan as tromspeler. Voor prostitute en hul kliënte speel die Beatles elke aand ses ure aanmekaar. Om die gehoor se aandag te trek, doen Lennon wulpse parodieë op Presley se verhoogoptredes. Dié energieke optredes berei die groep voor vir latere konserte.

Brian Epstein, die eienaar van 'n Liverpoolse platewinkel, bied sy dienste as bestuurder aan (sommiges sê dit was omdat hy verlief was op Lennon). Hy verander die Beatles van 'n slordige klomp seuns in 'n blink groep musikante in netjiese pakke.

Ná 'n aantal teleurstellende oudisies by verskillende platemaatskappye, oorreed hy uiteindelik vir George Martin, 'n obskure vervaardiger van komedieplate by Parlophone, om 'n platekontrak met die Beatles te sluit. In 1962 haal die eerste single, "Love Me Do", die nommer 17-posisie op die Britse treffersparades. - CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

**PAUL RIEKERT, ALIAS JOOS TONTELDOOS:**

Ek hou glad nie van die Beatles nie. Hulle is net te clever, te sweet, te nice. Hulle irriteer my veral in die video's as hulle so inbuig na die mike toe en sing yeah, yeah yeah. Hulle het 'n ongelooflike tipe hype reggekry, maar ek dink hul musiek is oorskat. *Sgt Pepper's* is interessant - niks meer nie. Ek dink die latere Beatles-goed is goed - maar mense ken dit nie. As hulle sê Beatles, bedoel hulle "Yellow Submarine". Ek hou van John Lennon se *Mother*-LP - dis net jammer van Yoko Ono.



(1967) vorendag gekom. Maar Lennon het gewig aan die konsep verleen met die psigedeliese surrealisme van sy "Lucy in the Sky with Diamonds". Dié dwelm-besielde surrealisme word uitgebalanseer deur sy visie van die harde werklikheid - en, soos een artikelskrywer opmerk, "he's tried to take art to reality". Lennon se post-Beatles-musiek illustreer die punt veral.

Lennon se absurde observasies van die daaglikse realiteit in "A Day in the Life" vang die wanhopige toestand van die mens vas. Die onvanpaste, amper dromerige reël "I'd love to turn you on" duik soos 'n hallusinasie tussen sy grou waarnemings op. Hier kan mens egter sien dat McCartney onontbeerlik was in die Beatles: sy heerlik verfrissende lirieke in die middel van die liedjie verskaf 'n noodsaaklike wending.

"A Day" wys hoe McCartney en Lennon mekaar kreatief aangevul het. Ook op *Magical Mystery Tour*, waarin die psigedeliese tema van *Sgt Pepper's* sterker uitgebou word, is Lennon se "Strawberry Fields Forever" die somber teenvoeter vir McCartney se sonnige "Penny Lane". Interessant is dat die twee liedjies albei se herinneringe aan hul kindertyd vervat.

George Harrison is van die begin af oorheers deur Lennon en McCartney se sterk, konflikterende persoonlikhede. Maar hy het Westerse ore aan Oosterse klanke bekend gestel. Die Beatles se flirtasie met mistisisme - hul Indiese ervaring onder leiding van die ghoeroe Maharishi Mahesh Yogi - het die grootste indruk op Harrison gemaak. Sy "Within You Without You" op *Sgt Pepper's* gooi nóg 'n styl in die reeds kleurryke verskeidenheid.

Die *White Album* is 'n oordonderende bewys van die Beatles se musikale virtuositeit. Artikelskrywers skryf die eklektiese diversiteit toe aan die konflik tussen McCartney se kommersiële instinkte en Lennon se vasbeslotenheid om "elektroniese klank-gedigte" te skep. Die gevolg was 'n taamlik ongedissiplineerde mengelmoes waarin Harrison vir die eerste keer die kans gekry het om hom as vermaarde komponis te ontpop.

Die spanning tussen Lennon en McCartney kom tot 'n breekpunt ná die uitreiking van *Abbey Road* in 1969: die chaos van die *Let It Be*-opnamesessies lei tot Lennon se "I want a divorce". In 1970 spat die Beatles uitmekaar - en gepas ook. Hulle het die era gedefinieer met hul musiek en lewensuitkyk; hulle was die versinnebeelding van die vernuwing in kultuur. Veral Lennon word die ikoon van daardie generasie: sy musikale kreatiwiteit en konfrontasie van die establishment (ook deur sy latere "bed-in for peace"saam met Yoko Ono) inspireer mense tot vandag toe.

Die Beatles was die ultimate popmusikante, baanbrekers sonder weerga. Hulle het die grense van pop so ver gestrek as wat dit kon gaan - en in die proses steeds daarin geslaag om tot 'n gehoor van alle ouderdomme te spreek. Van 1970 tot vandag poog groepe vergeefs om dit te oortref.

## Rooi en blou plesier

DIE rooi en blou dubbelalbums is einde ten laaste op CD vasgevang. Dis 'n aanwins vir aanhangers en toekomstige aanhangers, want die twee albums, *The Beatles 1962 - 1966* en *The Beatles 1967 - 1970*, bied 'n goeie oorsig oor die Beatles se fleurige loopbaan. Die vroeë, meer kommersiële musiek is op die rooie te vinde; die bloue bevat musiek van die legendariese *Sgt Pepper's Lonely Hearts Club Band* tot die *White Album, Magical Mystery Tour, Abbey Road* en *Let It Be*.

Interessanthede sluit onder meer in: 'n weergawe van "Let It Be" op *1967 - 1970* wat verskil van die *Let It Be*-weergawe; liedjies wat kortspelers was en nie op albums te kry is nie, soos "The Ballad of John and Yoko" en "Hello, Goodbye"; liedjies op skaars LP's soos "Don't Let Me Down" en George Harrison se "Old Brown Shoe".

teater



Bridget McCarthy en Rehane Abrahams in *Shots in the Dark*

# SEKS, ANGS EN FANTASIEË

**DEUR BEVERLEY MITCHELL**

KYK mens na wat deesdae in die teater opgevoer word, val dit op hoe wyd vervreemding op 'n seksuele vlak uitgebeeld word. Die meeste mense is van nature onseker, maar in seksuele verhoudings neem dié onsekerheid 'n demoniese karakter aan.

In *Shots in the Dark*, nou in die New Black Sun in Johannesburg te sien, word die paranoia en angs van twee verliefdes wat hulle in 'n woonstel afgesonder het, met teerheid, uitbundigheid en woede uitgebeeld. Dit is irrelevant dat die verhouding lesbies is, want dié vervreemding (van mekaar en die buitewêreld) is 'n fenomeen van die meeste post-yuppie verhoudings.

Delicious (Bridget McCarthy) en Marathon (Rehane Abrahams) kan hul hande nie van mekaar afhou nie. Marathon is geweldig behep met seks, sy het selfs 'n monsteragtige toestel, wat as vibrator dien, om haar onversadigbare wellus te bevredig. Dit blyk ook dat sy verveeld met haarself en Delicious is. Om aan die verveligheid van die lewe te ontsnap, lewe hulle hul fantasieë uit deur seksuele speletjies te speel. Die skeidslyn tussen werklikheid en die speletjies is baie dun, want soms blyk dit dat hul aangenome karakters hul huidige realiteit vir altyd gaan oorheers.

Een van McCarthy se karakters, die brutale en kru Richard, is onder die walglikste en skreeusnaakste karakters wat nóg op die planke verskyn het. McCarthy wys met dié uitbeelding - veral in die 087-telefoongesprek - dat sy nog een van ons beste komiese aktrises kan word. Abrahams, of sy nou die karakter van 'n man of 'n vrou speel, smeul van die sensualiteit.

Die stuk is ook deur McCarthy en Abrahams geskryf en mens kan hulle net gelukwens met 'n boeiende en weldeurdagte teks. Regisseur Melissa Ferguson het dié twee voortreflike aktrises se ongelooflike energie uitstekend gekanaliseer.

*Ten to Ten*, geskryf deur Martin Jacklin, wat op 1 November by die New Black Sun open, is nog 'n stuk wat mense gaan laat regop sit. Regisseur Savo Tufegdzic slaan 'n nuwe rigting in - hy oorbrug die gaping tussen fliek en teater. In die eerste paar minute voel dit asof jy in 'n fliek sit. Voordat een van die akteurs op die verhoog verskyn, sien jy 'n kommersiële advertensie op 'n skerm agter die verhoog speel. Net daarna verskyn die titel-sekwensie en begin die storie op die skerm speel. In ware movie-styl. Skielik gaan die ligte aan - en dáár sit die vrou wat nou net op die skerm verskyn het, op die verhoog. Mens kan nie help om terug te dink aan jou kinderdae toe jy gewonder het wat sou gebeur as John Wayne skielik uit die skerm na vore tree nie.



Chris Biko en Jenny Chadwick in *Ten to Ten*

Die storie vind een oggend in 'n bioskoop plaas. Susan (Jenny Chadwick, wat haar debuut as aktrise maak) het kom fliek kyk. Dis tien voor tien. Sy is lus vir niks en niemand nie, en wil net alleen wees. Skielik loop Mike (Chris Biko) by die deur in en gaan sit agter haar. Hy loer haar so skelmpies aan. Hy wil haar nader. Sy is nie lus vir sy gesprek nie en ignoreer hom. Maar Mike glo aanhouer wen. Hy kom sit langs haar. Sy vervies haar, sê hom om te loop, maar hy wil niks daarvan weet nie. Daar is spanning in die lug. Sy gryp na haar handsak met die traangasspuitjie - sy voel veilig, dít sal haar teen hom beskerm. Maar op die ou end het sy geen beheer oor die gebeure nie, want Mike is 'n meesterlike manipuleerder.

*Ten to Ten* gaan oor kwessies wat elke vrou sal aanraak en die spanning wat Biko en Chadwick wek, gaan mense se kele 'n bietjie droog laat word.

klassieke musiek

# Mooier kan 'n viool nie

**DEUR PHIL DU PLESSIS**

Dong-Suk Kang (viool)
in die Baxter-konsertsaal
vir die Cape Town Concert Club
met Lamar Crowson (klavier)
en met die Kaapstadse Simfonie-orkes
(dirigent David Tidboald) in die Kaapstadse stadsaal

'N GROOT vreugde op die musiektoneel is die gehalte van die soliste wat nou weer die land besoek. Dit is baie jare laas dat mens vioolspel soos dié van Dong-Suk Kang in ons sale gehoor het. Ek is met sy spel dadelik aan sommige van die deugde van David Oistrakh herinner: 'n verruklike toonklank, suiwerheid selfs in die mees hartstogtelike oomblikke, volmaakte intonasie, onbegrensde vaardigheid en 'n sin vir musikale styl wat keer op keer presies in die kol is.

Met Lamar Crowson aan die klavier is die gehoor deur twee musikante wat meesters is van Franse koloristiek en liriese styl, getrakteer op 'n onberispelike uitvoering van die vioolsonates van Claude Debussy en Guillaume Lekeu. Melodieë is in hierdie fantasie so lekker lank uitgerek dat jy soms voel jy is amper weer by die huis sonder dat jy presies weet waar jy was, maar dit was baie mooi hier.

Toe trek menere Dong Suk-Kang en Crowson weg met sigeunermusiek van Sarasate wat jy kon sweer uit die rook van 'n kampvuur in 'n eksotiese landskap kom. Die heerlikste was egter Fritz Kreisler se eenvoudige Liebeslied, waar die violis die beste Weense rubato gewys het, begelei deur 'n wonderlik-uitgeligte teenmelodie op die klavier. Praat van musikale veelsydigheid!

Die uitvoering van Jean Sibelius se vioolkonsert was begeesterend vir die orkes én die gehoor. Dikwels het ek net geweet: méér skoonheid en 'n kragtiger, ryker klank kán jy nie uit 'n viool haal nie.

Dong-Suk Kang is so klein dat sy instrument byna soos 'n groot altviool lyk, maar sy hele liggaam en gees is met hierdie uitvoering aan sy instrument gewy.



Jesse Bradford en 'n rykmaat in *King of the Hill*

# DIE VERTROOSTING VAN LEUENS

DEUR CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

## Steven Soderbergh, die befaamde regisseur van *sex, lies and videotape*, se jongste film, *King of the Hill*, draai nou in Suid-Afrika

DIE bohaai oor Steven Soderbergh vier jaar gelede was verstommend: op grond van één film - *sex, lies and videotape*, 'n film wat die meeste kritici in daardie stadium nog nie gesien het nie - is die 26-jarige regisseur 'n "boy wonder" en "hot phenomenon" genoem en vergelyk met Francis Ford Coppola, Martin Scorsese, Robert Altman en Federico Fellini.

Die vernaamste ooreenkoms tussen hom en dié indrukwekkende galery regisseurs? Hulle het almal die Goue Palm-prys vir die Beste Film by Cannes gewen - en in 1989 het die jong regisseur, skrywer en redigeerder van nêrens (eintlik Baton Rouge, Louisiana) ook dié gesogte prys losgeslaan.

Soderbergh het dus goed afgeskop. Vóór *sex, lies and videotape* het hy net 'n rock-dokumentêr oor die groep Yes op sy naam gehad. Dit is benoem vir 'n Grammy, maar het nie een gewen nie. Toe, met *sex, lies and videotape*, word hy eensklaps die groot nuwe hoop in die kwynende Amerikaanse filmbedryf.

Sy volgende prent, *Kafka*, met Jeremy Irons in die hoofrol, is verbasend lou ontvang. Dis 'n fiktiewe vertelling van voorvalle in die Tsjeggiese skrywer Franz Kafka se lewe. Resensente het dit "imposant" genoem, maar gemeen Soderbergh het te swaar op Hitchcock-films en ekspressionistiese Duitse prente gesteun.

DAT SODERBERGH ANDERSINS sy eie kop volg, is duidelik. In onderhoude ná die sukses van *sex, lies and videotape* sê hy: "Dis die soort film wat ek wil sien. Ek's 'n lid van die gehoor, ek sien flieks, so ek probeer net myself tevrede stel." En: "Ek glo nie daarin om 'n akteur te manipuleer nie en ek glo nie daarin om toe te laat dat ek gemanipuleer word nie." Ondanks *Kafka* se mislukking by die loket en die kritiek daarteen, het hy voortgegaan met sy volgende projek: *King of the Hill*, 'n film wat nie juis kommersieel aanklank sou vind by die gemiddelde fliekganger nie.

*King of the Hill* is gegrond op die memoirs van AE Hotchner, 'n obskure inwoner van St Louis in die jare dertig. Die film vertel die verhaal van die skrander 12-jarige Aaron, wat uit 'n arm huis kom. Trots laat die seun vindingryke leuens oor sy afkoms vertel. Sy ouers is argeoloë, of hulle is geëet deur kannibale in Afrika; sy pa is 'n vlieënier op 'n geheime sending vir die regering, ensovoorts. In werklikheid is sy pa 'n verkoopsman wat kerse verkoop wat nie kan brand nie; sy ma is sieklik; sy broer is weggestuur omdat sy ouers nie nóg 'n mond kan voed nie.

Soderbergh lewer 'n geslaagde uitbeelding van die gevoelens van 'n kind wat vroeg-vroeg opgesaal is met volwasse verantwoordelikhede. Hy wys die ontbering van die dertigerjare sonder om sentimenteel te raak - Aaron se halsstarrige weiering om sy waardigheid te verloor (anders as sy pa), roer die kyker. Jesse Bradford se spel as Aaron is fyn genuanseerd en nooit oordrewe nie.

Ondanks die estetiese kinematografie, die oortuigende toneelspel en die knap manier waarop die tydperk vasgevang is, sleur *King of the Hill* die kyker nooit mee nie. Jy kyk as onbetrokke toeskouer na die gebeure.

Soderbergh beeld 'n gesin uit wat onder die broodlyn lewe - maar sy uitbeelding is so aantreklik dat die karakters se opset nie oortuig nie. Die voordeel van dié uitbeelding is dat die grouheid van Aaron se werklikheid treffend ontvou. Die film kon maklik 'n tranetrekker gewees het, maar die fokus bly op die jong protagonis en hoe hy die werklikheid hanteer.

Met *King of the Hill* bewys Soderbergh weer sy veelsydigheid as skrywer en regisseur. Hy trap versigtig om die kommersiële slaggate waarin ander Amerikaanse regisseurs so gereeld val: sy films is eerlike, soms humoristiese pogings om mense se gevoelservaringe vas te vang sonder om in stereotipering of schmaltz te verval.

# filmresensies

DEUR CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN



Karina Lombard en Nathaniel Parker in *Wide Sargasso Sea*

## *Wide Sargasso Sea*

Een of ander Amerikaanse filmmaker het êrens gehoor dat 'n kunsfilm eintlik net 'n verskoning is om lekker sekserig te raak. En toe word *Wild Orchid, Wild Orchid II* en *Naked Tango* terstond gemaak: films wat baie soos porno sonder die seks is. John Duigan se *Wide Sargasso Sea* is geen uitsondering nie. Dié film laat jou behoorlik terugsteier van pure walging. Waar *Wild Orchid* ten minste die verwagte potjie meganiese seks aan die einde gehad het, herinner *Wide Sargasso Sea* aan *Zandalee*: die "erotiese" oomblikke bestaan uit nabyskote van vol vroulike lippe wat middein 'n passievolle oomblik "sensueel" verstar. Of 'n vlietende skoot van die ronding van 'n sweterige boud/bors. Aangesien jy hard probeer om jou lagbuie te beteuel, maak dié tonele geen indruk nie. Die Victoriaanse kostuums is koddig en die kamerawerk in dramatiese oomblikke (soos waar 'n vlammende papegaai deur die lug trek) rukkerig. En kán toneelspel so swak wees, wonder mens onwillekeurig: indien die twee hoofspelers, Karina Lombard en Nathaniel Parker, wel 'n poging sou aanwend om met oorgawe te speel, sou hulle in elk geval deur die onsamehangende draaiboek gepootjie word. Interessant speel Michael York en Rachel Ward ook daarin - werk is seker baie skaars.



## *Watch It*

Regisseur en skrywer Tom Flynn het met *Watch It* 'n suur weergawe van *Singles* gemaak: verhoudings word uit die manlike oogpunt bekyk - en Flynn slaag daarin om elke nare vermoede omtrent sekere mans te bevestig. Die film gaan oor 'n speletjie wat vier huismaats met mekaar speel: op onverwagte tye stel hulle vir mekaar vindingryke lokvalle. Die een wat uitgevang word, word met die waarskuwing "watch it" uitgelag. Manlike "kameraderie" neem in die film kinderagtige en ongenaakbare afmetings aan.

Michael (Jon Tenney) is jou tipiese, gevoellose


*Kultuur* IS VROT MELKPO IN KOEVERTJIES



r a d i o s o n

LINDSAY SMITHERS-FCB 5900/1/A



Suzy Amis en Peter Gallagher in *Watch It*



Franco Nero in Pupi Avati se *Brothers and Sisters*

manlike chauvinistiese vark wat vroue om hom met 'n klap van sy vingers manipuleer. Rick (Tom Sizemore) is 'n gladbekkige, onvolwasse mannetjie wat vroue graag so maklik soos Michael sou wou manipuleer. Die vriendelike, innemende teenvoeter vir dié twee is die sensitiewe John (Peter Gallagher van *sex, lies and videotape*-faam) wat vroue met agterdogtige respek hanteer.

Oor na die vroue: Anne (Suzy Amis) mag miskien intelligent wees, maar wil tog asseblief net nie alleen wees nie. Daarom val sy vir elke moontlike truuk van Michael. En dan is daar Brenda (die wonderlike Lili Taylor wat laas in *Arizona Dream* gesien is) en Ellen (Cynthia Stevenson), onbeïndruk deur die seuns se speletjies.

Behalwe vir een skerperige reël - "I'm a woman. When you grow up and become a man, 'phone me" - irriteer *Watch It* van begin tot einde. Dis 'n swartgallige kyk na hoe simpel mense kan wees en Flynn se pogings om die film opbeurend te maak (deur 'n poets in te gooi as dinge swaar raak), faal jammerlik.

# ITALIAANSE FILMFEES

Die Alitalia-Sacis Italiaanse filmfees is van 5 November in die Rosebank Mall, Johannesburg, te sien.

Vyf films van die bekende Italiaanse regisseur Pupi Avati word vertoon: The Story of Boys and Girls, Brothers and Sisters, Graduation Party, Christmas Present en School Outing.

Vir liefhebbers van klassieke Italiaanse films is daar Kaos, Long Live the Lady, Identification of a Woman en Orchestral Rehearsal.

Die werk van jonger Italiaanse regisseurs word verteenwoordig deur Michele Placido se Pummarò, Roberto Giannarelli se Downtown Rome, Silvano Agosti se Sweet War Farewell, Francesco Martinotti se Abyssinia en Carlo Mazzacurati se Another Life.

Elke film word drie keer vertoon en die fees duur tot 18 November.


EIER WAT HULLE DESTYDS VERKOOP HET.



*Kultuur loop sy eie paadjie. Van Hans Die Skipper tot by Griet Skryf 'n Sprokie. Van Maria Callas tot by Karla Krimplien. Vir die een mens is dit kuns en musiek, vir 'n ander is dit godsdiens en politiek. Afrikaans Stereo is 'n kultuurstasie.*

*In vandag se warrelwindwêreld luister ons hoe die moderne Afrikaanssprekende leef, wat hy doen, wat hy sê, wat hy glo, hoe hy sing, lag, huil en onthou. Ons gaan terug na die goeie goed van gister, haal dit uit en vryf dit blink. Afrikaans Stereo loop oor die brûe na anderland en ondersoek die bande met ons stamkulture. Ons spring oor die draad en gesels met die buurkulture. Ons dink onafhanklik, ons diens is vars en lewenskragtig, dit erken verskeidenheid en praat met insig. Ontmoet ons by 100/104 FM en ontdek die kultuurwêreld van vandag saam met Afrikaans Stereo.*

AFRIKAANS AS STEREO 100-104 FM

*d e r g r e n s e*

# 'N WAAGMOEDIGE WEIFELING

*Weifeling* deur Koos Prinsloo. Hond, R39,95.

**GERRIT OLIVIER**

"A Portrait of the artist", die eerste teks in Koos Prinsloo se *Weifeling*, begin met die waarskynlike begin van "hierdie storie" soos wat die jonger skrywer hom voorstel die ouer skrywer dit sou vertel het. Ná die aangehaalde begin, met 'n voetnoot na Hennie Aucamp, tree 'n gedistansieerde derdepersoonsverteller die teks binne om aan te dui dat wat hy beskryf, die laaste samesyn van die ouer en die jonger skrywer is. En dit is 'n vooruitwysing na die slot, wanneer die twee mekaar vir oulaas by die stasietoilet sien en dan "asof in die niet verdwyn" - woorde waarin die motief van die "alleenloper" op aangrypende wyse gedramatiseer word. Dat die teks as geheel die jonger skrywer se "storie" is waarna hy hom "vir oulaas" wend, word op 'n paar plekke duidelik gemaak.


Dis gevaarlik om te veel aan 'n titel op te hang. Tog is die subtiele en ingewikkelde konstruksie van die eerste teks een van die sleutels tot wat in hierdie bundel onder "weifeling" verstaan kan word. Die verskillende moontlike hoeke waaruit 'n storie vertel kan word, die kombinasies van briewe, voetnote en konvensionele vertelling dui gesamentlik aan dat ons hier nie te make het met werklikhede nie, maar met 'n konstruksie wat heelwat van 'n werklike situasie in hom opsuig en dit tegelyk relativeer.

Die twee motto's wys vooruit na die atmosfeer en geaardheid van die verhale eerder as wat hulle 'n spesifieke motief uitspel. Volgens Gianni Celati se "Writing is a way of passing time..." gee skryf aan die wêreld terug slegs wat dit daaruit geneem het. Hierdie tydverdryf sluit ook aan by die sentrale posisie wat tyd by Prinsloo inneem. Belangriker nog is die motto van Luc Sante oor "uncertainty" as die enigste "betroubare" aspek van alle informasie. Dit is dié "weifeling" wat inligting lastig en gevaarlik maak, maar daarin lê die skoonheid van mededelings wat as kommoditeite nie veel werd is nie.

Verwysings na gesagsverhoudings, na verskillende opvattings oor die verhaalkuns en veral na die dood en sterftes (Tsjechof, Carver) maak van "A portrait of the artist" 'n ryk teks. As storie is dit 'n inskryf teen die advies van die vaderlike ouer skrywer (voetnoot 27: "for fathers are like weeds - they grow everywhere"), 'n verset teen die literêre neiging om van die partikuliere na die algemene, die "human condition" te beweeg.

Een van Prinsloo se bydraes tot hedendaagse "metafiksie" lê in die opstelling van die "jonger skrywer" as verhaalfiguur teenoor die "ouer skrywer" en die uitgewer: die magskontekste van die literatuurbedryf. Terwyl "A portrait of the artist" die afskeid van 'n ouer soort Afrikaanse prosa én van die ouer skrywer is, stel "Die jas" ons bekend aan die magstryd skrywer-uitgewer.

In ooreenstemming met die "onsekerheids"-beginsel is dit die "toevallige" sien van Szvabó se Kolonel Redl wat die besluit inspireer om 'n storie oor 'n jas te skryf. Die seksuele kompromieë van die uitgewer vind 'n logiese voortsetting in sy uitbuiting van die skrywer: soos die lugubere getroude man wat deur 'n loergat kyk, smeek hy om 'n "glimp", 'n "kykie" in die nuwe manuskrip. Die teks eindig met 'n ontstellende kykie op hóm waar die "jaloerse waanbeeld" wat hy aanbid, die gesig word van die "stuiptrekkende Stront" - weerkaats in Edworksskoentjies, sodat 'n mens nie seker kan wees of dit dalk sy eie gesig is nie.



"DIE WILDBEWAARDER" bevat weer 'n vervlegting van "stories": 'n hervertelling van iets wat Gerhard verskeie kere vertel het, en wat hy by Hannekie gehoor het. As gehoor voer Prinsloo hier twee getroude pare op, wie se reaksie en kommentaar voortdurend die motief van seksuele ambivalensie ondersteun.

Op "Haasjag", wat as verhoogstuk aangebied word, volg die drie laaste "stories" in *Weifeling*: "Die storie van my neef", "Die storie van my pa" en "Die storie van 'n slapelose man". Gedagtig aan die titel en die motto's, sien 'n mens ook hier verskillende fasette van die begrip "storie", onder andere: storie as konstruksie, storie as mondelinge vertelling, storie as manier om die tyd te verdryf terwyl die tyd verbygaan.


"Die storie van my neef" bestaan byna volledig uit berigte en gerugte rondom 'n sterwende aan Aids, wat neerslag vind in die gebruik van gemeensame uitdrukkings: Die taal self word draer van 'n nuuskierige, maar tegelyk verdoeselende ingesteldheid by die twee groepe waartussen die verteller beweeg: die familie en die homoseksuele vriende. Die storie van Bennie is 'n storie van stiltes en verswygings - maar terwyl die verhaal eindig met 'n bevestiging hiervan in die woorde "Bennie het vir sy ma-hulle gesê hy het dit van 'n bloedoortapping gekry", is die verteller in verskillende toonaarde, van die nugtere tot die makaber-poëtiese ("Ja, staan nader, geliefdes [...] netjies lê die passaat op sy skubberige swambedekte melkwit tong") besig om die dood (om te skryf is "passing time") op die voorgrond te plaas.

Die ruimte ontbreek om in te gaan op die aangrypende "Die storie van 'n slapelose man", behalwe om te sê dat die terapeut in sy slapelose bepeinsing van die dood aanland by Cioran; die skrywer wie se bevrydende nihilisme, 'n jukstaposisie met die boetedoening van Gesualdo, as byna emblematies beskou kan word.

DIT VOER MY tot "Die storie van my pa": 'n speelse teks wat sterker as enige ander verhaal toon dat Prinsloo, soos reeds in sy vorige boek, emosionele gebiede betree waarvoor min ander skrywers kans sien. Teenoor die pa: die minnaar aan wie verhale vertel word, saam met wie 'n ontmoeting herdenk word, en ook teenoor die pa: 'n woedende, verdrietige verteller wat die laaste boodskap aan "my arme, arme, o so verstote, o so beduiwelde, o tot die dood bedroef en bedonderde, arme stokoue fokken ou pa" steeds uitstel: "Ek sou my pa 'n brief kon skryf" - "Wat ek in dié brief nie sou vertel nie" - "Van ons herdenking vertel ek my pa wel" - "Wat ek hom ook nie nou al sal vertel nie". Dis 'n verhaal van liefde en wanhoop, iets wat jou hart breek.

Weifeling mag die woord wees, en tog weet elke ware skrywer: weifeling en onsekerheid is die één ding wat deur trefsekerheid van tegniek nie opgehef nie, eerder geaksentueer word. Hierdie boek is geen *Slagplaas* nie - niemand skryf nog so 'n boek 'n jaar later nie - maar 'n bevestiging, meedoënloos en indrukwekkend, dat Prinsloo verteltegnies, emosioneel en in sy aanvoeling vir die komplekse verhouding van teks tot werklikheid verder ontwikkel het as miskien enige ander skrywer in Afrikaans. ■

# SURREALISTIESE SEKSPRAATJIES




*Investigating Sex: Surrealist Discussions 1928-1932*, onder redaksie van José Pierre en in Engels vertaal deur Malcolm Imrie. Verso. Prys nie vermeld nie.

**WILLIAM PRETORIUS**

DAAR'S talle grappe oor mense wat nooit seks het nie, maar gedurig daaroor praat. Te oordeel na dié boek, kry jy ook mense wat dit dikwels doen - én daaroor kan praat.

Die deelnemers aan dié twaalf besprekings - waarvan net twee tevore gepubliseer is - het van sessie tot sessie gewissel. Louis Aragon, Raymond Queneau, Rene Magritte, Max Ernst, Yves Tanguy en Paul Eluard het van die sessies bygewoon en André Breton was by elkeen. 'n Wye verskeidenheid onderwerpe is aangeraak - van seks en plesier, masturbasie en seksuele fantasieë tot fetisjisme, homoseksualiteit en bestialiteit. 'n Hooftema is die moontlikheid van gelyktydige orgasme by man en vrou, en hoe om dit te bereik.

Die Surrealiste wat deelgeneem het, het probeer objektief wees sonder, soos Dawn Ades in haar nawoord dit stel, die ideologie van 'n "totalising theory". Die fokus is op die persoonlike, die konkrete, en nie op die maatskaplike of sielkundige aspekte van seks nie. Afwesighede word kragtig: die gesprekke word wesenlik om vroue opgebou. Chauvinisme sluip natuurlik in. Aragon kasty almal goedgemanierd: "Before leaving, I must declare that what disturbs me about the majority of the answers given here is the notion which I believe I detect of the inequality of the man and the woman. For myself, nothing can be said about physical love if one doesn't start from the fact that men and women have equal rights in it." Feministe sou dit goedkeur. Vroue is by 'n paar van die latere besprekings toegelaat en kon wat seksuele geheime en intieme fantasieë betref, meeding met die beste van die mans.

HOEWEL DIE klem op die persoonlike is, is die taal in die besprekings nie seksueel *per se* nie en word dit nie pornografies in die sin dat sogenaamde pornografie die persoonlike kan erotiseer en seksuele teater kan skep nie. Die Surrealiste stel meer belang daarin om Surrealiste te wees as in seksuele prikkeling. Breton, byvoorbeeld, verkies sodomie met 'n vrou omdat dit subversief, anti-bourgeois is en nie noodwendig omdat dit meer plesierig is nie. Hy verpes homoseksualiteit - verrassend genoeg, want dit het 'n subversiewe potensiaal - maar, soos dié besprekings wys, verminder morele perke die kragtige vermoë van seks om aanvaarbare norme te ondermyn. Die meeste deelnemers neem 'n houding aan van leef-en-laat-leef, en sommige erken selfs hulle het homoseksuele fantasieë.

Al die Surrealiste het seks in hul vroeë kinderjare begin verken, sommige deur seksspeletjies met hul maatjies, manlik sowel as vroulik. Freud (wat nie genoem word nie) sou homself waarskynlik 'n glimlag gun oor dié erkenning van die verskeidenheid van kinderseksualiteit.

Die boek, wat selfs volgens vandag se standaarde baie reguit praat, is boeiend, amusant en verrassend. Antonin Artaud woon 'n sessie by (hy lyk baie intens), en laat blyk dat hy selfbehep en outo-eroties is.

Die poging om samehangende teorie te vermy hou die gesprekke kort en bondig. Dié publikasie 60 jaar later, is nostalgies. Nou besef 'n mens hoe beheersd en reduktief seksuele teorie geword het, hoe dit onderdruk is deur ideologie - van links sowel as van regs, van feministe gekant teen pornografie tot radikale queer-teorie, fundamentaliste, wedergebore Christene, identiteitspolitiek, ens. Voeg Aids by, en 'n mens begryp waarom ons deesdae waarskynlik te bang is om dit te doen en tot vervelens toe daaroor praat.

# SO VAN SEKS GEPRAAT

*Vox* deur Nicholson Baker. Granta Books, R25,86

**HANS PIENAAR**

ALLE menslike seksualiteit is onnatuurlik - geen ander wese pleeg seks op enige plek, enige seisoen, of enige tyd soos die mens nie. Daarom is Westerse houdings oor byvoorbeeld gay seksualiteit as iets ad hocs of marginaals so onsinnig, en wys dit op 'n dieper repressiewe meganisme iewers. Dieselfde geld masturbasie, wat nog 'n slegter naam as gay seks het, al is gesonde seks met foreplay tegnies gesproke 'n vorm van masturbatus interruptus.

Die twee "hoofkarakters" van *Vox* (die kultusroman wat nou in slapband-sakboekformaat by Granta Books verskyn het) is masturbeerders. Hul versagtende omstandighede: die een ly aan 'n vaginale infeksie wat gesonde seks pynlik en ongesond maak. Die ander vind gesonde omgang eenvoudig ongesond vervelig. Foreplay is vir hom die ekstatiese kern van seks. Albei wend hul tot porno-video's, maar ontdek gaandeweg dat iets kortkom - nie intelligensie nie, nie estetika nie, nie moraliteit nie, maar die menslike stem.

Die stem is die mens se belangrikste seksuele instrument, vind hulle. Wanneer die logika van hul behoeftes ons twee anti-helde tot inbelseks verlei, is hulle eers soos alle gesonde mense goed afgesit, maar dan kom hulle op 'n inbelseks-deellyn(!) by mekaar uit.

Dis waar die boek begin, wanneer twee hoogs intelligente mense, sinies en 'n bietjie verlore, maar hoogs welsprekend... en baie lus vir seks met mekaar begin praat. Hulle vra mekaar die gewone sleazy vrae - wat het jy aan? aan watter deel van jou lyf vat jy? - maar gou begin die stem, met sy ironiese infleksies, sy verleidelikheid, sy verskuilde betekenisse, sy kreatiwiteit, oorneem.

Hulle fantaseer oor seks in alle vorme, wat die grootste deel van die boek ook vir nie-masturbeerders lekker maak. Vir etlike ure werk die twee mekaar so op. Dit gebeur omdat hul stemme ook 'n versperring word - 'n soort maagdevlies - want die stem aan die ander kant, weet hulle, kan

**BOEKE**

# UIT DIE MOND VAN DIE SUIGELING

**In Mark Behr se roman *Die reuk van appels* (Queillerie) kom die elfjarige seun van 'n generaal in die Suid-Afrikaanse Weermag van aangesig tot aangesig te staan voor die werklikheid van apartheid. Behr vertel aan BEVERLEY MITCHELL waarom hy dié boek geskryf het**

EK HET BEGIN skryf toe ek sestien jaar oud was en wou brutaal eerlik in my skryfwerk wees. Ek glo vas skryf is een van die enigste maniere in die wêreld waarop 'n mens totaal eerlik kan wees. Ek het baie poësie en kortverhale geskryf, en 'n paar novels wat ek langs die pad laat vaar het.

In *Die reuk van appels* word die storie deur die elfjarige seun Marnus vertel. Hy is die seun van die jongste generaal in die Suid-Afrikaanse weermag. Die storie speel in 1973 af, en dit vind alles in een week in Desember plaas.

Die generaal is besoek deur 'n Chileense generaal wat in die geheim na Suid-Afrika kom. Sy naam mag nooit genoem word nie. Die familiehuis is in Valsbaai in die Kaap. Die naam Valsbaai word as metafoor vir wit Suid-Afrika gebruik. In daai week kry die seun 'n blik op wat dit is wat die hegemonie in Suid-Afrika laat tick. Die verhaal gaan oor sy keuse, oor of hy gaan reageer en hóé hy gaan reageer. Maar ten spyte van sy insig kies die seun om die ongeregtigheid voort te sit. Hy kies vir sy pa en vir apartheid Suid-Afrika, vir nasionalisme en vir patriargie.

Die briewe wat ek kry, die reaksie op my boek, spreek hoofsaaklik skok uit oor die besef dat die meeste wittes wel daai keuse gemaak het. As wittes het ons almal geweet wat aangaan in die land. Al het apartheid ons nou veilig geskei van ons swart broers en susters, het ons wel geweet - ons kan nooit soos die Duitsers sê ons het nie geweet nie. Die meeste mense wat aan my skryf oor die boek is vroue. Hulle gee 'n soort skuldbelydenis dat hulle ook dieselfde tipe kinders grootgemaak het. Hulle vra raad van my: "How can we undo what we've made of them?"

Die boek het in Februarie vanjaar verskyn en selfs toe ek oorsee was, het ek briewe van hierdie vroue ontvang. "Wat moet ons doen met die monsters wat ons gehelp kweek het?"



Mark Behr ... "Ons kan nie sê ons het nie geweet nie." (Foto: Sally Shorkend)

DIE KIND VERTEL die storie sonder enige redigering. Hy gebruik elke cliché en stereotipering waarmee ons grootgeword het. As die leser hom as bona fide-kind aanvaar, is daar 'n soort ironie - want hy praat die heeltyd van kaffers, dat hulle stink, dat hulle vuil is. Soos witmense oor swartmense gepraat het - en witmense wil nie vreeslik herinner word dat hulle eens op 'n tyd so gedink het nie. Want vandat die transisie nou begin het, is daar mos nie één wat apartheid ooit ondersteun het nie.

Die boek was 'n poging om af te reken met myself en my eie ondersteuning van apartheid. Op die ouderdom van 21 het ek vir die eerste keer van Nelson Mandela en Steve Biko gehoor. Ek het apartheid aktief ondersteun. Ek was 'n offisier in die weermag in die Angolese oorlog. Dit was 'n groot eer vir my om in die Suid-Afrikaanse Weermag te wees.

Ek wou met hierdie storie dekonstrueer hoe ek ooit so 'n sisteem kon ondersteun het - so maklik, so klakkeloos, so onkrities. En wat ek ook met hierdie storie wou doen, is om vir ander mense - veral wittes - te sê: jy moet vergeet daarvan om in die Nuwe Suid-Afrika in te gaan tensy jy besef dat jy is wat jy is.

I mean we cannot transcend our racism by just changing our language. And that is what the vast majority of white South Africans want to do at this stage. And until we look at ourselves honestly - that we as subjects contributed in our own way, that we have internalised the language, the socialisation, the stereotypes, the preconceived ideas, the suspicion and the fear - I cannot see how something like nation-building cannot but remain a fallacy. Nation-building in South Africa has to happen relentlessly in an honest way. Unless we compile an inventory of what has made us what we are, we're bullshitting ourselves about how we've changed.

EK HET DIE kinder-narratief gebruik om te verhoed dat die boek preek. Kinders is baie eerlik. Hulle sê dit soos dit is. Dit is soort van onopgesmuk, onkwalifiserend en totaal eerlik. Want die kind het nog nie die intellektuele skills om te redigeer nie. En as niks anders in die Bybel waar is nie, is één ding wel waar: uit die mond van die suigeling sal 'n mens altyd die waarheid hoor.

In die boek plaas ek dieselfde skuld op God oor wat in die land gebeur het as wat ek op witmense in Suid-Afrika plaas. Ek neem die hele regverdiging van apartheid deur die kerk baie ernstig op. Op 'n baie subtiele manier bevraagteken ek ook die hele manlike konsep van God. Die feit dat God as heteroseksuele man gesien is. Dit is baie subtiel gedoen, want ek kon dit nie kru doen nie - dit is 'n kind wat vertel. En tensy mense die ironie verstaan wat in die boek aangebied word, is hulle geneig om verkeerd te verstaan wat aangaan. Dit kan maklik lyk of ek apartheid ondersteun - want ek sê nie wat die kind sê, is verkeerd nie. Daar is empatie van my kant af.

Ek het agtergekom dat ek nie die waarheid kan skryf as ek net met woede skryf nie. In my eerste draft het ek met meedoënlose woede vir blanke Suid-Afrika begin skryf - maar ek het gou besef dat ek net protes-literatuur skryf.

# FYNPROE NETTIE PIKEUR

# SOET, RYP AARBEIE HULDIG DIE SOMER IN

SOMERWEER in die Kaap, at last. Ons word al hoe vroeër wakker en kyk hoe die see stadig begin verkleur. Wanneer dit helder lig is en die spreeus om die huis begin piep (hoekom is dié voëls so irriterend? Hulle is oral, en jy kan die goed nie verjaag nie) doop ek een vars aarbei ná die ander in wit jogurt vir brekfis.

Onthou julle nog hoe skaars aarbeie vroeër jare was, en hoe volop hulle nou is? Elke tweede groenteman op straat verkoop sy kissie aarbeie, en teen die einde van die dag kan jy die prys tot R2,50 afdwing vir 'n respektabele hoop aarbeie.

Aarbeie met jogurt, of roomys, of roomkaas is van die lekkerste somerkos op aarde. Suurlemoen maak hulle nog lekkerder en probeer gerus om aarbeie sonder die alewige suiker voor te sit. Dit laat hulle water trek.

Onthou om die aarbeie te was net voor jy hulle eet, nie vroeër nie - hulle trek water. Ook, die sap van aarbeie maak jou vingernaels swart - gebruik dus 'n mes om die stingels uit te trek.

Ek gee weer dié heerlike resep vir 'n aarbeitert, 'n maklike standby wanneer daar volop vrugte is.

**AARBEITERT**

**Maak 'n kors van beskuitjiekrummels en gesmelte botter. Druk die mengsel in 'n groot tertbord vas. Verf 'n lagie kweperjellie op die kors en rangskik heel vars aarbeie styf teen mekaar daarop, puntjies na bo.**

**Smelt 2 botteltjies van die bogenoemde jellie in 'n pannetjie, en roer 2 lepels sjerrie of brandewyn by. Giet die jellie versigtig oor die aarbeie, en maak oornag in die yskas koud sodat die jellie stol en die aarbeie effens sag word en hul sap begin uitloop. Bedien met geklopte room.**



Jy kan aarbeie ook net so met 'n lepel suiker in die menger gooi, en dan stadig 'n stroompie room bygooi tot dit glad word. Die outydse poeding kan jy met nog room voorsit. Baie mense hou van die smaak van sjokolade en aarbeie. Vir hulle koop jy Woollies se goddellike sjokolademousse, en snipper stukkies aarbeie by.

Bevrore jogurt met aarbeie is ook besonder lekker. Moenie kliphard vries nie en klits dan goed. Dit is veral lekker as jy, soos Mies Pikeur, nooit kan onthou om suiker in die huis aan te hou nie.

Dié resep vir aarbeisous kom nog uit die *Meals for a Month* van Phillippa Chefitz en Shirley Friedman. Wys nou net - as 'n kookboek die toets van die tyd deurstaan, moet dit waarlik voortreflik wees. Ek het dié nommer, sedertdien etlike kere al verbeter en heruitgegee, in 1975 gekoop.

**AARBEISOUS**

**Mash 500 g vars aarbeie en hou die sap. Voeg water by die sap om 300 ml op te maak. In 'n klein pannetjie, meng 1 eetlepel Maizena en die sap, en roer tot glad. Laat kook vir 5 minute. Voeg aarbeie en 'n kwartkoppie kirsch of 'n ander likeur by. Maak goed koud. Bedien dié sous met roomys of roomkaas.**

Aarbeie pas natuurlik goed in 'n vrugteslaai met appels, pere, koejawels en piesangs, so aan. Een vriendin maak selfs 'n groenslaai met vars aarbeie, kruie, komkommer en gesnipperde grasui. Dié slaai is veral lekker by 'n braai, sê sy, of saam met geroosterde filet as jy die dag ryk voel.

Ricotta is een van daardie kase wat volmaak by vrugte soos aarbeie pas. Maak die klassieke Ricotta-room, en versier dan met aarbeie vir 'n pragtige en indrukwekkende poeding.

**RICOTTA-ROOM MET AARBEIE**

**Meng 'n klein pakkie Ricotta in 'n menger met 2 eierdooiers, 2 lepels suiker en 1 lepel brandewyn of soet sjerrie. Skep die poeding (dit bly dik, word nie souserig nie) bo-oor aarbeie en bedien met 'n likeur of soetwyn.**

Dit bring ons nou by wat om te drink by vrugtegeregte soos aarbeie. Moenie halfsoet wyn versmaai nie, veral nie dié uit warm streke soos Robertson en Citrusdal nie. Ek het in een van my ou kookboeke weer dié lekker Spaanse drankie gevind, en verkies dit nog steeds gemaak met witwyn, nie rooiwyn nie, en die wyn ook nie alte droog nie.

**WIT SANGRÍA**

**Meng 1 bottel witwyn, 2 koppies gemmerbier, 'n skoot suurlemoensap, ditto brandewyn, een fyngekapte appel en 'n knippie fyn kaneel. Versier verder met klein heel aarbeitjies. Verdun drankie met sodawater, of drink net so.**

Skink uit groot bekers in lang glase, en eet nog 'n vars aarbei om die somer in te lui.

# WYNPROE



## Veritas-pryse: haal uit en wys!

**DEUR HENRY NOLTE**

'N MENS kyk tóg twee keer na 'n vrou in 'n mooi, mooi rok. En op 'n rak kan 'n bottel wyn met 'n oulike of aanvallige baadjie erg verleidelik wees. Ek weet: ek koop graag een.

Dis die natuur. Maar dis ook goeie bemarking. As iets jou oog vang, haal jy dalk jou beursie uit. Goeie of slim verpakking dus.

'n Mens sou dus dink dat die nuwe Veritas-pryse ieder en elke wynmens wat sy produk wil verkoop, sal aanspoor om - kom wat wil - die blink plakkertjies op die bottels te kry sodat die publiek dit kan sien. Ek bedoel: wie sal, as hy voor 'n ry weisser rieslings staan en moet kies, nié die bottel Nederburg 1991 (R13,60 by Solly Kramer) vat as die prys reg is én as daar 'n dubbelgoud-plakker op die bottel is nie? Dis mos common verkoop-sense.

Maar moenie glo nie!

Soos hierdie Nolte, glo Distillers se grootbaas ook: hoe meer plakkers en medaljeversierings, hoe beter. Dís hoe jy jou wyn onder die koper se aandag kry. Meneer Distillers se onderlinge deel egter nie sy geesdrif nie.

Een van hulle - jy ken mos die verkoopkêrels met die geperste pakke en grys skoene - gooi al wat 'n verskoning is op waarom dit so onprakties is om die plakkers op die bottel te kry.

Volgens die Veritas-stelsel se reëls moet die wyne wat beoordeel word in die mark wees. Minstens 200 kiste. Met ander woorde, ouens soos ek en jy móét hulle kan koop. Uiteraard is baie van die wyne wat die gesogte pryse wen - veral die goue en prestige dubbelgoud - daarom reeds op die rakke.

Om die plakker op die bottels te kry, is dus bietjie van 'n omslagtige taak. Moeite, sê ek, maar dit wel werd. Jy stuur jou mense en gee die bottelwinkeleienaar die plakkers en vra hom om hulle op te plak. Ek bedoel: dis tog ook tot sy voordeel om die wyn te verkoop.

Maar sê nou hy pak die dubbelgoud eerder op die Oom Tas as op die Buitenverwachting Buiten Blanc 1993 (R10,09 by Vaughn Johnson)? gooi grysskoene die probleem op. Maar meneer, sê ek, hoe sinies kan jy wees en wat van so 'n bietjie produklojaliteit? Werk julle mense dan nie aan ondersteuning nie?

Vir my lyk dit so duidelik soos daglig: onse wynmark is in 'n benoude windstilte en ons moet alles doen om verkope aan te moedig. As dit dan beteken dat elke grysskoenkêrel self die plakkers moet gaan opplak, sal ek sê hulle moet dit doen. Só sal ons ook die prestige van die Veritas-pryse vestig en aanmoedig.


Die Veritas-medaljes is 'n taamlik demokratiese aanduiding van gehalte, ten spyte van sommige suurbekke wat nou kla dat hul ingeskrewe wyne kwansuis stief behandel is - siestog, 'n ou bronsie en hy verkoop vir oor die twintig rand! Vir ons verbruikers is hulle nuttige aanduidings van wat ons behoort te drink.

Dis veral lekker om die dubbelgoues op die goedkoper rakke raak te loop. En as jy regtig wil weet watter van daardie wyne op die winkelrakke gewen het, kan jy jou eie boekie van die KWV (Posbus 528, Suider-Paarl 7624) kry. Stuur twee rand saam. Die boekie gee sommer heelwat inligting oor die Veritas.

Nie dat almal in die wynbedryf so 'n slapgathoudig oor die Veritas het nie. Verlede week vertel Philée Momberg oor 'n heerlike middagete in hul nuwe proeplek op Middelvlei hoe trots haar man - dis nou Stiljan - op sy goue plakkers is. Hy sal persoonlik sorg dat hulle op die bottels kom.

Proe maar daardie heerlike vol shiraz van hom van 1988. Dis meer as 'n gouemedalje-wyn! (R16,88 by Vaughn Johnson).

# ONTDEK 'N EETPLEK



**Waterfront Café**
**Victoria & Alfred Hotel**
**Victoria & Alfred Waterkant**
**Kaapstad**
**Tel: (021) 419-6677**

**DEUR HANLIE DE WAAL**

MET my besoek aan dié uithangplek een Saterdagaand was die Kaapse weer so in 'n opregte Kapenaar se kraal - 'n sagte motreëntjie en 'n ligte klam wind wat die seereuk saamdra. En toe die vriendelike ge-uniformde jongman ons wys presies waar om te parkeer ("Onder die palmboom langs die rooi Merc") het ek geweet dit was 'n goeie roep.

Die Waterfront Café vorm 'n deel van die V & A Hotel en bestaan uit 'n formele restaurant met tafels so gespasieer dat 'n mens privaatheid het, en 'n terras toegemaak met glas. Dit bied 'n pragtige uitsig op die hawe en Tafelberg (as dit nie reën nie). Daar is ook 'n Waterfront Bar langs die restaurant waar 'n mens voor ete 'n drankie in style kan drink.

Nog 'n vriendelike jongman het ons verwelkom met 'n glasie sjerrie en 'n aptytwekkertjie: 'n phyllo-tertjie gevul met gemengde groente - 'n pasella van die chef. Dis nou om te help ontspan terwyl jy die menu en wynlys bestudeer. Die wynlys het my beïndruk - nie net die inhoud nie, maar ook die kort beskrywing van elke wynsoort. En die pryse was nie buitensporig nie - R25 tot R30 vir 'n goeie bottel cabernet sauvignon.

Die voorgeregte sluit interessante disse in, soos gerookte krokodilstertslaai voorgesit met 'n grenadella- en lemoensous. Ons het albei die spinasieslaai met spek, knoffel-croutons en 'n appelwyn vinaigrette gekies (R14,50) en dit was heerlik. Al klagte, as mens dit so kan noem, was dat die porsies heeltemal te groot was vir 'n voorgereg, maar as 'n ligte middagmaal met 'n Kaapse wyntjie sal dit onverbeterlik wees.

Ná die voorgereg volg Campari-sorbet in 'n langsteelglas. Die effens bitter smaak van die Campari het die smaakbekers uitstekend voorberei op wat nog sou kom.

Onder die entrée was verskillende visgeregte, 'n vegetariese gereg bestaande uit vars groente en fetakaas voorgesit in 'n phyllo-mandjie met sampioen en kruiesous en vleisgeregte. Ek het die beesfillet met camembert en wildesampioensous probeer. Die vleis was net reg berei en die sous daarby uit die boek. Die gerasperde camembertkaas was 'n bietjie oorheersend.

My metgesel het die wildsrugstring met jenewerbessiesous en swartkersies gekies. Hoewel die vleis sappig was, was die wildsvleissmaak nie opvallend nie, en kon die kok se hand swaarder gewees het met die jenewerbessies in die sous. By navraag het die vleis koedoe blyk te wees, en 'n mens moet darem in gedagte hou dat dit nie so "wild" smaak soos byvoorbeeld springbok nie. Bykosse was groente en aartappels of rys, en albei geregte het R32,50 gekos.


'n Alphen Cabernet Sauvignon het die ete aangevul. Die porsies was weer so ruim dat nie een van ons dit kon baasraak nie.

Ongelukkig kon ek nie my kant bring by die soetgoed nie, maar dit het nageregte soos warm sjokoladekoek met kersies en crêpe suzette ingesluit.

Alles in ag genome was dit 'n uitmuntende ete, en die nie-so-jongman wat die agtergrondmusiek verskaf het, het hom goed van sy taak gekwyt.


Bespreek dus gerus 'n tafel vir jou Kersete of wanneer jy jou nuutste skelmpie probeer beïndruk.

Bottomline: stemming, diens en uitsig amper volle punte, die ete 'n goeie B+ en die Kaapse weer 100 persent.



# DIE GEHEIMENISSE VAN GRIDIRON

## Lyk Amerikaanse voetbal vir jou na 'n sinlose geharwar? LOUIS KIRSTEIN verduidelik hoe dit werk




Bron: Spur/M-Net

GRIDIRON, oftewel Amerikaanse voetbal, neem al hoe meer van ons TV-tyd in beslag - maar menige kyker kan nog g'n kop of stert daarvan uitmaak nie.

Engelse immigrante het rugby en sokker na Amerika gebring. Die eerste amptelike Amerikaanse voetbal-wedstryd was op 6 November 1869 tussen die kolleges Rutgers en Princeton. Rutgers het 6-4 gewen.

Maar eers in die 1880's het Walter Camp van Yale Universiteit die Engelse Rugby Unie-reëls verander om Gridiron sy beslag te gee. Hy het die 15 spelers na 11 verminder en die vaste skrum laat vaar. In 1906 is die verreikendste reël ingestel - die vorentoe aangee. Saam met dié reël het die kwartagterspeler sy verskyning gemaak.

Dié veranderinge was net die begin - die puntestelsel sou agt keer verander, die grootte van die veld 16 keer en die balgrootte ook agt keer.

Gridiron het amper 'n vroeë dood gesterf. Weens die geweld in die spel - in 1905 is 18 spelers dood en 159 ernstig beseer - het pres Roosevelt ingegryp. "Dit moet stop of ek stop die spel." Nuwe reëls is toe gemaak om beserings te voorkom.

IN 1922 het professionele voetbal onder die vaandel van die National Football League verskyn. Die spel is aanskouliker gemaak, die vorentoe aangee is aangemoedig en al hoe meer mense het na wedstryde gaan kyk. Teen die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het 'n miljoen Amerikaners wedstryde bygewoon - 'n nuwe rekord vir destyds.

Vandag is die veld 91,4 meter lank en 48 meter wyd. Die doelpale is 5,6 meter uitmekaar en die dwarslat drie meter bo die grond. Elke 1,5 meter of 5 tree van die veld is met wit lyne afgemerk. Die doel van elke span is om tot by die end-sone deur te dring en 'n drie te druk.

Elke klub bestaan uit 45 lede, verdeel in drie spanne: aanvallers, verdedigers en 'n spesiale span. Die aanvallers moet die bal in die teenstanders se gebied indra. Die verdedigers moet die aanvallers keer en die spesiale span word op die veld geroep wanneer daar geskop moet word. Net 11 spelers van 'n span word op die veld toegelaat.

Wanneer aangeval word, moet 7 van die 11 spelers op die skrumlyn wees. Dié kragtige spelers beskerm die ander spelers wat die bal gaan ontvang. 'n Verdediger kan op enige manier blok, behalwe om sy hande te gebruik.

Die senter staan in die middel en moet die bal na die kwartagterspeler gooi. Sodra hy gooi, begin die spel. Vier spelers heet die links- en regsduikers. Hulle moet gapings in die verdediging skep vir die hardlopers met die bal. Hulle moet ook die verdediging blok. Die ontvangers hoef nie groot te wees nie, maar moet vinnig wees. Hulle moet die gapings raaksien en vorentoe hardloop.

Die doel van die aanvallende span is om die bal minstens 10 tree (3,05 meter) te dra. Daarvoor kry hulle vier kanse.

Kry hulle dit nie reg nie, neem die ander span die bal oor. As hulle verder as 10 tree kan vorder, kry hulle weer vier kanse.

Kan hulle nie vorder nie, kan hulle met hul vierde poging 'n spesialis-lid, 'n skopper, inroep. Hy kan die bal so ver moontlik in die ander span se gebied skop. Die ander span kry dan kans om met die bal te hardloop.

Dra 'n speler die bal verby die doelpale, kry sy span ses punte. Die bal hoef nie grond te raak nie.

Die ses punte kan agt word as die bal deur die skopper verdoel word.

'n Doelskop tel drie punte. Dit gebeur selde meer as 50 tree (15,25 meter) van die doelpale.

Nog twee punte kan aangeteken word as die aanvallers die verdedigers in hul eind-sone met die bal betrap.

Speeltyd is vier kwartier-periodes met 'n halftyd ná twee kwartiere.

Omdat daar so baie maniere is waarop 'n span die horlosie kan stop duur die spel gewoonlik 'n paar ure. Gedurende die 60 minute is die bal maar sowat 15 minute in spel.

Al lyk die spel baie aggressief, is dit veiliger as ons Curriebekerrugby. Spelers mag ander nie skop, met die knie stamp of pootjie nie. Hulle mag nie 'n speler onder die skouers met die voorarm of elmboog slaan of sy masker gryp nie. Jy mag ook nie op 'n speler val as die bal reeds dood is nie.

Die vuilspeler se span kan gestraf word deur een van hulle vorentoe bewegings weg te neem of selfs die speler te diskwalifiseer.

Sewe beamptes moet die 1 800 reëls toepas.


televisie

# klipoog

## soos 'n goed-geoliede woer-woer

KLIPOOG kyk met gemengde gevoelens na *The Big Time II*, die voortgesette avonture van Frank Opperman... 'skuus, die arm Grieks-Cipriese immigrant Chris Karedes, wat verbete van voornemens is om sy fortuin in Suid-Afrika te máák (by hook or by crook).

Die attraksie vir Klipoog is die energie wat gedurig op die skerm knetter en die gebeure 'n soort uitasem-gevoel gegee, asof 'n emosionele uitbarsting die hele tyd dreig. Die groot bron van dié energie is Frank Opperman, wat sê sy vertolking van die ambisieuse Karedes is gegrond op 'n samestelling van omtrent al die Griekse kafeebase in Johannesburg, by wie hy "rondgelê en in die proses honderde koppies Griekse koffie gedrink het".



**Frank Opperman sonder die olie en die snor.**

Dis 'n likely story, maar Klipoog wonder of Opperman nie ook in Nederland gaan koffie drink het nie, want die ding waarin sy karakter Klipoog die meeste herinner, is 'n windmeul. Iets aan Karedes swaai gedurig: as dit nie sy arms is wat vir Stavros (Nicky Rebelo) swaai om te wys hoe onnosel die ding is wat hy nou alweer aangevang het nie, is dit sy lyf wat swaai om te wys watter opwelling van Grieks-Cipriese woede hy voel oor die jongste gekonkel van sy aartsvyand Galanikis (Alain D Woolf).

SELFS AL SIT hy stil, kry Opperman dit reg om steeds 'n swaaiende gevoel vol te hou, soos 'n windmeul wat as 't ware luier in afwagting van die volgende storm. 'n Mens sien dit gou raak as die storm begin opsteek: Chris Karedes se hele extended family begin saam met hom swaai, al vinniger en vinniger, tot die emosionele klimaks in 'n warrelwind van woer-woerende arms, bene en oor die algemeen Grieks-Cipriese immigrante-lyftaal tot uitbarsting kom.

Al ou wat nié saamswaai nie (want selfs 'n orkaan sou hóm nie kon roer nie) is Karades se stuitig-skame raadgewertjie Cyril Cohen (Russel Savadier), die "pudgy pudding" wat oënskynlik in die reeks is om onbeholpe na Maria (Diahann Chidrawi) te vry, maar eintlik dien as die stil oog van die storm, en om 'n bietjie ekstra etniese kleur by te voeg as die seun uit 'n ortodokse Joodse familie.

KLIPOOG WORD vaagweg bekoor deur al die bruisende energie (wat ook deur David Lister se regie onderstreep word) - maar is dit werklik 'n oortuigende "etniese" energie, dit wil sê 'n kenmerkend Grieks-Cipriese immigrante-energie, wat so stormagtig uitgestraal word? Daarvan is Klipoog nie heeltemal oortuig nie. Deel van die energie is waarskynlike te danke aan die vinnige pas waarmee dramatiese wending op dramatiese wending volg (draaiboekskrywer Gray Hofmeyr moes al die wel en wee in agt episodes inpas).

Maar saam met die vinnige tempo, gestroop van fyner besonderhede, kom die gevaar dat die karakters met so 'n breë kwas geskilder word dat hulle in "etniese" stereotipes verval. 'n Mens sou dit nog in randfigure kon aanvaar, maar vir Klipoog bly selfs die een karakter wat deurentyd in die kollig is - die onstuitbare Karedes - 'n onoortuigende stereotipe, nie net wat Opperman se "kleurryke" spel betref nie, maar ook in voorkoms: van die potloodstreep-snor tot die geoliede hare. (Wat die spelers se hare byvoorbeeld betref, sien Klipoog die vervaardigers glo ook die mite dat alle Grieke, en by implikasie dus ook Griekse Cipriote, net één haarkleur het: raafswart.)

En Ciprus (waar koningin Elizabeth pas met die Gemenebes-byeenkoms so onrojaal opdraande gekry het) is ook nie Sicilië nie. Klipoog wonder of die Grieks-Cipriese gemeenskap in Suid-Afrika nie effens geïrriteerd is met die olierige beeld van onderduimse skelmstreke en suiwer materialistiese winsbejag wat deur *The Big Time* aan Griekse sakemanne gegee word nie.

Maar nou ja, dit word ten minste als baie energiek gedoen.

## Dramatiese Keerpunte

AS JY NOG nie gekyk het nie, kyk gerus 'n slaggie na die Brits-Franse dokumentêre reeks *Keerpunte van die eeu*, met 'n Afrikaanse vertelling deur Marius Weyers (laataand Sondae op TV1). Dis in dieselfde klas, vir Klipoog selfs beter, as *Our Century* so 'n tydjie gelede: 'n herskepping van die 20e-eeuse geskiedenis saamgestel uit ou nuusprente en ander dokumentêre filmmateriaal.

Veral die uitbeelding van die Tweede Wêreldoorlog het Klipoog aangegryp - dis die duidelikste, bondigste en ontstellendste uitbeelding van dié wêreldwye inferno wat Klipoog nog ervaar het. Boeiend was die gebruik van filmmateriaal wat 'n mens nie te dikwels te sien kry nie: afgeneem deur kameramanne uit die Duitse, Russiese en Japanse geledere.

Jy kyk byvoorbeeld op die Amerikaanse vloot in die Stille Oseaan neer deur die luik van 'n Japanse vegvliegtuig wat neerduik, of sien deur Russiese oë in die bloedige beleg van Stalingrad hoe 'n verskrikte hondjie deur die sneeu wegskarrel van die kartetse.


AFRIKAANS STEREO: HOOGTEPUNTE

**Dokumentêr** - Grond vir Lewe: Veldtrust 50 jaar oud
Dinsdag, 2 November, om 7.15 nm
Aanbieder: Francois van Wyk

**Dokumentêr** - Die Sonnevanger
Sondag, 5 September, om 4.30 nm
'n Program oor Vader Claerhout, aangebied deur Diena Smit

**Profiel** - Bert Wessels (Toyota)
Donderdag, 4 November, om 10.15 vm
Aanbieder: André Coetzee

**Radioteater** - Die Verlangende Hart deur Arch Oboler
Dinsdag, 2 November, om 9.15 nm
Regie: Robert Young

# brolloks & bittergal



## Ivy Matsepe-Watsenaam

Partykeer lyk dit vir Bittergal of die Groot Suid-Afrikaanse Wiel reg rondom draai sodat die ou probleme weer verskyn, net met 'n ander kleurtjie.

Bittergal hoor die storie dat Sylvia Vollenhoven, bekwame Kaapse joernalis, by die SAUK se *Agenda* vir werk aansoek gedoen het. Toe hoor Ivy Watsenaam daarvan en sy sê huh-uh, ons neem g'n witmense meer in diens by die SAUK nie. Toe daar aan haar gesê word Sylvia is nie juis wit nie, toe eis sy glo 'n foto as bewys. Sylvia is toe gelukkig swart genoeg en kry toe die joppie.

Affirmative action is een ding, maar ons kan darem maar waaragtig nie alle meriete by die deur uitsmyt nie. Sylvia is 'n voorbeeld: Sy is 'n aanwins vir *Agenda* en sou dit ook gewees het al was sy 'n wit Vollenhoven.

## Gaye Watsenaam ook

Nog so by die wiel wat draai: Gaye Derby-Lewis, vrou van Hani-moordenaar Clive, kla die ander dag in 'n onderhoud steen en been oor hoe "onmenslik" en "wreed" en "afbrekend" eensame aanhouding in polisieselle is.

Verbeel Brolloks hom, of het hy oor die laaste twintig jaar week na week soortgelyke klagtes uit die swart weerstand teen apartheid gehoor?

En nog oor Gaye: die staande ovasie wat sy by die Afrikaner Volksfront gekry het, is seker die mees aanstootlike episode in 'n lang tyd in Suid-Afrika. Wonder hoe die juigendes die volgende oggend gevoel het toe hulle in die kerk gesit het nadat hulle die vorige dag 'n brutale moord by implikasie toegejuig het?

## Spektakel

Die ander lot wat 'n spektakel van hulself gemaak het, was die ANC-leiers wat ná die vonnisoplegging van die twee Hani-moordenaars saam Hang hulle! geskreeu het. Dis nou die party wat al jare lank 'n veldtog teen die doodstraf voer.

Dit laat Bittergal nogal dink aan PW Botha se reaksie minute nadat Hendrik Verwoerd in die parlement vermoor is: hy het op Helen Suzman geskreeu dat sy en haar soort daarvoor verantwoordelik was.

## Helde van die maand

Brolloks wys dié week drie Helde van die Maand aan.

Die eerste is Barbara Fölscher van TV1. Haar *Agenda*-dokumentêr oor die Kaapse swart jeug was briljant, aangrypend en professioneel. Dié vrou ken darem maar haar storie. Dalk moet die Unie van Joernaliste wat nie laasjaar hul jaarlikse Pringle-toekenning vir 'n bydrae tot die joernalistiek toegeken het nie, aan Barbara begin dink.

Die tweede is Naas Botha. Nie dat Brolloks ooit 'n fan van Naas die persoonlikheid was nie, maar sy afskeidswedstryd was 'n gepaste manier om van een van die Heel Grootstes Ooit in rugby afskeid te neem.

Die derde is Jimmy Mould, Transvaalse bestuurder van die koerantgroep Times Media, wat laasweek twee gewapende mans persoonlik aangevat het toe hulle sy motor wou kaap.

## Krater van die maand

En die man wat sy naam dié maand regtig gat gemaak het, is *Vrye Weekblad* se redakteur, wat in die laaste uitgawe geskryf het FW de Klerk kan ná die Umtata-aanval vergeet daarvan om die Nobel-prys vir vrede te kry...

## Sokker se probleem

Gewonder wat is verkeerd met Suid-Afrikaanse sokker? Dalk is dié brokkie uit *Sowetan* 'n aanduiding: "The Dynamos/Welkom Eagles Castle League match did not take place at the Mohlakeng Stadium yesterday because both clubs failed to turn up."

## Moleste by braaivleis

**BRITS - Drie blanke persone is Saterdagaand in die HF Verwoerd Hospitaal met messteke opgeneem nadat 'n hewige geveg na aanleiding van 'n rusie by 'n braaivleis op 'n plot by De Kroon ontstaan het.**

Na bewering het die persone gestry wie se motor die vinnigste ry en die humeure het opgevlam. Een man het twaalf messteke opgedoen, 'n ander man het 'n wond in die maag en is met bottelstukke gesteek en 'n vrou het 'n skietwond in die voet. Drie sake van poging tot moord is geopen. Die Polisie ondersoek die saak verder.

## Ditwerkso

Brolloks het dié week twee gesegdes gehoor wat hy glo nogal op baie mense van toepassing is.

Die een is die advies van 'n ou prostituut: If you start coming with the clients, it's time to move on.

Die ander: We are mere dialing tones in the phone booth of life...

**Ja-nee, dit klink na ons mense. Dié brokkie kom uit 'n Noord-Transvaalse streekkoerant.**

# briewe

BRIEWE KORTER AS 300 WOORDE GENIET VOORKEUR
RIG BRIEWE AAN:
DIE BRIEWEREDAKTEUR, VWB POSBUS 177
NEWTOWN 2113

## Die nuwe paranoia

*Prof Henning Viljoen, (Dept Sielkunde, UNISA,) van Pretoria skryf:*

Na aanleiding van 'n insetsel in die program *Vrouefokus* op Afrikaans Stereo deur 'n opvoedkundige verbonde aan Unisa oor die sogenaamde bedreiging wat die New Age vir die opvoeding inhou, kan ek nie help om te dink dat die Afrikaner 'n siek, bedreigde, paranoïese spesie is nie.

Toe ek 'n kind was, was dit die Rooms-Katolieke Kerk wat die groot bedreiging was. Elke NG predikant het dit sy taak geag om van die preekstoel af te wys op die Roomse Gevaar. In die hooggety van apartheid, toe daar naarstig na nog blanke velle gesoek is, was alle blanke immigrante welkom - solank hulle net nie Katoliek was nie. 'n Mens sou waarlik sweer dat Katolieke nie ook Christene is nie soos baie sogenaamde Afrikaner Christene te kere gegaan het.

Daarna was dit die totale aanslag van die Kommunisme en die Rooi Gevaar, waar 'n kommunis-liberalis agter elke bossie uitgeskop is.

Dit was 'n paranoia en 'n vervolgingswaan wat ons selfs in 'n duur sinnelose grensoorlog gedompel het, om nie eens te praat van al die literatuur wat verbied is nie. Hier was dit ook weer die Afrikaner Christene wat voor in die koor gesing het. 'n Mens wonder soms waar die sogenaamde geloof en vertroue is waarop hulle hulself beroep.

Lo and behold, ná die ondergang van die groot Rooi Russiese monster kan ons Christen Afrikaner se vervolgswaan nie tot ruste kom nie en moet hy 'n ander voorwerp vir sy paranoia soek: die New Age-beweging. En weer, soos met die Katolieke en Kommunisme, is dit 'n saak wat volgens die opvoedkundige van Unisa op 'n baie subtiele wyse deursypel om die "objektiewe Christelike waardes en norme" te ondergrawe en ons moet oppas vir die subjektiwiteit van die groot Holistiese Gevaar. Nie dat ek weet wat so "objektief" aan die Christelike waardes is nie, of wat hierdie waardes meer objektief maak as ander nie! (of het die geleerde dalk bedoel aanvaarbaar en dit sommer gelyk gestel aan objektief?)

Ek het net gedink met die aftrede van ds Jannie Malan en sy soeke na die duiwel op plate wat agteruit gespeel word, sou die spoke-soekery ook 'n bietjie gaan rus. Helaas, die spoke-soekery is "well and alive" en leef voort in die opvoedkunde.

## Cocoon-groete

*Cecil Barnard van Pretoria skryf:*

Terwyl ek die nuutste *Vrye Weekblad* deurlees in plaas van Unisa pleeg, onthou ek iets wat my pa 'n jaar of wat gelede gesê het net nadat Savimbi sy oorlog voortgesit het ten spyte van 'n aanvaarde verkiesingsuitslag.




Jonas Savimbi

Sy woorde was dat Savimbi elke greintjie simpatie wat daar vir hom was, nou verloor het.

Met die walglike flop van die SAW in Umtata kan ek (en lyk my die gewone man op straat ook) dieselfde sê van die ringkoppe agter die besluit - geen greintjie simpatie nie. Mag hulle "golden handshakes" gebruik word vir kompensasie aan die slagoffers se familie. In enige "beskaafde" land sal die mense wat vermoed word om die skuldiges te wees tog eers voor 'n regsbank geplaas word - *à la* Waluz/Derby-Lewis - in plaas van 'n teregstelling.

Dankie vír 'n baie nice leesding elke twee weke.

## Vendetta teen Gatsha




Gerda Bekker

*Gerda Bekker, (media-verteenwoordiger van IVP Parlementslede) van Johannesburg skryf:*

Die verskyning van u tydskrif is deur menige Afrikaners verwelkom as insiggewend, aktueel en reguit en dus geskik vir die tydsgewrig waarin ons lewe.

Daarom is dit te betreur dat u redakteur, Max du Preez, soms bevooroordeelde stellings maak sonder die nodige agtergrondinligting. Ek verwys spesifiek na sy ongevraagde vendetta wat hy in elke uitgawe teen dr Buthelezi voer in 'n doelbewuste poging om 'n leier se beeld af te breek wat hom en Suid-Afrika nog geen leed aangedoen het nie.

Deur die jare was Buthelezi, soos hy (Du Preez) wel toegee, 'n voorste kampvegter teen die apartheidstelsel. Buthelezi was slegs nie te vinde vir die gewapende stryd as middel om dit te bereik nie. Buthelezi was 'n voorstaander van vreedsame onderhandelings met alle Suid-Afrikaners, nie net sommige nie. Hiervoor is hy deur die ANC-leiers in die tagtigerjare as verraaier uitgeskel en is daar stelselmatig begin om die IVP se leiers uit te wis - meer as 350 leiers en duisende volgelinge is reeds deur die ANC tereggestel.

Waarom gee u tydskrif Buthelezi nie krediet vir sy vreedsame metodes vir onderhandelinge nie en word hy deur Du Preez as oorlogsugtig uitgebeeld?

Buthelezi is slegs 'n realis wat Suid-Afrika wys op die gevare indien nie alle Suid-Afrikaners by die onderhandelingsproses betrek word nie.

In 'n artikel oor Angola (*Vrye Weekblad* 14 - 27 Oktober 1993) probeer Du Preez 'n analogie trek tussen die "monster" Jonas Savimbi en Buthelezi. As die analogie is dat Buthelezi ook nie 'n gekookte, geïntimideerde sogenaamde skikking sal aanvaar nie, mag daar waarheid in wees. Du Preez sê self dat die MPLA-regering nie engele is nie en ten spyte van armoede in hul land as die elite in weelde, korrupsie en nepotisme bly voortleef. Is dit so 'n nuwe "demokratiese" Suid-Afrika wat Du Preez voorstaan?

Indien nie, vra ek dat hy nie net sekere partye probeer ter wille wees nie, maar werklik navorsing probeer doen om sodoende 'n feitlike, korrekte beeld van alle groepe in Suid-Afrika te reflekteer. Waarom sy joernalistiek op hoorsê baseer en nie liewer die leier self oor sy "vermoedens" uitvra nie? Sodoende sou hy tot die waarheid kom en met meer konstruktiewe joernalistiek bydra tot die normalisering en nie die afbreking van die Suid-Afrikaanse situasie nie.

*(Vrye Weekblad het al vier breedvoerige onderhoude met Buthelezi gevoer en geplaas. Buthelezi se jongste uitlatings oor 'n R5-weermag, oor afskeiding vir KwaZulu as hulle nie die grondwet aanvaar nie, sy kwalik-verskuilde dreigemente van burgeroorlog en sy belediging van FW de Klerk as synde 'n handperd van die SAKP en ANC maak dit vir my moeilik om die leser se beldeverende siening van die Inkatha-leier te deel. - MdP)*

## Die taalstruggle

*Robert Pearce van Eersterust skryf:*

Baie dankie aan Virginia Keppler, Beverley Mitchell en Martie Meiring vir die puik artikels oor Afrikaans (*Vrye Weekblad* 30 September - 13 Oktober 1993). Julle goeie verslaggewing gee ons meer guts om die Afrikaanse Taalstryd voort te stry. Ek bepleit al vir jare dat ons Moedertaal in al sy variasies - Standaard Afrikaans, Flaaitaal, Kaaps, Alternatiewe Afrikaans, Englikaans, ensomeer - aanvaar moet word.

Dankie vir julle insiggewende tydskrif wat ons altyd iets nuuts leer.

Yours in the Taalstruggle!

*(Brief effens verkort - red.)*

laastesê

# VAN BOERE TOT BOBBIES

**Kolonel Johan Burger, hoof van die Suid-Afrikaanse Polisie se Komponent Onderhandelingsposisionering, vertel aan LOUIS KIRSTEIN waarom en hoe die polisie moet verander**

**Besef die meeste polisiemanne wat nou by die onderhandelingstafel gebeur?**

Daar is dié wat nie tred hou met onderhandelings nie, maar baie besef dat die tyd reg is vir 'n psigologiese sprong van die apartheidparadigma na die nuwe era. Ons versprei 'n onderhandelingsbulletin tot op grondvlak om die lede op hoogte te hou.

**Wat was die invloed van die dood van die Ou Suid-Afrika op die SAP?**


Ek dink baie is verlig oor die dood van die Ou Suid-Afrika. Pres FW de Klerk het aan verteenwoordigers van die polisie gesê hy sal die polisie uit die politieke speelterrein neem. Ons het nie onsself daar geplaas nie. Ons het daar beland omdat ons bepaalde wette moes toepas - 'n bepaalde party se wette. Maar ons moet aanvaar daar was polisiemanne wat veilig en beskermd gevoel het in die stelsel. Nie noodwendig die apartheidstelsel nie, maar die sekerheid van weet wie in beheer is.

**Hoe was dit vir die polisie nadelig om politieke instrument te wees?**

Al die jare is polisiewerk in die plattelandse gemeenskappe informeel bedryf. Die gemeenskap het jou geken en jou gerespekteer. Maar gemeenskappe wat politiek bewus geword het, het ongelukkig begin voel dat die polisie wat in die gemeenskap werk, die apartheidsregime verteenwoordig wat hulle hul regte ontneem het. In baie gevalle het ons, veral blanke lede in swart gemeenskappe, deur ons optrede bygedra tot die vervreemding. Die werklike rede is egter dat ons gesien is as 'n verlengstuk van 'n ongewilde, nie-legitieme apartheidsregering.

**Kan die polisie eerlik met hulself wees en sê dit is wat ons verkeerd gedoen het en ons moet dit nou regmaak?**

Ja, maar die polisie vind dit moeilik om dit wat hy doen om homself te verbeter, van 'n verhoog te verkondig. Ons het al die jare besef dat omdat ons in diens staan van 'n nie-legitieme regering, ons ook so ervaar is. Voordat die regering legitiem is, kan ons nie legitiem wees nie.



**Die polisie was altyd militaristies. Kan dit verander?**

Dit moet verander. Wat die volgende struktuur gaan wees, weet ek nie. Wat soos 'n paal bo water staan, is dat ons militêre karakter sover moontlik móét verdwyn. 'n Polisiemag is altyd 'n burgerlike organisasie. Daarom staan dit in die meeste ander lande onder burgerlike beheer, soos binnelandse sake. In die revolusionêre stryd sou jy ons en die weermag bitter moeilik van mekaar kon skei. Ek het toe al besef dit gaan probleme verskaf vir toekomstige doeltreffende polisiewerk. Sigbare dinge soos rangtekens, wapentuig en die organisasie dra by tot die beeld van militarisme. In Ovambo was ons aanvanklike doktrine dié van 'n gewone polisiemag: soek en neem in hegtenis. Later het ons by die militêre doktrine van soek en vernietig uitgekom. Die oomblik toe ons daar uitgekom het, moes ons besef het ons het heeltemal te ver gegaan. 'n Polisiemag mag nie so ver gaan nie. En dit is nog steeds 'n probleem.

**Hoe sal die struktuur van die polisiemag van die toekoms lyk?**

My mening is dat ons 'n federale struktuur gaan hê wat op drie vlakke georganiseer gaan word: ons sal 'n nasionale polisiemag hê, soos die FBI, wat vir die ondersoek van bepaalde misdrywe verantwoordelik sal wees. Dan sal ons streekmagte hê, elk met sy eie polisiehoof. Die sentrale regering sal geen beheer daaroor hê nie. Ons sal ook plaaslike polisiemagte hê soos die Amerikaanse metropolitaanse polisiemagte. Dit sal meebring dat die gemeenskap weer betrokke kan raak. Ons moet weer teruggaan na die situasie waar die polisieman uit die gemeenskap kom om die gemeenskap te dien. Daarmee saam voorsien ek 'n soort Britse rangstelsel. Dit kan dalk selfs gebeur dat streke se uniforms ook kan verskil.

**Sal die polisie se opleiding moet verander?**

Dit gebeur reeds. 'n Internasionale raad stel ondersoek in na ons opleidingsprogram. Die neiging is om weg te beweeg van 'n militêre benadering. Die grootste persentasie opleiding sal nou aan werklike polisiewerk bestee word.

**Hoe voel die polisie oor die handves van menseregte?**

Daar is enkeles wat ongelukkig is daaroor. Maar die handves bevat niks wat jou sal keer om jou werk te doen nie. Die feit dat jy mense se basiese regte moet erken, was nog altyd die polisie se plig. Al wat nou bykom, is dat die owerheid se reg om bepaalde wette te maak, aan bande gelê word. Die wet dat mense onbepaald aangehou kan word, word gekeer. Daar is nou 'n stelsel van wigte en teenwigte. Ek as polisieman sit nou eintlik terug. Ek pas die wet toe soos hy staan. In vandag se situasie word die regering nie gekritiseer nie, die polisie word gekritiseer. Maar met die nuwe stelsel kan ek sê die wet is nie reg nie. Ek kan sê die wet is teenstrydig met die handves. Daar sal ook minder geleentheid vir polisiemanne wees om hulle aan magsvergryping skuldig maak. 'n Handves van menseregte gaan verhoed dat 'n polisiemag ooit die mag gaan hê wat 'n polisiemag van die verlede gehad het. Ek sal nie graag in 'n Nuwe Suid-Afrika wil bly waar 'n polisiemag dieselfde mag het as wat ek in die verlede gehad het nie.


## GESELS MET INTELLIGENTE LEWE.

MENSE WAT DIE DRUKMEDIA LEES IS VAN NATURE MEER OORDEELKUNDIG EN KIESKEURIG. AS VERBRUIKERS DUS U ADVERTENSIE SIEN EN BESLUIT OM DIT TE LEES, RAAK HULLE BETROKKE EN VERBONDE. HULLE VEREENSELWIG HULLE DAARMEE EN ONTHOU U BOODSKAP, WANT HULLE BESLUIT SELF OM MEER VAN U PRODUK TE WETE TE KOM.

DIT BETEKEN MEER VERBRUIKERS WAT DIT BEPROEF EN MEER WAT LOJAAL BLY.

## WAT DIE OOG KAN SIEN.

PLAAS U VISUELE BOODSKAP IN DRUK EN GEE U VERBRUIKERS DIE HELE PRENTJIE. KOM SO NABY HULLE KAN HARE KLOOF. TREF HULLE TUSSEN DIE OË MET AL DIE AKSIE. BETREK HUL EMOSIES MET DIE BETOWERING VAN 'N PERFEKTE ATMOSFEER. MET DIE KRAG VAN VERBEELDING MAAK DRUK DIE LESER DEEL VAN DIE PRODUK. VERTEL DUS U PRODUKSTORIE IN MINDER AS 'N DUISEND WOORDE.



## REG VIR DIE GROOT LUS.

DAAR'S NIKS SOOS DRUK OM PRODUKTE GOED TE LAAT LYK EN DIE VERBRUIKER SE LUS TE BEPROEF NIE. U HET ALGEHELE BEHEER OOR PRESIES HOE U PRODUCT OP DAARDIE BLADSY LYK EN DIE LESER HET TYD OM ELKE BESONDERHEID, ELKE NAUNSE, IN TE DRINK. VIR 'N KRAGTIGER AANSLAG OP DIE SINNE, GEE NET DRUK U KRAP-EN-RUIK!

## MEER AS NET HOORSÊ.

AS U IN DRUK ADVERTEER, KRY U MEER TYD OM INLIGTINGSOEKENDE VERBRUIKERS VAN U PRODUK TE VERTEL. EN HULLE KAN DIT WEER EN WEER LEES, UITSKEUR VIR LATER, AL U KONTAKBESONDERHEDE HOU, 'N KOEPON INVUL OF DIT AAN VRIENDE EN FAMILIE WYS. U KAN DUS SEKER WEES U PRODUK SE KENMERKE EN VOORDELE BLY STEEK.

# DRUK MAAK GOEIE INDRUK.

GEPUBLISEER DEUR DIE DRUKMEDIABEDRYF OM U TE HELP OM U DEEL VAN VERBRUIKERSBEWUSTHEID TE VERHOOG.

MUNDELS 19442

# Met 'n voorgee is dit net 'n droom om teen Ernie Els te speel.



# Maar vir hom kan dit nou 'n nagmerrie wees.

## Sanlam se Kanker-Uitdaagreeks – Ons eerste nasionale pro-am-gholftoernooi.

Hier is u kans om die voorste beroepsgholfspelers aan te durf!

Klub- en streekwedstryde bepaal wie in die eindstryd gaan meeding wanneer altesame 90 amateurs gratis by San Lameer aan die Natalse suidkus byeenkom. Hier sal hulle die beroepspelers op 'n pragtige baan die stryd aansê.

Die enigste vereistes is dat u 'n manlike amateurspeler met 'n voorgee van tussen 0 en 24 en lid van 'n gholfklub moet wees – waar u ook volle besonderhede kan kry.

Skryf u vandag nog in – en slaan saam met die kampioene 'n dryfhou teen kanker.

San Lameer

KANKER
KANKER KAN OORKOM WORD

Sanlam

Aangebied saam met die klub Lions International, onder beskerming van die PGA en met die steun van die Suid-Afrikaanse Gholf-federasie. (Reël 1 - 8 Behalwe 7 SAGF/2/93)

LINTAS CAPE 301648/A